

DIE SIELKUNDIGE AANPASSING

VAN DRIE GROEPE BANTOES

VOLGENS DIE RORSCHACH TOETS

deur

Pieter Hendrik du Preez

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE IN SIELKUNDE

(Ph.D.)

In die Fakulteit

KUNS

· Rhodes Universiteit,

GRAHAMSTAD.

Desember 1969.

INHOUDSOPGAWEBladsy

VOORWOORD	v
DEEL EEN: INLEIDING	1
HOOFSTUK I. DIE BANTOE	2
A. Ekologie	2
B. Fisiese Voorkoms	2
C. Kontak met Blankes	3
D. Die Monstergroep	3
E. Beperkende Faktore	4
HOOFSTUK II. DOEL VAN DIE ONDERSOEK	7
A. Hipotese	7
B. Die Begrip „Aanpassing“	9
HOOFSTUK III. MATERIAAL	13
A. Die Proefpersone	13
B. Die Toets	17
1. Die Rasionale	17
a. Die Invloed van Projektiewe Tegnieke op Sielkunde	17
b. Die proses van Waarneming en Persoon- likheidsdinomika	21
c. Toepasbaarheid van die Rorschachtoets op die Bantoe	33
DEEL TWEE: METODE	37
HOOFSTUK IV. FASES VAN ONTLEDING	38
HOOFSTUK V. DIE OPSET VAN PRIMÊRE AANPASSING, VERDEDIGING EN FINALE AANPASSING	41
HOOFSTUK VI. PRIMÊRE AANPASSING OF INSTELLING	43
A. Beskrywing van Innerlike, Uiterlike en Totale Primêre Aanpassing en die Eienskappe daarby Betrokke	43
1. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Innerlike Aanpassing	43
a. Emosionele Wasdom	43
b. Angs	44
c. Introspektiewe Neigings	45
2. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Uiterlike Aanpassing	45
a. Emosionele Beheer of Uiterlike Kontrole	46
b. Depressiewe Neigings	47
c. Affeksionele Integrasie of Inhibisie	47

B.	Norms vir die Bepaling van die Persoonlikheidseienskappe betrokke by Primêre Aanpassing deur middel van Determinanteontledings (Kwantitatiewe Berekening)	49
1.	Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Innerlike Aanpassing	49
a.	Emosionele Wasdom	49
b.	Angs	50
c.	Introspektiewe Neigings	51
2.	Persoonlikheidseienskappe wat in Verband staan met Uiterlike Aanpassing	51
a.	Emosionele Beheer of Uiterlike Kontrole	51
b.	Depressiewe Neigings	52
c.	Affeksionele Integrasie of Inhibisie	53
C.	Norms vir die Bepaling van die Persoonlikheidseienskappe betrokke by Primêre Aanpassing; deur middel van Inhouds-analise (Kwalitatiewe Berekening)	54
1.	Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Innerlike Aanpassing	54
a.	Emosionele Wasdom	54
b.	Angs	55
c.	Introspektiewe Neigings	56
2.	Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Uiterlike Aanpassing	57
a.	Emosionele Beheer of Uiterlike Kontrole	57
b.	Depressiewe Neigings	58
c.	Affeksionele Integrasie of Inhibisie	59
D.	Metode vir die Bepaling van Totale Primêre Aanpassing of Instelling	61
HOOFSTUK VII. VERDEDIGING		67
A.	Beskrywing van Verdediging en die Persoonlikheidseienskappe daarby Betrokke	67
1.	Geestesmeganismes en Formele Gedagteversteurings	67
2.	Spesifieke Geartikuleerde Vorm	69
3.	Akkurate Vorm	70
4.	Integrasie van Stimulus, Telling, Beeld en Houding	70
5.	Tematiese Beheersing en Balans	71
6.	Emosionele Houding	71
B.	Norms vir die Bepaling van die Persoonlikheidseienskappe Betrokke by Verdediging	72
1.	Geestesmeganismes en Formele Gedagteversteurings	72
2.	Spesifieke Geartikuleerde Vorm	72
3.	Akkurate Vorm	73
4.	Integrasie van Stimulus, Telling Beeld en Houding	74
5.	Tematiese Beheersing en Balans	74
6.	Emosionele Houding	77
C.	Metode vir die Bepaling van Totale Verdediging	78

HOOFSTUK VIII. SINTESE: PRIMÊRE AANPASSING EN VERDEDIGING	82
HOOFSTUK IX. STATISTIESE VERWERKING	84
DEEL DRIE: RESULTATE	89
HOOFSTUK X. RESULTATE VAN PRIMÊRE AANPASSINGS OF INSTELLING	90
A. Gegewens van Persoonlikheidseienskappe Betrokke by Primêre Aanpassing	90
B. Totale Primêre Aanpassing (groepe A, B en C)	97
HOOFSTUK XI. RESULTATE VAN VERDEDIGING	98
A. Gegewens van Persoonlikheidseienskappe Betrokke by Verdediging .	99
B. Totale Verdediging (Groepe A, B en C)	99
HOOFSTUK XII. RESULTATE VAN TOTALE UITEINDELIKE OF FINALE AANPASSING	102
HOOFSTUK XIII. STATISTIESE RESULTATE	105
A. Data	105
B. Uiteensetting van Gegewens en Statistiese Resultate	107
HOOFSTUK XIV. BESPREKING	111
HOOFSTUK XV. GEVOLGTREKKING	124
HOOFSTUK XVI. OPSOMMING	128
BYLAE	130
BYLAAG A VOORBEELD VAN TOETSONTLEDING	131
BYLAAG B OORSPRONKLIKE PROTOKOLLE	143
BYLAAG C OPSOMMENDE TEMATIESE KLASSIFIKASIE	231
BYLAAG D RESULTATE VAN PRIMÊRE AANPASSING	311
BYLAAG E RESULTATE VAN VERDEDIGING	350
LITERATUUR	366

VOORWOORD

Die huidige belangrike rol wat die Bantoe van Afrika in internasionale sake speel, is welbekend. So ook die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse Bantoe.

Hierdie belangrikheid van die Bantoe het egter verbasend skielik en vinnig gekom, so vinnig dat wetenskaplike kennis van hom as mens, nie kon tred hou nie, met die gevolg dat die beskaafde wêreld hom swak ken.

Die doel van hierdie proefskrif is dan ook om meer lig te probeer werp op die persoonlikheid van die Bantoe en die invloed wat die snel veranderende omstandighede op hom uitoefen.

Ten einde die maksimum waarde uit die Rorschach toets wat aangewend is, te verkry, is dit nodig om beide die determinante berekenings sowel as die inhoudsanalise in berekening te bring. Vir navorsingsdoeleindes waar die resultate van verskeie proefpersone saamgevoeg word in verskillende groepe, is dit egter 'n moeilike taak om die gegewens kwantitatief hanteerbaar te kry. Dit is die rede waarom in hierdie studie van ordeskale gebruik gemaak is wat vir die doel heel doeltreffend blyk te gewees het.

Met die versameling van gegewens en die opstel van die proefskrif was sekere persone se hulp en bystand onontbeerlik en hierdie hulp word hoog waardeer. In die verband kan die name genoem word van dr. en mev. P.P.A. Kamfer, Dingaanstad; dr. A.G. Kellerman, Wellington se Opleidingskollege; dr. E.C. Steenkamp, Bambisana, Lusikisiki; mnr. J.C. van den Berg, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, en talle werkgewers en boere wat baie tyd afgestaan het en hulleself veel moeite getroos het om te help.

By name wil ek Prof. dr. H.J. Venter, dept. Wiskundige Statistiek aan die Universiteit van Potchefstroom hartlik bedank vir sy intensiewe hulp m.b.t. die statistiese metodes en berekenings, asook vir die programering van die gegewens vir die rekenmasjien, en die gebruik van die Rekenoutomaat.

My dank ook aan genoemde Universiteit vir die gebruik van hulle Rekenoutomaat.

En nou die baie aangename taak om 'n spesiale woord van waardering te rig aan my promotor, prof. dr. D.Z. de Villiers van Rhodes-Universiteit. Dit is voorwaar nie dikwels dat 'n student die voorreg beleef om te promoveer onder 'n promotor wat 'n outoriteit is op die spesifieke gespesialiseerde rigting waaroor die betrokke proefskrif handel nie. Dit was my voorreg. Ook was dit my voorreg om te kon aanskou hoe my promotor met 'n oogopslag 'n verkeerde rigting of 'n probleemsituasie in die proefskrif kon waarneem en dit dan onmiddellik in 'n rigting stuur wat vir die skrywer oneindig moelte en hoofbrekens sou spaar. Verder is ook van direkte bydrae deur prof. De Villiers gebruikgemaak in die proefskrif. My hartlike dank vir al hierdie hulp en opoffering, en vir die aangenaamste gesindheid wat moontlik van 'n promotor se kant kan uitgaan. Dit was 'n plesier om onder hom te werk.

Laastens 'n woord van dank aan my familie en spesifiek aan my vrou vir baie ongerief verduur en bystand verleen met hierdie proefskrif. Haar positiewe aanmoediging was onontbeerlik.

P.H. DU PREEZ,
Manana,
LICHTENBURG.

DEEL EEN

INLEIDING

- HOOFSTUK I Die Bantoe
HOOFSTUK II Doel van die Onderzoek
HOOFSTUK III Materiaal

HOOFSTUK 1DIE BANTOEA. EKOLOGIE

„Ten suide van 'n denkbeeldige lyn wat strek vanaf die bog van die Wes-Afrikaanse kus ten suide van Nigerië, ooswaarts deur Frans-Ekwatoriaal-Afrika tot by die Albertmeer, met 'n suid-waartse swaai tot by die onderpunt van die Victoriameer en vandaar kronkelend ooswaarts deur Tanganjika tot by die monding van die Tanarivier aan die ooskus van Afrika, woon, met uitsluiting van 'n paar stamme, die hele Bantoebevolkingsgroep wat sowat 80,000,000 ^{x1} tel, 200 verwante tale en dialekte besig en in 'n groot aantal stameenhede georganiseer is.

Die naam 'Bantoe' wat algemeen gebruik word om hierdie bevolkingsgroep van Afrika aan te dui, het sy ontstaan as groepsnaam vir hierdie besondere bevolkingsgroep daarin gevind dat in al die tale van hierdie groep, in verskeie wisselvorme 'n nomen voorkom (onder andere abantu, bathe, ovandu, anthu. ens) wat 'mense' beteken.

Die opvatting bestaan dat die Bantoe fisies die produk van vermenging is tussen die Negers van Afrika en Hamitiese intrekkers uit die noordooste. Op kulturele gebied is die spore van hierdie vermenging ook naspeurbaar". *2

B. FISIESE VOORKOMS

„Die fisiese voorkoms van die Bantoe wat hom in Suidelike Afrika en in Suid-Afrika gevestig het, word gekenmerk deur 'n donkerkleurige vel, donker, goedgevormde oë, kort, swart kroeshare, breë neusvleuels en betreklike yol lippe waarvan die membraandele na buite neig; hulle liggame is gespierd en van middelmatige hoogte, die gesig prognaties en die voorkop prominent. Hierdie liggaamlike kenmerke geld in die algemeen, maar variasies kom dikwels voor; die velkleur kan byvoorbeeld van betreklik lig tot donker wees. Die

x1 Korreksie op Tomlinson.

x2 Tomlinsonverslag (1955) p.1

variasies is volgens deskundige mening toe te skryf aan die vermenging van Neger-, Boesman- en Hamitiese elemente wat saamgesmelt het tot die nuwe fisiese entiteit, die Bantoe." * 1

C1. KONTAK MET BLANKES

„Die eerste permanente aanraking tussen Blankes en die Nie-Blanke bevolking van die suidelike deel van Afrika het begin met die landing van Jan van Riebeeck aan die Kaap op 6 April 1652. Aanvanklik het die Blankes slegs met die Hottentotte te doen gekry, maar namate die Blankes noordwaarts beweeg het in jagekspedisies en as trekkers, het nouer aanraking met die Bantoebevolkings gevolg, hetsy vriendskaplik of vyandig; gedurende die vroeë stadiums van aanraking was dit meesal vyandig.

„Dit word gestel dat 'Op die voorpunt van trekbewegings van Blankes het jagekspedisies waarskynlik in 1730 reeds in aanraking gekom met die Suidelike Xhosa. In 1736 is 'n jagekspedisie van elf Blankes, onder leiding van Hermanus Hubner, sonder aanleiding anderkant die Visrivier aangeval'". *2

Dit kan aangeneem word dat Westerse Blanke invloede sedert hierdie tyd op die Nie-blanke bevolking van Suidelike Afrika begin inwerk het. Die Blankes en Nie-blanke bevolkings van Suid-Afrika het aldus saam gegroei in die land suid van die Limpopo totdat, volgens die 1960-se sensus, die blanke bevolking op 3,088,492 te staan gekom het en die Bantoebevolking op 10,927,922.

„Die 10,927,922 Suid-Afrikaanse Bantoes word hoofsaaklik as gevolg van taalkundige oorwegings, hoewel gesteun deur algemene kulturele kenmerke, gegroepeer in vier hoofafdelings, naamlik die Ngunigroep, die Sothogroep, die Vendagroep en die Shangana-Tsongagroep." *3

D1. DIE MONSTERGROEP VIR HIERDIE STUDIE

„Die Nguni tel meer as 6,000,000, of 59.6 persent, van die Bantoebevolking van die Republiek, wat onder andere die Xhosa en verwante stamme van

*1 Op.cit. p.2

*2 Ibid. p.4

*3 " p.1.

Oos-Kaapland insluit en wat ongeveer 25.5 persent van die Suid-Afrikaanse Bantoebevolking behels. Die proefpersone vir hierdie verhandeling is dan uitsluitlik gekies uit die bogenoemde Xhosagroep, om sover moontlik, eenvormigheid te verkry wat ras- en stam eienskappe betref.

E. BEPERKENDE FAKTORE

Met die toepassing van die Rorschachtoets op die Bantoe vir die doel van hierdie ondersoek, kan verskeie faktore 'n rol speel wat die eindresultate tot mindere of meerdere mate mag beïnvloed, en as sulks in gedagte gehou moet word.

1. Die Toets

a. Kommunikasie

Vir die afneem van die toets is by groepe B en C van 'n tolk gebruik gemaak, terwyl groep A hulle response in Engels gegee het. Hierdie prosedure hou gevare in wat egter tot die minimum beperk kan word: "(The use of an interpreter) has its dangers, but these can be avoided if one makes certain that the interpreter is fully aware of what is being undertaken, and if the investigator knows enough of the language to keep a check on the interpreter.." x1

By die afneem van die toetse is noukeurige instruksies aan die tolk gegee sodat hy bewus was van die noodsaaklikheid om die response woordeliks weer te gee en gladnie sy eie interpretasie te gee nie. Verder kon die toetsafnemer tot 'n geringe mate volg wat gepraat word en kon goeie rapport verkry word met die proefpersone. Dit is nogtans moontlik dat sekere subtieler betekenis en simboliek vervat in 'n taal se spesifieke woordgebruik en sinsbou verlore mag gaan of foutief oorgedra mag word deur die gebruik van 'n tolk.

Op dieselfde wyse is dit moontlik dat die groep wat hulle response direk in Engels gegee het, hulleself nie doeltreffend kon uitdruk nie, of miskien foutief sou uitdruk. Op die keper beskou is al drie groepe se response dus vertaalde response. Waar die vertaling deur middel van 'n tussenganger geskied het, is die moontlikheid van misverstand egter groter as waar die proefpersoon self sy respons in 'n vreemde taal gee.

Bostaande feite moet in ag geneem word, maar by die globale beskouing van die toetse is dit te betwyfel of dit die eindresultate betekenisvol sou beïnvloed.

x1 Sherman & Munroe (1960) p. 193.

b. Die Toetsituasie

Toetsituasies is eie aan die Westerse leerwyse en die meeste Blankes is daaraan gewoond. Vir die ongeletterde Bantoe is dit egter vreemd. Groep A was gewoond aan toetsituasies terwyl groepe B en C baie onbekend daarmee was. Die bemiddeling van die tolk wat self 'n Bantoe was, het egter daartoe bygedra om sekere nadele van die onbekende situasie by laasgenoemde groepe teen te werk, bv. om spanning te verminder en die toetslinge meer op hulle gemak te stel en spontaan te laat reageer. Die meeste proefpersone het die situasie dan ook blykbaar geniet en was geïnteresseer in die gebeure. Nógans kan dit nie betwyfel word dat die vreemde situasie wel sy merk sou laat op die uiteindelijke resultate nie, tot welke mate nie maklik bepaalbaar is nie.

c. Simboliek

Die simboliese betekenis wat aan sekere response en begrippe geheg word is by die Xhosa totaal anders as by die Blanke, sodat die interpretasie van die response gedoen moet word in die lig van die Xhosa se eie simboliek, agtergrond en gelowe. Daar is getrag om hierdie struikelblok te oorkom deur volkekundiges te raadpleeg oor die inhoud van die response, deur naslaanwerke te raadpleeg, deur kenners van die Xhosa te raadpleeg en deur by die Xhosa self navraag te doen.

2. Die Situasie

a. Verteenwoordigende Monsters

Groep A is geneem uit studente van Fort Hare. Dit was 'n verteenwoordigende monster van Xhosa studente aan die Kollege, maar sover dit die Xhosa stam as geheel betref, is hierdie groep 'n hoogs gesellekteerde groep uit die Xhosa. Selleksie het plaasgevind as gevolg van

i. Intellektuele Vermoëns

Slegs die begaafste leerlinge uit die Bantoe bring dit so ver as matriek of verder.

ii. Lewensmiddele

Om selfs so ver as matriek te leer stel finansiële eise wat 'n groot las vir die gewone Bantoe meebring weens benodigdhede soos klerasie, boeke ens. wat aangekoop moet word. Dieselfde oorweging bring mee dat universiteitsbywoning vir die meeste bykans onbereikbaar is.

Dit blyk dus dat die resultate verkry van groep A nie kan geld as die uitwerking wat sekere aspekte van die beskawing op 'n verteenwoordigende

monster van die Xhosa uitoefen nie, maar wel as die uitwerking wat sekere aspekte van die beskawing op 'n sekere gesellekteerde gedeelte van die Xhosa uitoefen. Groepe B en C daarteen kan as redelik verteenwoordigend van die Xhosastam beskou word.

b. Die Geaardheid van die groepe

Die geaardheid van die drie groepe dui daarop dat dit in hierdie tesis nie moontlik is om drie verskillende grade van kultuurinvloed te ondersoek nie, byvoorbeeld om die drie groepe te klassifiseer as die ontwikkelde groep wat die meeste beïnvloed is deur die Blanke kultuur, die werkers wat minder beïnvloed is en die stambantoe wat die minste beïnvloed is nie. So 'n indeling is moeilik om te maak omdat dit uiters moeilik is om te onderskei tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe kultuurinvloede of tussen temporale, spatiale of intellektuele invloede, byvoorbeeld, welke faktore is teweeggebring as gevolg van lengte van die tydperk van aanraking, welke as gevolg van die intiemheid van aanraking, en welke faktore is teweeggebring as gevolg van ander eienskappe van die kultuur en aanraking. Sover moontlik sal egter gepoog word om dergelike faktore in ag te neem en te bestudeer.

Elke groep sal egter beskou moet word as 'n afsonderlike groep op wie sekere bepaalde invloede en omstandighede van toepassing is, met ander woorde, elke groep moet teen sy eie agtergrond gesien word en die afleidings in dié lig gemaak word.

HOOFSTUK II

DOEL VAN DIE ONDERSOEK

In hierdie tesis word 'n poging aangewend om vas te stel welke invloed die Westerse aanraking op die persoonlikheid van die Bantoe uitoefen, en in welke mate die Bantoe deur hierdie invloede geraak en verander word. Veral word klem gelê op die persoonlikheidsaanpassing van die Bantoe en hoe dit deur die Westerse invloed geraak word.

Om hierdie ondersoek te doen, is gebruik gemaak van die Rorschachpersoonlikheidstoets. As proefpersone is drie groepe mans gekies uit die Xhosastam, wat om en in die Transkei woonagtig, en daarvandaan afkomstig is. Hierdie drie groepe word breedvoeriger bespreek onder "Proefpersone".

Kortliks kan egter genoem word dat die eerste groep bestaan uit Bantoes wat almal matriek geslaag het, of verder studeer het. Die tweede groep bestaan uit werkers wat by boere op plase en in dorpe werk, en die derde groep uit stam-Bantoes wie se aanraking met die blanke beskawing tot 'n minimum beperk was. In die studie word veronderstel dat die drie groepe Bantoes onderhewig was aan verskillende kultuurinvloede wat voortspruit uit hulle onderskeie aanraking met die Westerlinge.

'n Intensiewe sielkundige ondersoek deur middel van die Rorschach-toets behoort aan die lig te bring of enige persoonlikheidsverskille voortvloei uit die inwerking van die verskillende kultuurinvloede.

A. HIPOTESE

Waar die lede van twee verskillende kulture soos die Blankes van Suid-Afrika met hulle Westerse kultuur en die Bantoes met hulle primitiewe stamkultuur in voortdurende noue aanraking met mekaar kom, is dit te wagte dat wedersydse invloede op mekaar sal inwerk, op verskillende terreine, ook op die sielkundige terrein.

Hierdie ondersoek is dan ook gedoen met die doel om die uitwerking van die Westerse kultuur op twee aparte groepe te probeer vastel, terwyl hulle resultate vergelyk word met 'n derde groep wat die minste met Blankes in aanraking was. Na aanleiding hiervan word die volgende hipotese geformuleer:

1. Die Rorschachtoets word gebruik en daar word getrag om deur middel van dié toets die persoonlikheid en aanpassing van die drie toetsgroepe vas te stel. Die verwagting is dat die verskille in persoonlikheid en aanpassing tussen die drie groepe dus ook deur die Rorschach aangedui kan word.

2. Met die verdeling van Totale aanpassing in Primêre Aanpassing en Verdediging, is die verwagting dat laasgenoemde twee kategorië betekenisvol beter sal vertoon by groepe A en B as by groep C as gevolg van die Westerse invloed.
3. Indien geen betekenisvolle verskille voorkom in Totale Aanpassing, of Primêre Aanpassing, of Verdediging nie, sal daar wel duidelike verskille voorkom in die resultate van die afsonderlike eienskappe waaruit Primêre Aanpassing en Verdediging bestaan, en wel van so 'n aard dat dit sal dui op gunstige uitwerking van beskawingsinvloede op die onderskeie groepe.
4. Dit kan verwag word dat tussen groepe A en B se resultate ook verskille te bespeur sal wees aangesien die invloede wat op groep A ingewerk het, verskil van die invloede wat op groep B ingewerk het, en aangesien die monsters van die twee groepe verskil.

a. Stadium van kontak

Daar kan verwag word dat die lewensstadium waarin die kontak plaasgevind het by die praefpersone en wat verskillend is vir groepe A en B, 'n verskil in resultate sal toon in die sin dat hoe vroeër in die lewe die aanraking begin en volgehou is, hoe duideliker sal die resultate van die aanraking waargeneem kan word. Dit impliseer dat groep B beter aangepas sal wees as groep A en dat groep C die swakste aangepas sal wees.

b. Lengte van kontak

Nou ineengewef met bostaande is die lengte van die tydperk waarin aanraking plaasgevind het. Dit kan verwag word dat hoe langer die kontak plaasgevind het, hoe duideliker sal die invloed van die aanraking uit die resultate blyk. Hiervolgens sal groep B ook weer beter aangepas wees as groep A en groep A beter aangepas wees as groep C.

c. Intensiteit van aanraking

Indien dit moontlik is om tussen die drie groepe te onderskei met betrekking tot die intensiteit van aanraking, behoort die resultate ook hier te toon dat Blanke invloed sterker ten goede was met groter intensiteit van aanraking.

d. Kwaliteit van aanraking

Die kwaliteit van aanraking met die Westerse kultuur verskil duidelik tussen groepe A en B in dié sin dat groep A hoofsaaklik in indirekte aanraking met die Westerse kultuur gekom het in die vorm van akademiese invloed met kennis en geleerdheid, terwyl groep B meer direk met die Blanke in noue kontak was in die hoedanigheid as werknemers. Die verwagting is dat die direkte kontak se resultate duidelik sal verskil van die indirekte kontak.

Daar kan ook verwag word dat al vier die bogenoemde faktore a, b, c en d verskillende resultate op verskillende aspekte van die persoonlikheid sal toon. Slegs 'n intensiewe ontleding van die resultate sal egter aandui op welke wyse die verwagte persoonlikheidsveranderinge plaasvind.

B. DIE BEGRIP „AANPASSING”

Saam met die doelstelling van hierdie studie, naamlik om die aanpassing van drie groepe Bantoes deur middel van Rorschach-toets te bepaal, kom die normatiewe probleem van aanpassing prominent op die voorgrond. Verskeie norme bestaan, waarvan drie vir hierdie ondersoek in oorweging geneem word.

1. Die Norm van Heersende Groepsgedrag:

Menslike gedrag omvat 'n wye veld van veranderlikhede met 'n ooreenstemmende wye reeks van „normale” gedragsvorms in verskillende kulture, afhange van die oriëntasie van die waarnemer. Gesien uit die oogpunt van die kulturele groep, word die algemeenste gedrag as „normaal” beskou en enige sonderlinge gedrag as „abnormaal”.^{x1}

Gesien in die lig dat groot verskille voorkom tussen verskillende kulture, volg dit logies dat gedrag wat in een kultuur algemeen voor-

x1 O'Kelly, L.I. & Muckler, F.A. (1955) p. 20.

kom, en daar as „normaal“ of „goed aangepas“ beskou word, maar in 'n ander kultuur selde voorkom en as sonderling beskou word, daar dan as „abnormaal“ of as „swak aangepas“, bestempel sal word.

Hier kan dus alreeds 'n norm vir aanpassing vasgestel word, naamlik die norm van heersende groepsgedrag.

Die algemeenste gedrag in enige sosiale groep is egter nie noodwendig die voordeligste nie, beide uit die oogpunt van die groep se biologiese behoeftes, of sy onmiddellike sosiale belange. ^{x1} Wat heersend is, is nie noodwendig optimaal nie. ^{x2}

2. Die Statistiese Norm van „Sentrale Neiging“:

Die onderskeid kan egter gemaak word tussen, eerstens gedrag in 'n groep en die aanvaarding van die gedrag deur die groep, wat dus neerkom op groepshouding (attitude) teenoor die gedrag, en tweedens eienskappe van 'n groep wat selfs nie waarneembaar mag wees nie en dus geen verband met die groepsbeskouing het nie. In laasgenoemde geval kan die statistiese norm van aanpassing gebruik word.

In algemene statistiese terme word die norm gewoonlik geneem as die „sentrale neiging“ in enige samestelling van individue wat verskil met betrekking tot enige meetbare eienskap. ^{x3}

3. Die norm van Suksesvolle Voortbestaan:

„Die neiging tot voortbestaan, met sy besondere en soms spesifieke vereistes, word „aanpassing“ genoem.

Suksesvolle aanpassing beteken gewoonlik geordende gedrag, terwyl swak aanpassing verwarde gedrag beteken. ^{x4}

x1 O'Kelly, L.I. & Muckler, F.A. (1955) p. 20

x2 McLaughlin J.T. (1950) p.22

x3 Pennington, L.A. & Berg, I.A. (1948) p. 59

x4 O'Kelly & Muckler, Op.cit. p. 25

Hierdie laaste definisie slaan direk op die sielkundige gesteldheid van die individu - geordende gedrag teenoor verwarde gedrag, met ander woorde, die doeltreffendheid van ego-funksionering en die beheer oor id- funksies sowel as die regulering van id- superego- en omgewingsverhoudings. ^{x1}

Die ordening van gedrag, al dan nie, kan kwalik met kulturele faktore verwar word, omdat dit direk betrekking het op die doeltreffende voortbestaan van die individu.

Hierbenewens word die term „spanning” aanvullend tot bogenoemde geordende of verwarde gedrag in 'n breë sin gebruik om die wye variasie van omstandighede aan te dui wat aanpassing bemoeilik. Enige faktor wat fisiese, fisiologiese of sielkundige ewewig versteur, kan as spannend beskou word. ^{x2}

Van groot belang is die tipe spanning wat so sterk is dat die organisme se normale response nie voldoende is vir die vereistes wat daaraan gestel word nie. In sulke gevalle neig gedrag om te degenerer en verward te raak. ^{x3} Aanpassing stort dus ineen. As die spanning nie die verdraagsaamheidsgrens te ver oorskry nie, mag die organisme gewoon raak aan die veranderde omstandighede en sodoende sy verdraagsaamheidsgrens uitbrei. Aanpassing word dus gehandhaaf.

Die konsep van „aanpassing” sluit in alle lewensverskynsels. Enige manifestasie van lewe is tot 'n sekere mate aanpassend. Dit verskaf 'n basis vir die evaluering van alle soorte gedrag op 'n objektiewe wyse vry van etiese en morele vooroordeel. ^{x4}

x1 Freud, S. (1935) H.1

x2 O'Kelly & Muckler, Op.cit. p. 27.

x3 Ibid. p. 28

x4 Ibid. p.31

Die laasgenoemde uiteensetting van aanpassing word in hierdie studie gebruik en verskaf aan die Rorschach-toets 'n norm in eie reg waarteen verdere uitbouing en verfyning van spesifieke kriteria kan geskied om te voldoen aan elke spesifieke vereiste wat mag ontstaan.

HOOFSTUK IIIMATERIAAL:A. DIE PROEFPERSONE1. Die Drie Groepe:

Die proefpersone bestaan uit die volgende groepe:

a) 'n Hoogs ontwikkelde groep Bantoes van vyf en twintig persone van wie almal ten minste matriek geslaag het. Trouens, almal in hierdie groep was ten tye van toetsing studente aan die Universiteitskollege Fort Hare te Alice, K.P. Die veronderstelling is dat hierdie groep gedurende die tyd van hulle skool- en naskoolse opleiding wat vir elkeen ten minste twaalf jaar lank moes gewees het, redelik sterk onderhewig was aan intellektuele invloede, die spore waarvan moontlik in hulle persoonlikhede gevind kan word.

b) 'n Groep van vyf-en-twintig Bantoes was as gewone werkers by Blankes in diens was. Sommige van hulle kon lees en/of skryf, maar nie een het so ver as standaard een geleer nie.

Hier is 'n groep wat as werknemers feitlik hul hele lewe met Blankes in aanraking was, die meeste woonagtig op plase of in lokasies. Westerse invloede op hierdie groep het geleidelik ingewerk, by meeste van hulle meer as een geslag lank.

c) 'n Groep van vyf-en-twintig Bantoes wat nog direk ingeskakel was by die stamlewe van die Transkei. Hierdie Bantoes was woonagtig in 'n gebied wat uitsluitlik deur nie-blankes beheer en bewoon word met die tipiese stamlewe en gewoontes as agtergrond. Hulle kan beskou word as die baarste en onontwikkeldeste (volgens blanke norme) van al drie groepe. 'n Voorwaarde om in hierdie groep geplaas te word, was dat die betrokke proefpersoon nog net binne die grense van die Transkei moes beweeg het. Die veronderstelling is dat hierdie groep die minste invloed van die Westerse leefwyse ondervind het. Almal wat in hierdie groep gebruik is, het nog die tipiese stamdrag

van die Xhosa gedra, te wete 'n rooi of blou kombes met geen Westerse kledingstukke daarby nie. Hulle word dan ook die „Xhabas“ of „bares“ genoem.

Waar vervolgens na die drie groepe verwys word, sal die volgende afkortings gebruik word:

Groep A: die hoogs ontwikkelde groep.

Groep B: die werkersgroep.

Groep C: die stam Bantoes.

2. Ouderdom:

Behalwe groep A, kon die meeste toetslinge, dit wil sê, dié in groepe B en C, nie sê hoe oud hulle is nie en moes die ouderdomme geskat word. In hierdie taak is die toetsafnemer bygestaan deur persone wat goed bekend is met die Xhosa. By groep B het die betrokke boer of werkgewer gehelp met die skatting van die toetslinge se ouderdomme, terwyl die toetsafnemer by groep C bygestaan is deur 'n sendeling van die Transkei, asook die tolk wat 'n evangelis was. Aangesien die meeste van die toetslinge se ouderdomme geskat moes word, kan hierdie aspek van die ondersoek dus nie as volkome betroubaar beskou word nie. Nietemin is die resultate soos volg: (Berekening van gemiddeld en standaardafwyking volgens Arkin & Colton. ^{×1}

Groep A:

Proefpersoon:	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
Ouderdom:	30	24	19	23	24	20	22	22	23	23	23	21	21	23	21
Proefpersoon:	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25					
Ouderdom:	29	28	22	21	28	20	19	18	18	19					

×1 Arkin, H. & Colton, R.R. (1953)pp. 33-34

Frekwensie-distribusie:

Ouderdom:	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
	x	x	x	x	x	x	x				x	x	x
	x	x	x	x	x	x	x				x		
		x		x	x	x							
				x		x							
						x							
							x						

Gemiddeld van groep A: 22.5 jaar.

Standaard-afwyking: 3.21

Groep B:

Proefpersoon:	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
Ouderdom:	30	26	24	25	23	19	27	19	25	25	23	29	28	22	24
Proefpersoon:	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25					
Ouderdom:	25	20	24	26	18	24	18	22	21	23					

Frekwensie-distribusie:

Ouderdom:	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x	x
	x	x			x	x	x	x	x	x			
						x	x	x					
							x						

Gemiddeld van groep B: 23.6 jaar

Standaard-afwyking: 3.24

Groep C:

Proefpersoon:	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15
Ouderdom:	25	30	20	18	21	21	22	22	23	20	25	22	19	24	22
Proefpersoon:	16	17	18	19	20	21	22	23	24	25					
Ouderdom:	25	27	28	19	27	20	25	19	30	18					

Frekwensie-distribusie:

Ouderdom:	18	19	20	21	22	23	24	25	26	27	28	29	30
	x	x	x	x	x	x	x	x		x	x		x
	x	x	x	x	x			x		x			x
		x	x		x			x					
				x				x					

Gemiddeld van groep C: 22.9 jaar

Standaard-afwyking: 3.26

Aanvanklik het die toetsafnemer hom ten doel gestel om Bantoes te toets tussen die ouderdomme van 18 en 30 jaar. Die rede waarom die gemiddelde ouderdom by groep A redelik laag is, is voor-die-handliggend, naamlik dat al die proefpersone studente was. Die rede waarom die gemiddelde ouderdom by groepe B en C redelik laag is, kan moontlik wees dat die jonger Bantoes avontuurlustiger is as die oues en hulleself dus makliker aanbied om getoets te word.

Bogenoemde twee redes was blykbaar daarvoor verantwoordelik dat die gemiddelde ouderdomme en die verspreiding per slot van sake nie ver verskil het nie.

Al die proefpersone in die bogenoemde drie groepe is manlike lede van die Xhosa-stam.

Behalwe die werkers (groep B) wat in blanke gebiede om die Transkei werksaam was, was alle ander proefpersone afkomstig uit die Transkei self. Al die toetse is afgeneem gedurende Maart en April 1958.

3. Afneem van die Toetse:

Die toetse op groep A is afgeneem in Engels aangesien die studente almal vloeiend Engels kon praat. Die voertaal van die Kollege Fort Hare is Engels. Die toetse op groepe B en C is met behulp van 'n tolk gedoen wat op 'n bekwame wyse die response woordeliks weergegee het. 'n Goeie gehalte van rapport is verkry, hoewel nie so goed as wanneer die toetsafnemer self Xhosa magtig sou gewees het nie.

Aangesien die toetse soms onder moeilike omstandighede afgeneem is, en tyd beperk was, was dit feitlik onmoontlik om die derde stap van die toets, naamlik „testing the limits“ toe te pas en is dit gevolglik

weggelaat.

Daar bestaan egter lektuur wat daarop dui dat weglating van hierdie stap die beoogde resultate baie min beïnvloed. Dit word gestel dat „testing the limits measures a different dimension than the Rorschach-test proper“. ^{x1}

Om bostaande rede kan dus aanvaar word dat veral waar die Rorschach vir eksperimentele werk aangewend word, nie veel verlore sal gaan met uitskakeling van die derde stap nie.

B. DIE TOETS

As instrument is die Rorschachtoets gebruik omdat hierdie toets, nie-teenstaande teenkating, deur gesaghebbende instansies soos Anderson en Anderson ^{x2} beskou word as die betroubaarste toets om die dieptes van die mens se gees mee te verken.

Op 'n Internasionale simposium oor projektiewe tegnieke is tot die slot-som geraak dat die Rorschachtoets nog steeds een van die betroubaarste projektiewe tegnieke is wat bestaan. ^{x3}

Vir 'n volledige beskrywing van die toets word verwys na die werk van Klopfer, Ainsworth, Klopfer & Holt ^{x4} en van Klopfer & Kelley ^{x5} oor die Rorschachtegniek.

1. Die Rasionale van die Toets:

a) Die Invloed van Projektiewe Tegnieke op die Sielkunde. ^{x6}

Profeties was Herman Rorschach se beskrywing van sy tegniek as 'n sielkundige eksperiment wat, nieteenstaande sy eenvoud, bewys is om van waarde te wees vir navorsing. ^{x7}

^{x1} Huberman, J. (1965) p. 111

^{x2} Anderson & Anderson (1959) p. 124

^{x3} J. Proj. Tech. (1968) 32

^{x4} Klopfer et al (1954)

^{x5} Klopfer, B. & Kelley, D.M. (1946)

^{x6} De Villiers, D.Z. (1956) H. I

^{x7} Rorschach, H. (1942) Uit de Villiers (1956) H. I.

In sielkunde was persoonlikheid en begrip van menslike gedrag ontoeganklik vir deurtastende wetenskaplike ondersoek met laboratorium en navorsingsmetodes tot met die aanvang van nuwe holistiese benaderings van persoonlikheid soos Gestalt-sielkunde, psigoanalise, veldteorie en hulle praktiese aanwending in projektiwe tegnieke. Die Rorschach-metode was gebore uit verset in die wêreld van sielkundige denke wat die „atomistiese konsep van persoonlikheid“ betwyfel het en probleme geopper het van hoe 'n sintese eerder as 'n konglomerasie van afsonderlike dele te bestudeer.

Wundt en Titchener se strukturalisme het gefaal om oplossings te bied vir praktiese probleme ten spyte van hulle strenge logika, en die vooruitgang van basiese sielkundige wetenskap was gestrem deur die feit dat leiers in die vak gestel het dat die probleme van komplekse gedrag nie wetenskaplik ondersoek word nie omdat eksperimente slegs op 'n sekere manier ontwerp mag word en dat enige ander metode onwetenskaplik was.

Projektiwe tegnieke het hierdie dooiepunt gebreek deur 'n algehele revolusie af te dwing wat nou in volle gang is in die navorsingsmetodes van sielkunde. Die tegniek het 'n uitwerking gehad op basiese sielkundige wetenskap wat van groot belang vir die ontwikkeling van die vak blyk te wees. Aanhangers van die atomistiese benadering van persoonlikheid verklaar dat projektiwe sielkunde onwetenskaplik is, nietemin maak huidige studies wat probleme van menslike persoonlikheid ondersoek, grootliks gebruik van projektiwe tegnieke as hul belangrikste werktuie. Studies wat gebruikmaak van tegnieke, onderhoude, vraelyste en plasingskale (rating scales) word baie maal beoordeel in terme van hipotesisse en afleidings wat onderliggend is aan projektiwe tegnieke.

Oor die algemeen het projektiwe tegnieke sielkundige denke in verskillende rigtings beïnvloed. 'n Aantal pertinente probleme wat

nie voorheen deur wetenskaplike studie ondersoek kon word nie, is nou toeganklik gemaak deur projektiewe tegnieke. Oor die algemeen het projektiewe tegnieke sielkundige wetenskap in verskillende opsigte beïnvloed. 'n Aantal pertinente probleme wat nie voorheen deur wetenskaplike studie ondersoek kon word nie, is deur projektiewe tegnieke toeganklik gemaak vir ondersoek. Rewolusionêre eksperimentele ontwerp in persoonlikheidsnavorsing is teweeg gebring en nuwe rigtings vir ontwerp is ontwikkel. Hulle het veranderinge in statistiese metode gestimuleer en die aanname van nuwe tegnieke wat meer van toepassing was op die belangrike probleme waarvoor sielkundiges oplossings gesoek het, is benodig. Die belangrikste egter is dat hulle dinamiese en praktiese aanwending van holistiese teoretiese sisteme en die verdere ontwikkeling en verfyning van sielkundige teorie, moontlik gemaak het.

Hierdie is egter 'n algemene bydrae. Laat ons deur middel van illustrasie sommige van die nuwer en belangriker probleme wat nie voorheen toeganklik was vir wetenskaplike studie nie, in oënskou neem. In die persoonlikheidsvraelys is dit naëf aanvaar dat response tot 'n vraelys onafhanklik was van motivering, onbewuste invloede en totale persoonlikheidsfunksionering. Vraelyste is maklik om te hanteer as gevolg van die metode van kwantifikasie. Daar was Ja-Nee-antwoorde wat hulleself geleen het tot numeriese optel van tellings met 'n gevolglike finale numeriese antwoord wat min lig werp op die ingewikkeldhede van persoonlikheid as 'n voorwerp vir wetenskaplike studie. Norme is verkry en voorspellings is daarop gebaseer. Pogings om die geldigheid van hierdie opnames te bepaal, het misluk. Hulle het slegs die ontbloting van sekere fasette van die persoonlikheid moontlik gemaak, fasette wat geneem is uit die gestalt en wat die indruk geskep het van onafhanklike veranderlikes. Sulke prosedure werp geen lig op hoe die totale persoonlikheid

funksioneer, of op die dinamika van persoonlikheid, nie. Projektiwe tegnieke het die studie van totale persoonlikheid moontlik gemaak, of aspekte van die persoonlikheid in hulle raamwerk van die hele persoonlikheid, en het sodoende die moontlikheid om menslike gedrag te voorspel in terme van hoe die individu funksioneer, geskep.

Die ouer metodes het nie die probleem opgelos van wat die individu se aandag kondisioneer op spesifieke aspekte van die fenomologiese wêreld tot die tydelike uitsluiting van ander aspekte nie. Met ander woorde, hierdie objektiewe tegnieke het persepsie geskeel van die totale persoonlikheid van die waarnemer en kon slegs gebruik word om waarneming te bestudeer van afsonderlike segmente van die omgewing onder laboratoriumtoestande. Dit kon nie voorspel hoe 'n individu die wêreld soos dit voorkom in die natuur, waarneem nie. Met die aanvang en ontwikkeling van meer sensitiewe instrumente, (en projektiwe toetse moet onder hierdie geklassifiseer word) het dit moontlik geword om die onder-afhanklikheid tussen persepsie en die totale persoonlikheid van die waarnemer te bepaal wat die wyse is waarop dit in werklike lewensituasies funksioneer. Dit het moontlik geword om 'n studie te ontwerp soos beskrywe is in 'n werk deur Witkin, Lewis, Hertzman, e.a. ^{x1}

Hierdie projek het die basis van ruimtelike oriëntasie in menslike wesens bestudeer, wat 'n hulpmiddel is tot die laboratorium, benader deur onder andere die Rorschach-toets te gebruik. Die studie toon uiteindelik aan dat „particular modes of perceiving are consistently related to particular ways of adjusting“. Selfs hier egter, moes die skrywers erken dat hulle „were limited to this form of stating their conclusions about how perception is related to adjustment by the fact that the study had "correlational design". Hierdie ontwerp het dit nie vir hulle moontlik gemaak „to obtain direct evidence

x1 Witkin, et.al. (1954) Uit de Villiers (1956) H 1.

concerning the manner in which mode of perceiving and techniques of adjustment actually develop in relation to each other in the course of psychological growth", nie. Ook het dit nie hierdie werkers in staat gestel om die spesiale aanpassingswaarde van 'n spesifieke wyse van waarneming in die totale persoonlikheidseconomie van elke individu vas te stel nie. Terwyl die bogenoemde ondersoeke begin het deur studie van waarnemingsprosesse te maak en determinante van spesifieke eienskappe van hierdie prosesse in die algemene sielkundige struktuur te soek, het andere, by uitstek Klein ^{x1} en Frenkel Brunswick, ^{x2} hul toegelê op die wyse waarop behoeftes, gevoel en waarnemingsprosedures uitgedruk word in persepsie. Die nuwe metodes wat gestimuleer is deur die projektiewe hipotesis het 'n begin gemaak om 'n beter prentjie van die werklike aard van waarneming ^{te}voorsien en om 'n duideliker begrip van die mens se werklike sielkundige organisasie te bied. Hierdie nuwe insigte bevestig wetenskaplik dat waarneming en persoonlikheid nie aparte prosesse van gelyke status en organisme is nie, maar eerder dat persoonlikheid waarneming, sowel as denke, in leerprosesse, ens. insluit. Dit is presies 'n deel van die hipotese waarop die Rorschach-toets gebaseer is. Dit is duidelik dat die uiteensetting van die georganiseerde geaardheid van waarnemingsondervindinge nie slegs in die struktuur van die veld alleen geleë is nie, ook nie alleen in die persoonlike eienskappe van waarnemer nie, maar in beide.

b) Die Proses van waarneming en Persoonlikheidsdinamika: ^{x3}

Aangesien die hoeveelheid, kwaliteit en inhoud van waarneming soveel projeksie van die persoonlikheid behels, kan 'n mens sê dat 'n toetstechniek ontwikkel is wat gebaseer is op hierdie verskynsels.

x1 Klein, G.S. (1951) pp. 18 - 28

x2 Frenkel-Brunswick, E. (1934) *Uit de Villiers H. I.*

x3 De Villiers, D.Z. (1956) *H. II*

Dit voorsien vandag 'n kern in die studie van persoonlikheid. Die diagnostiese waarde van hierdie metode het ook nie vir Galton ontgaan nie. Hy het bevind dat sy eie eksperimente te beperk was vir wetenskaplike getuienis. John Dewey se gebruik van die projek as 'n basis vir die skool kurrikulum, was ook nie algeheel sonder 'n begrip van die verband tussen projeksie en waarnemingspatrone in die projeksie van persoonlikheid op 'n doelbewuste prestasie as die belangrikste wyse van leer nie. Gedurende die laaste paar jaar is ernstige pogings aangewend om die Rorschach-metode in verband te bring met onderliggende teorie in die veld van persepsie. Onlangse studies in die dinamika van die waarnemingsprosesse het óf die inkkladde direk gebruik óf het direkte betrekking op Rorschach-response. In sy direkte gebruik van die kladde om die temporale eienskappe van persepsie te bestudeer, het Weiskopf ^{x1} die invloed van die tydsfaktor in Rorschach-response ondersoek. Meer onlangs het Stein ^{x2} deur die tagistoskopiese aanwending van Rorschachkaarte persoonlikheidsfaktore bestudeer wat geleë is in die temporale ontwikkeling van response en hy het belangrike afleidings gemaak oor die aanpassingsfunksies van persepsie in die Rorschach-toets. Die studies oor waardes en behoeftes deur Bruner en Goodman ^{x3} oor spanning en spanningsbevryding as organiserende faktore in waarneming deur Bruner en Postman, ^{x4} help om lig te werp op die perseptuele prosesse van die Rorschachtegniek.

'n Mens is daarvan bewus dat hierdie maar 'n powere begin is met die eksperimentele studie van die waarnemingsproses om sodoende 'n teorie van persoonlikheid te formuleer. Of die Rorschachkladde in die eksperimentele opset gebruik word of nie gebruik word nie, moet in gedagte gehou word dat die probleem van teoretiese fundering van

x1 Weiskopf, E.A. (1942) pp. 128-136

x2 Stein, M.I. (1949) p. 355

x3 Bruner & Goodman (1947) pp. 33 - 44

x4 Bruner & Postman (1947) pp. 300 - 307

die Rorschachmetode nie uitsluitlik een vir die Rorschachnavorsers alleen is nie. Dit is baie meer algemeen. Sielkunde in die strengste wetenskaplike sin was tot dusver steriel in die veld van totale persoonlikheidstoetse. Moontlik is dit nie onvanpas om hier te stel dat Rorschach geen nuwe dissipline ontwikkel het nie. Sy denke was beïnvloed deur die ontwikkeling van sy tyd, naamlik Fakulteitsielkunde (faculty psychology), Gestalt-sielkunde en Psigoanalise. Hy het hom toegelê op metode, 'n metode om die persoonlikheid as 'n funksionerende eenheid te bestudeer. Hy het geen spesifieke teorie geformuleer nie. Dit moet in ag geneem word dat die gebruik van sielkundige en fisiologiese analitiese konsepte van verskillende skole van denke ook tot 'n mate van toepassing is op die rol van Rorschachwerkers van die teoretiese prinsiepe waarop hierdie sisteme gebaseer is.

Die breë beginsel in die Rorschachtoets is dat menslike persoonlikheid multi-dimensioneel is en dat die totale persoonlikheid soos dit op enige gegewe oomblik funksionierend gesien is, 'n nettoproduk is van die onderling werkende psigologiese kragte waaruit dit bestaan.

Soos ons gesê het, is persepsie basies aan alle projektiewe tegnieke. Terwyl Gestalt-sielkunde gehelp het met die teoretiese begrip van objektiewe persepsuele eienskappe van projektiewe metodes, het dit gefaal om bevredigend te verduidelik waarom die sogenaamde objektiewe toetsmateriaal verskillend waargeneem kon word deur verskillende individue.

Baie van die werk in verband met persepsie en persoonlikheid is gedoen met dubbelsinnige stimuli, d.i. deur gebruik te maak van minder as optimale aanbiedingsmetodes, word die onderwerp teruggegooi op sy eie bronne. Die wyse waarop dubbelsinnige stimuli waargeneem word, mag tot 'n sekere mate beïnvloed word deur die individuele eienskappe van die waarnemer, 'n feit wat geïmpliseer word deur die

Rorschach-toets vir persoonlikheidsdiagnose. Onthul die antwoorde op 'n Rorschach-toets werklike onderwerppersepsie, of onthul hulle assosiasies, verbeelding of interpretasie, of onthul hulle 'n samestelling van al hierdie prosesse? Dit is moeilike vrae hierdie. Die meeste visuele persepsies wat ons ken, is gekompliseerd deur integrasie met uitlewings van ander sintuie, veral somaesthetica, deur gebruiklike wyses van waarneming. Wat waargeneem is, is bepaal deur die interaksie van 'n aantal veranderlikes: aard van stimulus, die organisasie van die uitlewings in die sentrale senustelsel en die vloei van sentrale assosiatiewe prosesse onder die leiding van meer algemene voorbereidende aanpassings of 'sets'.

Daar is geen eenstemmigheid met betrekking tot die hoeveelheid en soorte van waarneming nie; tog is dit nie altyd duidelik of die verdeling in verskillende soorte van persepsie bepaal word deur die feite van persepsie en of dit die resultaat is van verskillende aannames omtrent die geaardheid van die stimulus nie. Gibson ^{x1} bied vier soorte van persepsie:

1. Persepsie as diskriminasie.
2. Persepsie van voorwerpe en gebeurtenisse.
3. Persepsie van betekenis en waardes.
4. Persepsie van dubbelsinnige of eenvormige stimulasie.

Gibson doen aan die hand dat twee aparte teorieë benodig mag word om rekenskap te gee van twee tipes persepsie (hy kombineer die eerste twee in letterlike persepsie en die laaste twee in skematiese persepsie). Dergelike afbraak van persepsie is vandag algemeen, bv. persepsie wat uiterlik gedetermineer is - innerlik gedetermineer of nie-projektiewe persepsie teenoor projektiewe persepsie. Binne so 'n oriëntasie sal die hoofsaak in teorie begin parallel loop met

x1 Gibson, J.J. (1951) Uit de Villiers H.II

die altyd teenwoordige oorerwings-omgewings-geskilpunt. In die teoretiese werklikheid is alles behalwe eenvormigheid. Die pogings tot teorie verskil in opset, kompleksiteit en vlak van analise en die eksperimentele werk gedikteer deur die verskillende sienswyse, toon aansienlike variasie. Gesien teen hierdie diversiteit is dit moontlik om 'n gesamentlike bepaler te vind waarom die probleem van persepsuele teorie georganiseer kan word. Die skrywer glo dat 'n teorie, waarin dit aangeneem word dat visuele persepsie nie gedetermineer word deur retinale stimulasie alleen nie, maar ook deur die toestand van die res van die organisme, kan dien om verduideliking te verskaf van funksionele verhoudings tussen toestande van die organisme en visuele persepsie. Hierdie is ook die benadering van onder andere Werner en Wapner ^{x1} 'n Breë interpretasie van organisemiese toestande mag tot die aanname lei dat toestande van die organisme wat deur behoeftes, waardes en vorige ondervinding gekenmerk word, ook visuele persepsie kan beïnvloed. So'n aanname lei tot 'n studie van die funksionele verhoudings tussen behoefte, waarde en ondervinding.

i. Die Direktiewe Toestand teorie van persepsie:

Bruner en Postman ^{x2} het 'n baie bevredigende siening gegee omtrent determinante van persepsie. Hulle verdeel die determinante van persepsie in twee skerp kontrasterende katagorieë, die strukturele aan die een kant en die gedrags of motiverende aan die ander kant. Eersgenoemde sluit die stimulus, uitwerking of stimulering op die reseptore of ontvangers, die afferente neurone in. Hulle verteenwoordig die innerlike toerusting van die individu vir die aksie van waarneming. Die sogenaamde stimulus-binding van sensoriese dimensies is gebaseer op die outogtone

x1 Werner & Wapner (1952) pp. 324 - 338

x2 Bruner & Postman (1948) p. 203

faktore (autochthonous factors), soos ook die wette van persepsuele organisasie van die Gestaltiste daarop gebaseer is. Die gedragsdeterminante aan die ander kant, staan in verband met die kontrole van die hoër vlak prosesse. Hulle het te make met die manier „waarin die persepsuele funksionering beleë (embedded) is” en is in interaksie met ander vorms van sielkundige funksionering. Ingesluit in hierdie kategorie is die behoeftes, spannings, waardes, verdedigings van die persoon en natuurlik sy algemene ervarings van die verlede. Sulke faktore is betrokke, of hulle nou al benut word deur die momentele stimulus en verband, en óf hulle 'n stabiele deel van die persoon se persoonlikheid verteenwoordig. Tesame geneem, vorm hulle 'n sentrale direkte toe-stand. Die ouer teorieë verwaarloos hierdie gedragsdeterminante.

Die polemiese aspek van hierdie direkte toestandteorie het hoofsaaklik ontwikkel in opposisie tot die Gestaltskool. Gestalt is ontoereikend om persepsie te verklaar, want dit verontagsaam die waarnemer wat self 'n deel van die totale veld is. Verder verwaarloos dit die rol van verdediging en motivering in die algemeen. In hulle konsentrasie van veldorganisasie is die Gestaltteoretici geneig om die onmiddellike hede oor te beklemtoon ten koste van die rol wat gespeel word in persepsie deur verlede ondervindinge en verwagtinge van die toekoms. Die skerp verdeling van die kategorieë van innerlike en motivering, was onlangs betwyfel deur Luchins.^{x1} In antwoord stel Bruner dat beide die gedrag en die innerlike 'n plek het in een enkele sisteem. Van spesiale betekenis is Bruner se siening dat die innerlike faktore as perke dien wat ingebou is in die sensustelsel

x1 Luchins, A.S. p. 69

"They are bounding features which determine that a 'set' can go so far, but no further, in influencing an act of perception".

ii. Ons materiaal in Projektiewe Tegnieke:

Dit moet beseef word dat die projeksie selgs een fase is in die komplekse patroon wat begin met die aanbieding van die stimulus en met die respons eindig. Die vraag van wat met die proefpersoon gebeur tussen hierdie twee punte in tyd, kan op die huidige miskien die beste beantwoord word deur die bekende feite van persepsie en assosiatiewe prosesse in ag te neem.

Basies behels persepsie 'n drie-trap-siklus. ^{×1} Analities kan ons sê dat persepsie begin met 'n verwagting. In die woorde van Woodworth, ^{×2} sien ons nie slegs nie, maar ons kyk vir. Ons hoor nie slegs nie, maar luister na. Kortliks, waarneming vind plaas in 'n ingestelde organisme. Die aanname is dat ons altyd in 'n sekere mate voorberei is vir sien, hoor, ruik, proe en voel. Wat skep hierdie verwagting? Ons mag dit verklaar deur die opwekking van sentrale, kognitiewe en motiveringsprosesse deur voorgaande omgewingstoestande of gebeurtenisse.

Die tweede analitiese stap in die proses is die inname van die stimulus. Ons stel belang in die ontplooiing van die stimulus. Die derde stap is bevestiging. Die inname van inligting is ook bevestiging van of teenstrydig met die verwagting. Indien bevestiging nie plaasvind nie, verskuif verwagting in 'n rigting gedeeltelik gedetermineer deur interne of ondervindingsfaktore en gedeeltelik op die basis van terugvoering van leer wat onmiddellik vantevore plaasgevind het.

Dit word beseef dat persepsie 'n aksie van die totale psige

×1 Bruner, J.S. In Blake and Ramsey: Perception, an approach to Personality. New York, The Ronald Press Company.
 ×2 Woodworth, R.S. (1947) p. 119

is, 'n uitbreiding volgens Rapaport ^{×1} van die „suiwer sensoriese ervaringe“, in terme van behoeftes, drifte, belangstellings, houdings en die ervaring van verlede en huidige verbonde gebeurtenisse.

Beskou eerstens persepsuele ervaringe in alledaagse lewe. 'n Bekende voorwerp gesien uit 'n bekende hoek onder normale omstandighede het as gevolg 'n oombliklike en moeitevrye herkenning van die voorwerp; onder moeilike omstandighede, bv. vreemde hoeke van waarneming, is die herkenning van voorwerpe 'n moeitevoller en 'n meer bewuste ervaarde organiserende proses. Sekere patologiese prosesse mag ook hierdie effek op die waarnemingsproses hê. Waar geheue 'n belangrike rol speel wanneer persepsie moeiteloos is, sal daar, wanneer die persepsuele materiaal meer onbekend raak, duidelike geheue, minder belangrik raak en ander herinneringe ingeroep word om bystand te verleen en konsepformasie tree in om verskille en ooreenstemmings vas te stel; uiteindelik vind onder moeilike omstandighede 'n verskuiwing plaas van aandag na konsentrasie. Die regulering van sowel organisasie en interpretasie deur die proefpersoon se eie voorsiening, óf gereedheid, óf verwagtinge, vind plaas.

Hierdie omstandighede verplig die ondersoeker om in die proefpersoon se reaksies op die inkklad 'n persepsuele organiserende proses te sien wat 'n fundamentele aaneenskakeling met persepsie in alledaagse lewe openbaar. Alledaagse persepsie laat konvensionele, spesifieke herinneringe toe om die aktiewe geaardheid van die persepsuele proses te verdof. Die sogenaamde ongestruktureerde Rorschachinkklad bring die aktiewe organiserende aspekte van persepsie meer duidelik in die prentjie en kan dit 'n mens sodoende van inligting voorsien omtrent die ver-

×1 Rapaport, D. „Diagnostic Psychological Testing“. Uit de Villiers (1956)
H II

steekte aspekte van die individu se aanpassings pogings.

Vir 'n vollediger begrip van die ontstaan van die Rorschach-respons, moet 'n mens ook die rol in ag neem wat gespeel word deur die assosiatiewe prosesse. In die Rorschachtoets, in teenstelling met, bv. die Woordassosiasietoets, moet die proefpersoon nuwe idees verkry in ooreenstemming met die stimulus van interne idees, beelde en verhoudings. Aldus vereis die ontstaan van 'n Rorschachrespons 'n assosiatiewe proses wat daartoe lei. Dit bring mee dat die toetsafnemer in die proefpersoon se reaksies 'n assosiatiewe proses sien veroorsaak deur die inkklad as stimulus.

Beide hierdie aspekte, persepsueel en assosiatief, is onbekend in teenstelling met die stimuli van alledaagse lewe en hulle bring die proefpersoon se eie assosiatiewe patrone en assosiatiewe probleme baie duideliker in die prentjie. Ons stelling hier is dat beide prosesse altyd in die Rorschachresponse vervat is.

Ons beskou spesifiek die prosesse in 'n persoon wat 'n Rorschachinkklad waarneem. Waarneming, soos ons gesê het, vind plaas in 'n ingestelde organisme. Die waarneming behels die driestap-siklus wat ons genoem het, maar mens moet verder gaan; wanneer stimulering deur die persepsuele indruk plaasgevind het in die loop van die assosiatiewe proses, vind veranderinge in persepsuele organisasie plaas. Die assosiatiewe proses mag beide die totale klad of slegs 'n gedeelte daarvan voortbring; dit mag op 'n geïsoleerde detail konsentreer en nie daarvan afwyk nie, óf dit mag dié deel integreer met al die ander dele. Aldus sal in die loop van die assosiatiewe proses 'n verfyning of struktuering van die rou materiaal van persepsie plaasvind wat verder gaan as die eerste primitiewe persepsuele indruk. Vereniging, kombine-

ring, figuuragtergrondorganisasie, mag alles plaasvind, Dit kan dikwels afgelei word wanneer 'n toetsafnemer die dwaling van die proefpersoon se blik oor die inkkwad waarneem, en dit is demonstreerbaar, onder sekere patalogiese omstandighede, wanneer een of ander van die stappe in hierdie proses bewus word en deur die proefpersoon bewoord word, maar alhoewel die assosiasieproses verskillende aspekte op verskillende maniere verfyn en integreer, moet 'n mens altyd rekening hou met realiteit. Werklikheid plaas beperkinge.

Die persepsuele prosesse het intrinsieke wette, waarvan baie deur Gestaltsielkunde uitdrukking vind. Hierdie wette reguleer en beperk assosiatiewe prosesse wanneer hulle eers ontstaan het. As hierdie proses te min aanduidings van die persepsuele roumateriaal neem, is die gevolg óf uiters vae veralgemenings, óf dit word meer spesifiek; in beide gevalle word die beperkings en potensialiteite van die klad geweld aangedoen.

Ons sien dus drie verdere fases in die proses van die ontstaan van 'n respons. Die verbygaande persepsuele eienskappe van die klad veroorsaak die assosiatiewe proses; hierdie proses druk verder as die gedeeltelik persepsuele indrukke en dit veroorsaak 'n meer georganiseerde verwerking; die persepsuele van die klad dien as 'n regulerende werklikheid vir die assosiatiewe proses self.

Die gekose area het verwysing na die persepsuele organiserende proses; dit bied ook inligting aan in verband met die rekbaarheid van die proefpersoon se persepsuele organisasie. Die gekose inhoud het verwysing na die respons aangebied deur die assosiasieproses, maar herken die regulerende uitwerking deur persepsuele organisasie. Die aantekening of merksisteen poog om presies daardie werklikhede waardeur die assosiatiewe proses gaan, in

soeke na 'n respons, aan te dui. Die determinante kategorie van die teller dui aan welke persepsuele eienskappe van die klad die respons bepaal deur die assosiatiewe prosesse wat dit voortbring, te rig en te beïnvloed.

iii. Die Dubbelsinnige Stimulus:

Soos Luchins, ^{×1} Dennis ^{×2} en andere aangedui het, word baie van die werk op die gebied van persepsie en persoonlikheid gedoen met dubbelsinnige stimuli. Die regverdiging was dat deur gebruik te maak van minder as optimale aanbiedingsmetodes, word die proefpersoon teruggegooi op sy eie bronne, en verwagting (vigilance) wat geskep word, word meer gerig deur motiverings óf ondervindingsfaktore as deur eienskappe van die onmiddellik teenwoordige stimuli. Sanford ^{×3} veral word in sy werk gelei deur dié argument, so ook doen Bruner en Postman, ^{×4} aan die hand dat hoe minder dubbelsinnig die inligting, hoe minder is die uitwerking van verlede ervarings van behoeftes en belangstellings om verwagtings te bevestig. Op 'n ander gebied het Ellson ^{×5} en Kelley ^{×6} getoon dat kondisionerende sensoriese hallusinasies slegs vasgestel kan word wanneer die aanvang van die stimulus wat gekondisioneer moet word, geleidelik is „tot die punt van dubbelsinnigheid“. Daar is perke opgelê deur stimulusfaktore wat die uitwerking van verlede ervaring en huidige behoeftes bykans tot zero verminder wanneer 'n mens met relatief eenvoudige stimuli werk.

Dit is moontlik nie buite verband om by te voeg dat 'n reeks van persepsuele demonstrasies wat ontwikkel is deur Cantril en

×1 Luchins, A.S. Paper read to the Society for Projective Techniques (Unpublished).

×2 Dennis W. (1951)

×3 Sanford, R.N. (1937) pp. 145-149

×4 Bruner, J.S. & Postman, L. In Current Trends in Social Psychology. Pittsburgh: University of Pittsburgh Press. *uit de Villiers (1956) II*.

×5 Ellson, D.G. (1941) p. 350 ×6 Kelley, E.L. (1934) p.315

Ames ^{x1} sommige van die eienskappe van die verhouding tussen verlede ervaring en persepsie gedramatiseer het nie. Hierdie demonstrasies toon dat waar daar 'n moontlikheid van dubbelsinnigheid is in 'n persepsuele situasie, die dubbelsinnigheid op so 'n wyse opgelos word dat die proefpersoon se vorige ervaring met soortgelyke persepsuele onderwerpe dit wat waargeneem word, bepaal. Hulle maak daarop aanspraak dat persepsies volg uit 'n vinnige en onbewuste beoordeling deur die gees van 'n groot hoeveelheid oplossings. Hierdie sienings is soortgelyk aan dié van Brunswick ^{x2} met die klem wat dit lê op die funksionele geaardheid van persepsie. Ittelson ^{x3} sien persepsuele gedrag as 'n poging om 'n wêreld wat so min as moontlik afwyk van die wêreld van verlede ervaring, te skep en te behou.

Ten slotte, Bruner ^{x4} het geskryf dat die interne motiveeringsstoestand die moontlikhede van voorkoms van alternatiewe tussenprosesse vir dieselfde eksterne stimulus, verander. Die algemene eksperimentele resultate ondersteun die siening dat persepsie beïnvloed word deur drifte, sosiale waardes, gelowe, houdings, verdedigings, en bowe al, verwagtings.

Die ganse funksionalistiese klem van Cantril, Ames, Bruner en andere, getuig daarvan hoe doelgerigtheid van persepsie in die handeling van waarneming bestaan. Die waarnemingsapparaat leen sigself tot aanpassingskontrole. Doelgerigte persone ontwikkel spesifieke metodes om hulle wêreld en hulle probleme te hanteer. Dit alles dui een van die hoof redes aan vir die kliniese belangrikheid van projektiewe toetse. Wanneer 'n proefpersoon 'n dubbelsinnige stimulus aangebied word om te interpreteer, word hy

x1 Cantril, H. Ames, A. (1949) pp. 461-522

x2 Brunswick, E. (1949) p. 56

x3 Ittelson, W.H. (1951) p. 285

x4 Bruner, J.S. In Blake & Ramsey: Perception, an approach to Personality.

ook gedwing om dit te organiseer. Dit is presies die sentrale probleem van persoonlikheidsevaluering; hoe organiseer die persoon sy reaksie of stimuli. 'n Toets waarin dubbelsinnigheid as stimulus ontbreek, al mag dit ons iets van 'n spesifieke eienskap vertel, is onvermoënd om aan te dui hoe daardie eienskap dit gedra in die sogenaamde Gestalt waaruit dit ontstaan.

Die Rorschachtoets is een van doelgerigte probleemoplossings; hoe die proefpersoon beide die toets en die sielkundige interpreteer, bepaal die kriteria wat hy stel vir sy optrede. In navorsingsprojekte in die Verenigde State, Switserland en Nederland, word verskillende basiese vrae in ag geneem, bv. word die toets die beste geïnterpreteer gedeeltelik of globaal? Die ideale eenheid vir sommige van die mees gevorderde werkers, is nóg die enkele respons, nóg die totale protokol maar lê tussen hierdie twee. Ook in hierdie ondersoek was so 'n ideaal gestel as basis vir interpretasie.

c) Toepasbaarheid van die Rorschach-toets op Bantoes:

Soos onder „Doel van Onderzoek“ genoem, word die invloed van die Westerse kultuur op drie verskillende groepe Bantoes ondersoek. Op elke groep het dié kultuur verskillend ingewerk, hetsy betreffende intensiteit, of kwaliteit. Kan hierdie Westerse kultuurinvloede op 'n onderontwikkelde volk nou deur middel van die Rorschach-toets ondersoek word? Volgens Hallowell is kultuur en persoonlikheid twee aspekte van een verskynsel, naamlik menslike sosiale orde ^{x1} en dit word teweeggebring deur die komplekse prosesse van simbolisering, repressie, identifikasie, ens. ^{x2} 'n Gemeenskaplike kultuur beteken daarom 'n gemeenskaplike sielkundige werklikheid. ^{x3}

x1 Klopfer, et.al., (1954) p. 460

x2 Donal MacKinnon, (1951) pp. 119-120

x3 Lewin, (1948) p. 57

Vir die ondersoek van sielkundige verskille wat kultureel, sowel as persoonlik vasgelê is, blyk die Rorschach-tegniek uitnemend geskik te wees, want die rou data nodig vir interpretasie, kan gebruik word omdat 'n universele funksie van menslike persepsie aangewend word.^{×1} Die hernude belangstelling in navorsing oor persepsie stel 'n mens in staat om met groter helderheid die sielkundige gevolge van kulturele verskille te ondersoek, en dit verklaar waarom response op die dubbelsinnige stimuli van die Rorschach-figure, verkry van persone met verskillende kulturele agtergrond, beide vergelykbaar en diagnosties is.

Bruner stel dat "... the case can be made that Rorschach implicitly provided the axiom around which the first chapter of a dynamic theory of perception must be built: the principle that every performance of a person is an expression of his whole personality, perception included".^{×2}

Omdat kultuur en persoonlikheid nou ineengewef is en omdat persepsie 'n funksie van die persoonlikheid is, mag dus gepraat word van kulturele faktore in die opbouing van persepsie, dit is daardie faktore wat afgelei is van die groepsverband.^{×3}

Persepsie kan dus as 'n funksie van groepsverband beskou word met dié voorwaarde dat die betekenis van verskillende waarnemings in ag geneem moet word, byvoorbeeld as die Ojibwa-Indiane verwys na 'n "padda", is dit 'n aanduiding van vrees omdat die brulpadda 'n bedreiging in hulle omgewing simboliseer.^{×4}

Met die interpretasie van die Rorschach vir die doel van hierdie studie, is die betekenis wat die Xhosa aan verskillende voorwerpe en inhoude heg, soos dit in die toets tot uiting kom, dan ook noukeurig

×1 Klopfer, op.cit. (1954) p. 488

×2 Bruner, Jerome S. (1948) pp. 157-158

×3 Klopfer, B., (1954) p. 480

×4 Ibid. P.482

in ag geneem. Sover moontlik is getrag om die onderliggende simboliese basis van elke respons vas te stel, veral in soverre dit van die Blanke verskil. ^{×5}

Dit lyk dus redelik om tot die gevolgtrekking te kom dat as die reaksies op dubbelsinnige stimuli, byvoorbeeld kladmateriaal, 'n geldige wyse is om sielkundige betekenisvolle gegewens te verkry vir die begrip van persoonlikheidsstruktuur in een kultuur, dieselfde tegniek moontlik geldig is vir persone met watter kulturele agtergrond ookal. Sover dit die praktyk aangaan, is daar geen rede om te glo dat die Rorschach-toets kulturgebonde is nie. Die inkkladde is self kultuurvrye (dit is „ongestruktureerde“) stimuli. Die proefpersoon se response is nooit kultuurvry nie. Die protokol is daarom 'n persoonlike variant van 'n kultureel-gevormde respons op 'n relatief oop situasie. ^{×1} Dit wil dus voorkom asof die aanname dat die algemene beginsels van die Rorschach-interpretasie toegepas kan word op die protokolle van proefpersone met enige kulturele agtergrond, heeltemal geldig is. ^{×2} Hierby kom nog die feit dat die toets tegnies só eenvoudig is, dat die primitiefste Neger dit net so maklik as die ontwikkelde Europeaan kan doen. ^{×3}

'n Opvallende en ietwat ongewone bevestiging van toetsgeldigheid kom van 'n studie deur Du Bois en Oberholzer van die Alorese-nasie in die Hollands Oos-Indiese eilande. Hier het Oberholzer, op grond van Rorschach-rekord alleen, 'n beeld van die basiese persoonlikheidsstruktuur van die Alorese afgelei wat in die belangrikste aspekte in hoë mate ooreenstem met die bevindings van 'n volkekundige, Du Bois, en 'n psigiater, Kardiner, wat met volkekundige gegewens gewerk het. ^{×4}

×1 Spindler & Goldschmidt, (1952) p. 78

×2 Klopfer, (1954) p.512

×3 Rorschach, H. (1941) p.96-97

×4 McClelland, D.C., (1951) p.147

×5 Met dank aan dr. E.C. Steenkamp en ds. A. Pienaar

Navorsers soos Hollowel (1954), Spindler & Goldschmidt (1952), Klopfer (1954) en andere, het ondersoek gedoen met betrekking tot kultuur en persoonlikheid, party waarvan die oogmerke baie ooreenstem met dié van hierdie studie, en deurgaans was almal se pogings suksesvol met betekenisvolle resultate.

Hierdie sukses wat alreeds behaal is, kan dan in groot mate dien as regverdiging en aansporing vir 'n poging om ook die Suid-Afrikaanse Bantoe te ondersoek op 'n soortgelyke manier, dit wil sê, met behulp van die Rorschach-toets, alhoewel tegniek en metode mag verskil.

DEEL TWEE

METODE

HOOFSUK IV	Fases van Ontleding
HOOFSUK V	Primêre Aanpassing, Verdediging en Finale Aanpassing
HOOFSUK VI	Primêre Aanpassing of „Instelling“
HOOFSUK VII	Verdediging
HOOFSUK VIII	Samevatting; primêre Aanpassing en Verdediging
HOOFSUK IX	Statistiese Verwerking

HOOFSTUK 4FASES VAN ONTLEDING

Die metode waarvolgens die proefpersone se Rorschachtoetse ontlee is, kan in vyf fases ingedeel word.

A. EERSTE FASE

Die eerste fase bestaan uit die gewone toekenning van determinante vir elke toets en die opstel van kwantitatiewe verhoudings uit die determinante waaruit 'n psigogram verkry kan word indien nodig. Hierdie ontleding is gebaseer op die werk van Klopfer en Kelley ^{x1} en van Klopfer, Ainsworth, Klopfer & Holt. ^{x2} Hierdie determinante toekenning word aangebied saam met die afskrifte van die toetse in die „Bylae“. Die kwaliteit van verskillende eienskappe word dan volgens die determinante bepaal.

B. TWEEDE FASE

Tweedens is 'n intensiewe opvolgings- en inhoudsanalise gemaak, hoofsaaklik volgens die metode van Schafer, ^{x3} Phillips & Smith ^{x4} en Beck, ^{x5} en waarvan 'n voorbeeld in die bylae gegee is. Uit hierdie intensiewe inhoudsontleding word 'n opsomming van die vernaamste kenmerke van elke persoon gemaak, soos verteenwoordig deur die „Opsommende tematiese klassifikasie“. Daarna word dit gevoeg by die resultate wat van die determinantberekening verkry is om aldus 'n eenheid te vorm.

Die uniekheid van die individu bring mee dat elke persoon tot mindere of meerdere mate sal verskil van die kategorieë waarin elke eienskap onderverdeel is, veral waar die eerste stap van ontleding daaruit bestaan om die gesteldheid van verskillende eienskappe vas te stel uit die numeriese verhoudings van determinante of kombinasies van determinante.

x1 Klopfer & Kelley (1946)

x2 Klopfer et.al. (1954)

x3 Schafer, R. (1954)

x4 Phillips & Smith (1953)

x5 Beck et. al. (1961)

Inhoudsanalise kan in hierdie opsig van groot waarde wees om komplimentêre gegewens te verskaf vir determinante analise, asook om die individuele persoonlikheid meer op die voorgrond te bring. Dit vervul ook 'n kontroleerende funksie.

C. DERDE FASE

Die totale primêre aanpassing van 'n persoon word verkry deur sy innerlike en uiterlike aanpassing saam te stel. Hierdie innerlike en uiterlike aanpassing word weer afgelei uit die verkillende eienskappe wat daarop betrekking het.

Die kategorieë waarin elke proefpersoon ten opsigte van elke eienskap geplaas word, en die norme vir die bepaling van genoemde plasing, asook die norme vir innerlike, uiterlike en totale aanpassing, is ook gebaseer op die werk van Klopfer & Kelley ^{x1} en Klopfer, Ainsworth, Klopfer & Holt, ^{x2} en verder op 'n spesifieke metode ontwikkel deur prof. A.J. le Grange van die Universiteit van Pretoria, soos gewysig deur S.W. Wichmann ^{x3} vir gebruik in sy doktorsale proefskrif (1954), en verder gewysig om aan te pas by die spesifieke behoeftes van hierdie proefskrif. Die laasgenoemde wysigings is ook gebaseer op die werk van Klopfer, Ainsworth, Klopfer & Holt.

D. VIERDE FASE

Vierdens word die sterkte en doeltreffendheid van elke persoon se geestesverdediging teen innerlike probleme en bedreigings bepaal, hoofsaaklik uit sy inhoudsanalise volgens die metode van Schafer. ^{x4}

E. VYFDE FASE

Wanneer elke persoon geplaas is in die aangewese kategorieë vir elke persoonlikheidseienskap, op grond van sy determinante en inhoudsontledings, wanneer daarvolgens bepaal is hoedanig sy innerlike aanpassing, uiterlike

x1 Klopfer & Kelley (1946)
 x2 Klopfer et. al. (1954)
 x3 Wichmann, S.W. (1954)
 x4 Schafer, R. (1954)

aanpassing en totale aanpassing daar uitsien, en wanneer die doeltreffendheid van sy verdedigingsmeganismes vasgestel is, kan oplaas sy uiteindelijke aanpassing bepaal word. Die uiteindelijke aanpassing word verkry deur die saamgestelde produk van die persoon se totale aanpassing en doeltreffendheid van sy verdediging.

Slegs hierdie finale fase kan 'n betroubare beeld van persoonlikheidsaanpassing verskaf aangesien 'n persoon met heelwat persoonlikheidsprobleme wat primêr as swak aangepas beskou sal word, maar wie oor sterk en doeltreffende verdedigingsmeganismes beskik, nie sonder meer as swak aangepas bestempel mag word nie, maar wel mag slaag om geestelike balans te handhaaf, dit wil sê, wie se sekondêre aanpassing selfs redelik of goed mag wees.

Die eerste en tweede fases soos hierbo genoem, is voltooi met die ontleding van die protokolle en toekenning van determinante. Na hierdie stadium sal die verdere ontplooiing van die proefskrif nou geskied vanaf die derde fase waarmee 'n aanvang gemaak word met 'n aanduiding van die indeling van verskillende eienskappe in innerlike en uiterlike aanpassing om totale primêre aanpassing of instelling vas te stel. Daarna word Verdediging bepaal, en uiteindelik word Totale Primêre Aanpassing en Verdediging saamgevoeg om Finale Aanpassing vas te stel.

HOOFSTUK VDIE OPSET VAN PRIMÊRE AANPASSING, VERDEDIGING
EN FINALE AANPASSING

Ten einde die daargestelde doel van die studie te bereik, naamlik 'n vergelyking van die persoonlikheidsaanpassing van die drie gekose toetsgroepe, word die begrip „aanpassing” in hierdie studie verdeel in eerstens Primêre Aanpassing of Instelling wat gekombineer word met Verdediging om die produk van Uiteindelijke Totale Aanpassing te verskaf.

Dit is gewaagd om aanpassing en verdediging te probeer skei en afsonderlik te bestudeer: „this operation of adaptive and defensive operations is as abstract a distinction as the previously discussed separation of impulse and defensive operations. Impulse, defence and adaptation are all aspects of or abstractions from observed total behaviour, including inner experience such as thought and feeling.”^{×1} Nogtans kan totale gedrag wel in elemente verdeel word wat afsonderlik bestudeer kan word: „..... if applied cautiously and with awareness of it's abstract nature, this separation of the impulse, the defence and the adaptation aspects of behaviour may be expected to provide a useful frame of reference for comprehending the psychological movement of a patient in the course of a test.”^{×1}

In enige persoonlikheidspatroon sal verdediging intrinsiek nou ineengeweef wees met aanpassing en dus 'n determinant wees in die bepaling van daardie besondere persoonlikheidsstruktuur. So bv. kan blokkering van impulse 'n arm repressiewe psigogram tot gevolg hê wat as swak aangepas aangedui sal word volgens die kriteria van primêre aanpassing, maar wat in werklikheid nie die ware aanpassing weerspieël nie: „there are times when restraint of potentially disruptive impulse and feeling, even if it means constriction of the personality is a help in maintaining inner and social integration.”^{×2}

×1 Schafer, R. (1954) p. 164

×2 Ibid. p. 48

Die situasie kan dus ontstaan dat as gevolg van 'n verdedigingsmeganisme (bv. repressie) 'n persoonlikheidsstruktuur volgens die oorwegings in hoofstuk VI uiteengesit, as swak aangepas aangedui sal word. Indien hierdie selfde verdedigingsmeganisme egter doeltreffend is, en daarin slaag om potensiële verbrokkelende impulse en gevoelens te verhoed, vervul dit 'n aanpassend funksie.

In die verband waar Aanpassing en Verdediging apart bestudeer word, bestaan 'n duidelike ooreenkoms tussen genoemde konstruksie en die siening van sommige ander skrywers, bv. Mowrer en Kluckhohn.^{x1} Hulle differensieer tussen „adaptation” en „adjustment”, en definieer „adaptation” as the behaviour best for the welfare of the animal and adjustment as the behaviour directed toward tension reduction”.^{x1} Die term „adaptation” kan as die meer permanente persoonlikheidsamestelling beskou word wat mettertied teweeg gebring is om die maksimum welsyn vir die organisme te verkry. Dit word moontlik die beste weergegee deur die woord „instelling”, en stem ooreen met die basiese primêre aanpassing soos in hierdie studie beskryf in Hoofstuk VI. Hiernaas kan „adjustment” beskou word as die meer tydelike fluktuasies van persoonlikheidsfunksionering wat daarop gemik is om spanning te verlig. In hierdie studie kan „Verdediging” beskou word as die analogie van „adjustment” en word breedvoerig uiteengesit in hoofstuk VII.

Die totale aanpassing of uiteindelijke finale aanpassing sal verkry word deur die samestelling van genoemde komponente „adaptation” en „adjustment” of „instelling” en „verdediging”.

x1 Mowrer & Kluckhohn (1944) uit O' Kelly & Muckler (1955)

HOOFSTUK VIPRIMÊRE AANPASSING OF „INSTELLING“A. BESKRYWING VAN INNERLIKE, UITERLIKE EN TOTALE PRIMÊRE AANPASSING, EN DIE EIENSKAPPE DAARBY BETROKKE

In hierdie gedeelte word die kwaliteit van elke persoonlikheidsstruktuur bepaal volgens die kwaliteit van die innerlike- en uiterlike aanpassing soos dit voorkom op die psigogram, asook soos dit blyk uit die inhoudsanalise wat verteenwoordig word deur die „Opsommende Tematiese Klassifikasie“, maar waarin elke oorspronklike protokol ook saam ontleed word om as kontrole te dien vir die opsommende klassifikasie en ook om die geheelindruk te behou. So kan die kwaliteit van die innerlike of uiterlike aanpassing van 'n persoon goed of swak wees al na gelang van die kwaliteit van die verskillende eienskappe op die spesifieke totaalbeeld. Die begrip kwaliteit is hier van toepassing slegs met betrekking tot die persoonlikheid as geheel.

1. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met innerlike Aanpassing:

Die bron van innerlike ingewings van 'n persoon is gedagtes en fantasieë wat, sover dit kwaliteit betref, afhanklik is van die volgende eienskappe:

a) Emosionele Wasdom:

Hierdie eienskap is waarskynlik die veelseggendste van 'n mens se hele persoonlikheid en gee 'n aanduiding van innerlike ontwikkeling, verbeeldings- en skeppende vermoëns, menslike invoeling en intellektuele differensiasie, asook waardesisteem en geestelike beheer. ^{×1} Emosionele wasdom word ingedeel in goed, middelmatig en swak:

×1 Klopfer et.al. (1954) pp. 254-264

i) Goeie Emosionele Wasdom:

Dit sluit in skeppende verbeelding en geïntegreerde waardesisteem.

ii) Middelmatige Emosionele Wasdom.iii) Swak Emosionele Wasdom:

1. Onvolwasse en Regressief: 'n Egoïstiese, onvolwasse, selfingekeerde persoonlikheid word hier aangedui met min skeppende vermoëns, swak differensiasie en swak innerlike vermoëns en beheer. ^{x1}

2. Innerlike Onvermoë: In hierdie geval bestaan geen eenvoudige ervaring van impulse nie, ook nie enige verbeeldingsvermoë in die vorm van langtermyninsig of ontvlugtingsfantasieë nie. Die persoon mag handel sonder enige ego-deelname weens ego-swakheid. ^{x2}

3. Verenging: Hierdie kategorie word van „egosentrisme en swak vermoëns“ en „innerlike onvermoë“, onderskei deurdat F hoër as 50% is en hierdie oorbeklemtoning van beweginglose vorm 'n aanduiding is van verenging wat die oorsaak is van die swak geestesdifferensiasie wat die werking van verfynde innerlike emosionele belewenis belemmer. ^{x3}

b) Angs:

In Rorschach-literatuur word onderskei tussen geformuleerde ang en vae ang. ^{x1}

Geformuleerde ang bestaan daaruit dat 'n persoon duidelike insig toon in sy angstoestand, maar nie in staat is om dit emosioneel te verwerk nie. Hierdie toestand bestaan gewoonlik te midde van 'n oënskynlike uiterlike voorkoms van doeltreffende kontrole maar omdat

x1 Klopfer et.al. (1954) p. 289

x2 Ibid. p. 288

x3 Ibid. p. 295

x4 Ibid. pp. 267-269

emosionele insig ontbreek, belemmer dit aanpassing. ^{x1}

Vae ang's ontstaan gewoonlik as gevolg van affeksionele probleme en primêre veiligheidsbehoefte. ^{x2} Soos by geformuleerde ang's is hierdie vae ang's ook nie bevorderlik vir persoonlikheidsintegrasie nie. Omdat die oorsaak van die ang's gewoonlik nie aan die persoon bekend is nie, is die soort ang's vaag en ongedefinieer of "free floating" terwyl die persoon dit wel aanvoel en bewus is van vae ang'sgevoelens. ^{x3}

Vir die doel van hierdie studie word geformuleerde ang's en vae ang's saam gegroepeer en as 'n eenheid onder die hooft Ang's bespreek.

Ang's word ingedeel in:

- i) Afwesigheid van Ang's, aangedui deur die afkorting A.
- ii) Teenwoordigheid van ang's, aangedui deur T.
- iii) Oormaat ang's aangedui deur O.

c) Introspektiewe Neigings:

Doeltreffende introspeksie is bevorderlik vir aanpassing aangesien dit meehelp dat 'n persoon sy probleme objektief kan beskou.

Dit bring mee dat hy hom tot 'n mate van homself kan distansieer en perspektief op sy eie lewe en probleme kan kry. Dit word beskou as 'n stabiliserende invloed deurdat dit die persoon in staat stel om sy eie ang's en spanning te verduur. ^{x4}

Introspeksie word onderverdeel in:

- i) Goed;
- ii) Middelmattig; en
- iii) Swak.

2. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Uiterlike Aanpassing:

Die kwaliteit van 'n persoon se emosionele beheer, bepaal hoe hy die

x1 Op. cit. p. 269
x2 " " p. 267

x3 Op. cit. p. 268
x4 " " p. 268

prikkels uit die omgewing verwerk. Die uiterlike prikkels werk in op die ego. Die ego kan die stimulus bewustelik tot konstruktiewe gedrag integreer sodat dit goeie sosiale aanpassing tot gevolg het, mits die kwaliteit van inhibisie of affeksionele integrasie dit toelaat, dit wil sê as die persoon die nodige takt besit. So nie, word die prikkels deur die ego verdring met die gevolg dat depressiewe neigings ontstaan. ^{x1}

a) Emosionele Beheer of Uiterlike Kontrole:

Uiterlike kontrole verwys na die kontrole van uiterlike manifestegedrag of gedragsuiting. Dit is na aan sogenaamde „selfbeheer” in dié sin dat die persoon impulse en neigings om te reageer, ondervind waarop kontrole uitgeoefen moet word. ^{x2}

i) Doeltreffende uiterlike kontrole word aangedui deur die afkorting G.

1. Goed gebalanseerde kontrole: In hierdie kategorie val persone met goed gekontroleerde reaktiwiteit op emosionele stimulu wat in ooreenstemming is met die vereistes van die betrokke situasie. ^{x2}

ii) Middelmattige Uiterlike Kontrole aangedui deur die afkorting M.

1. Verswakte Uiterlike Kontrole: In hierdie kategorie val persone wie se kontrole beter is as „swak”, maar nie voldoen aan die vereistes van „doeltreffende” kontrole nie.

iii) Swak Uiterlike Kontrole aangedui deur die afkorting S.

1. Onreaksie: In hierdie kategorie val persone wat baie min reageer op impulse van buite op wie die uiterlike omgewing

x1 Wichman, S.W. (1954)

x2 Klopfer et.al. (1954) p. 296

geen indruk maak nie en wie dus nie in dié opsig enige kontrole benodig nie. ^{x2} Waar geestelike verenging voorkom, word naastenby dieselfde toestand gevind, naamlik dat 'n persoon as gevolg van verenging nie op uitwendige prikkels reageer nie. ^{x3}

2. Impulsiewe Uiterlike Kontrole: Weselik is hier nie sprake van kontrole nie aangesien impulse wat inwerk, reaksies tot gevolg het sonder tussenkome van refleksie of ander kontrolerende meganismes. ^{x1}

b) Depressiewe Neigings:

Waar C'-determinante in oormaat voorkom is dit 'n aanduiding van depressie en onttrekking van kontak met die omgewing wat vir aanpassing nadelig kan wees. ^{x4}

Depressiewe neigings word ingedeel in:

- i) Afwesigheid, aangetoon deur die afkorting A;
- ii) Teenwoordigheid, aangetoon deur die afkorting T;
- iii) Oormaat, aangetoon deur O.

c) Affeksionele Integrasie of Inhibisie:

Inhibisie staan in noue verband met 'n persoon se affeksionele integrasie. Die organisasie van 'n persoon se affeksionele behoefte is van groot waarde in interpersoonlike betrekkinge. ^{x5}

- i) Goeie inhibisie, of goed ontwikkelde en geïntegreerde affeksionele behoefte, word aangedui deur die afkorting G. Die hoogste vlak van integrasie van die behoefte aan liefde of toegenenheid wat nodig is vir die vermoë tot goed aangepaste emosio-

x1 Klopfer et.al. (1954) p. 297

x2 Ibid.

x3 " p. 295

x4 " p. 275

x5 " p. 268

nele verhoudings word hierin weerspieël.

ii) Middelmatige inhibisie of middelmatige geïntegreerde affeksionele behoefte, word aangedui deur die afkorting M.

1. Affeksionele Vervlakking: Onder middelmatige inhibisie klassifiseer affeksionele vervlakking of onderontwikkeling wat saam met 'n goed gebalanseerde persoonlikheid 'n aanduiding van middelmatige inhibisie of affeksionele integrasie gee.

Met 'n goed gebalansseerde psigogram en geen tekens van affeksionele afwykings soos byvoorbeeld, minus vormpeil nie, het die gebrek aan affeksie nie 'n baie nadelige uitwerking nie en mag dit wees dat die persoon geen behoefte aan enige tegemoetkoming van andere ondervind nie. Die affeksionele behoefte kan hier as passief beskryf word.^{×1}

iii) Swak inhibisie of swak geïntegreerde affeksionele behoefte word aangedui deur die afkorting S.

1. Swak integrasie: In hierdie kategorie val persone met eerstens 'n affeksionele behoefte soos hierbo onder „middelmatig“ aangedui, maar van wie die res van die persoonlikheid nie goed genoeg geïntegreer is om vir die afwesigheid van die affeksionele behoefte te kompenseer nie.

2. Onderontwikkeling: Deur verwerping of ander ervarings gedurende die vroeë kinderjare, kan onderontwikkeling in affeksionele behoefte ontstaan het.

3. Verenging: 'n Algemene verenging van die persoonlikheid soos weerspieël in F van hoër as 50%, kan ook die gevolg hê dat die affeksionele behoefte hierdeur geraak word

en as heeltemal onderdruk voorkom. ^{x1}

4. Oorweldigend sterk: Swak geïntegreerde affeksionele behoefte kom ook voor by persone met so 'n sterk affeksionele behoefte dat dit as 'n bedreiging vir die res van die persoonlikheid beskou kan word. ^{x2}

Met hierdie interpretasie van die toets as uitgangspunt, is die resultate volgens die onderstaande norms verwerk.

B. NORMS VIR DIE BEPALING VAN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE DEUR MIDDEL VAN DETERMINANTEONTLEDINGS (KWANTITATIEWE BEREKENING)

1. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Innerlike Aanpassing:

a) Emosionele Wasdom:

i) Goeie emosionele wasdom met skeppende verbeelding en geïntegreerde waardesisteen en swak instinktiewe ^{x1 x2} drange: (Aangedui deur die afkorting G).

Minstens 3M moet teenwoordig wees. ^{x3 x4 x5}

FM = $\frac{1}{2}$ tot 2 M ^{x6}

Vormpeil nie minder as 1 nie.

W : M = 2 : 1 ^{x7 x8}

Verkieslik twee of meer kleurresponse moet teenwoordig wees.

ii) Middelmattige emosionele wasdom, drange teenwoordig met middelmattige invloed:

M nie minder as 2 nie. ^{x9}

Die aantal FM + m determinante kan sodanig meer as M wees dat die verhouding van 2 M : 3(FM + m) oorskry word. ^{x9}

Geen negatiewe vormpeil van M, FM en m word toegelaat nie.

W : M nie 2 : 1 nie (W : M \neq 2 : 1).

x1 Op.cit. p.368

x2 Ibid. p.277

x3 " p.255

x4 Ibid. p.256

x5 " p.288

x6 " p.289

x7 Ibid. p.277

x8 " p.302

x9 Wichmann (1954)

iii) Swak emosionele wasdom, oorheersende invloed van drange of swak kontrole:

1. Onvolwasse en Regressiet: ^{×1} (Aangedui deur R)

$M = 1$ of minder.

$FM = 3$ of meer, dit wil sê $FM > 2M$

Vormpeil van M en FM moet minstens 1 wees. $F < 50\%$; of Goeie of middelmatige vermoëns met vormpeil van minder as 1.

2. Innerlike onvermoë:

$M = 0$ ^{×2}

$M + FM < 3$ ^{×2}

Vormpeil van M en $FM < 1$ ^{×2}

$F < 50\%$ ^{×3}

3. Vereniging: Die vereistes is dieselfde as (1)

„Egosentriese en swak vermoëns" en (2) „Innerlike Onvermoë" met die verskil dat $F > 50\%$ moet wees.

b) Angs: ^{×4}

i) Afwesigheid van angs, aangedui deur die afkorting A:

$K + KF + FK = 0$ en/of

$K + KF = 0$

ii) Teenwoordigheid van angs, aangedui deur T:

$k + Kf = Fk = 1$ tot 3. en/of

$K + Kf = 1$ tot 3.

×1 Op.cit. p.288

×2 Klopfer et.al. (1954) p.290

×3 Ibid. p.295

×4 Wichmann (1954)

iii) Oormaat van angs, aangedui deur O:

$k + kF + FK$ is 4 of meer. en/of

$K + KF$ is 4 of meer.

c) Introspektiewe Neigings: ^{x1}

i) Goeie Introspeksie, aangedui deur die afkorting G.

$$\frac{FK}{FK + F} = 5 \text{ tot } 15\%$$

In elke spesifieke geval is dit 'n vereiste dat nagegaan moet word of die persoon ter wille van sy innerlike aanpassing wel introspeksie nodig het of nie.

By persone met oormatige angsgevoelens of oorheersende instinktiewe drange is die verhouding van $\frac{FK}{FK + F} = 0\%$ dus 'n aanduiding van swak introspeksie. Waar die angsgevoelens en instinktiewe drange nie een oormatig is nie en ten minste een van die drie eienskappe afwesig is, is die genoemde verhouding 'n aanduiding dat die toestand met betrekking tot introspektiewe neigings goed is.

ii) Middelmattige introspeksie aangedui deur M:

$$\frac{FK}{FK + F} = 15\% \text{ tot en met } 30\%.$$

iii) Swak introspeksie aangedui deur S:

As $\frac{FK}{FK + F}$ meer is as 30% en in die geval waar dit 0% tot 5% is saam met swak aangepaste persoonlikheid, soos onder goeie introspeksie bespreek is.

2. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Uiterlike Aanpassing:

a) Emosionele Beheer of Uiterlike Kontrole:

i) Doeltreffende uiterlike kontrole, aangedui deur G:



1. Goed gebalansseerde kontrole:

$$FC + CF + C \geq 3 \quad \times 1$$

$$FC + CF + C \text{ met } CF \text{ of } C \text{ wel aanwesig.} \quad \times 2$$

$$F = 20 \text{ tot } 50\% \quad \times 3$$

Vormpeil van F minstens 1.

ii) Middelmatige uiterlike kontrole aangedui deur M.

1. Verswakte uiterlike kontrole:

Dieselfde as „Doeltreffende Kontrole" met $F < 20\%$; of
 Dieselfde as „swak kontrole" maar met $F = 20$ tot 50% met vorm-
 peil minstens 1 en/of met innerlike kontrole as „Doeltreffend!"

iii) Swak Uiterlike Kontrole:1. Onreaksie:

$$FC + CF + C \leq 3 \quad \times 4 \text{ en/of}$$

$$F > 50\% \quad \times 5 \quad \times 6$$

2. Impulsiewe Uiterlike Kontrole, aangedui deur S:

$$FC + CF + C \geq 3$$

$$FC < CF + C$$

$$F < 20\%$$

Innerlike kontrole in swak kategorie.

b) Depressiewe Neigings: $\times 7$

i) Afwesigheid van depressiewe neigings, aangedui deur A:

As geen C' voorkom nie.

ii) Teenwoordigheid van depressiewe neigings aangetoon deur die afkorting T:

$$\text{Som } C' = 0 \text{ tot } \frac{1}{2} \text{ som } C; \text{ of}$$

Som $C' > 1$ met afwesigheid van kleurresponse.

$\times 1$ Op. cit. p. 297

$\times 2$ " " p. 296

$\times 3$ Wichmann (1954)

$\times 4$ Wichmann (1954)

$\times 5$ Klopfert et.al. (1954) p. 297

$\times 6$ Ibid. p. 296

$\times 7$ Op. cit. p. 255

iii) Oormaat van depressiewe neigings, aangetoon deur 0:

Som C' is meer as $\frac{1}{2}$ som C ; of

Som C' is meer as 1 met kleurresponse afwesig.

c) Affeksionele Integrasie of Inhibisie: ^{x1}

i) Goed ontwikkelde en geïntegreerde affeksionele behoefte of goeie inhibisie aangedui deur die afkorting G:

$$FK + Fc = 25 \text{ to } 75\% \text{ van } F \quad \times 2 \quad \times 3$$

$$Fc > FK \quad \times 4$$

$$Fc > cF + c \quad \times 5$$

$$(Fc + c + C') = \frac{1}{2} \text{ tot } 1 \quad (FC + CF + C) \quad \times 6$$

ii) Middelmatige geïntegreerde affeksionele behoefte of inhibisie, of verflakking, aangedui deur die afkorting M:

$(FK + Fc) = 25\%$ van F , met goeie innerlike aanpassing;

of $FK + Fc = 10$ tot 25% van F met ander verhoudings soos onder (i).

iii) Swak ontwikkelde- of geïntegreerde affeksionele behoefte:

1. Swak integrasie: (aangedui deur S)

$(FK + Fc) < 25\%$ met innerlike aanpassing swak; of

$FK + Fc < 10\%$ F ; of

$(FK + Fc) < 25\%$ F met $M < \frac{1}{2} (FM + m)$ of

$FK > Fc$

2. Onderontwikkel: (aangedui deur O_n)

$Fc < 10\%$

$(FK + Fc) < 25\%$ F

met $(FC + CF + C') < 3$

^{x1} Wichmann (1954)

^{x2} Klopfer & Kelley (1946) p. 239

^{x3} Klopfer et.al. (1954) p. 292

^{x4} Ibid. p. 291

^{x5} " pp. 271-275

^{x6} " p. 293

3. Verenging: (aangedui deur Ver)

$$(FK + Fc) < 25\% F$$

$$\text{met } F > 50\%$$

4. Oorweldigend sterk: (aangedui deur Oor)

$$(FK + Fc) > 75\% F^{\times 1}; \text{ of}$$

$$(cF + c) > Fc.$$

C. NORMS VIR DIE BEPALING VAN DIE PERSOONLIKHEIDSEIENSAPPE BETROKKE BY PRIMÊRE AANPASSING, DEUR MIDDEL VAN INHOUDSANALISE (KWANTITATIEWE BEREKENING):

Benewens die bepaling van die verskillende eienskappe (waaruit Primêre Aanpassing bestaan) se kwaliteit deur middel van kwantitatiewe berekeninge soos in die vorige afdeling B aangedui, word dié eienskappe se kwaliteit ook bepaal deur middel van inhoudsanalise.

Om reg te laat geskied aan hierdie inhoudsanalise, moet elke protokol afsonderlik bestudeer word, met inagneming van die norme wat hierna gestel word. Die opsommende tematiese klassifikasie soos in Bylaag C aangebied word, verskaf ook belangrike aanduidings vir genoemde doel.

1. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Innerlike Aanpassing:a) Emosionele Wasdom:i) Goeie Emosionele Wasdom:

Goeie emosionele wasdom veronderstel 'n gesonde, goed gebalanseerde en ryk persoonlikheid wat aangedui word deur 'n redelike ryke inhoud en spontane uitbreiding op basiese temas.

In so 'n protokol is menslike response van die grootse belang om goeie wasdom aan te dui. ^{×2} Vir hierdie hoogste kategorie moet die menslike response aktief wees en verkieslik van die ekstensortipe. ^{×3} Ten minste drie sulke menslike response moet

×1 Klopfer et.al. (1954) p. 291

×2 Ibid. pp. 254-264

×3 Allen, R.M. (1954) pp. 44, 169

teenwoordig wees.

ii) Middelmatige Emosionele Wasdom:

Waar twee of meer menslike response voorkom wat egter hoofsaaklik van die fleksor-variëteit is en waar die totale beeld nie dieselfde ryke persoonlikheid weerspieël soos onder goeie wasdom nie, of, 'n andersins goeie wasdom met enkele aanduidings van regressie of stagnasie, of ander aanduidings van afwykings.

iii) Swak Emosionele Wasdom:

- a) Regressief en Onvolwasse: ^{x1} Duidelike tekens van regressie of stagnasie kom voor, byvoorbeeld orale en anale response. Heelwat onvolwasse response kom voor wat dui op onvolwasse kinderlike oriëntasie byvoorbeeld hasie, beertjie, katjie, ens.
- b) Innerlike onvermoë: 'n Arm, onvermoënde protokol word hieronder ingesluit. Min response kom voor met min beweging en geen menslike figure nie.
- c) Vereng: ^{x2} Min of meer dieselfde as innerlike onvermoë met egter 'n hoër persentasie of hoeveelheid van vorm response.

b) Angs:

i) Afwesig:

Waar alle tekens van gedifferensieërde - sowel as vae ang (soos hierna beskryf onder „Teenwoordig” en „Oormaat”) ontbreek en dus geen tekens van ang te bespeur is nie. ^{x3}

ii) Teenwoordig:

Die onderskeid tussen teenwoordigheid van ang en oormaat ang berus tot 'n groot mate op die oordeel van die toetsafnemer. Oor die algemeen kan dit egter gestel word dat waar slegs aanduidings van ang bestaan soos byvoorbeeld baie detail response,

x1 Schafer (1954) pp. 332-334

x2 Klopfer et.al. Op.cit. p. 294

x3 Schafer R. (1954) 161-162

beperkte inhoudsvariasie met baie A-response en ander aanduidings van onsekerheid, ^{x1} sonder aanduidings van sterk angs, kan die afleiding van teenwoordige angs gemaak word. Algemene anatomie dui ook op teenwoordigheid van angs. ^{x2}

iii) Oormaat van angs:

Oormaat van angs kan aangedui word deur -

- a) Abstraksies met disforiese inhoud soos chaos, nagmerrie, vrees, skok, dood ens. ^{x3}
- b) Angstige fabulasies soos vrees: afskuwelik, afstootlik, ens. distorsie: verwring, geboë, enorme insekte, ens. Vreemde response: fantasties, snaaks, eienaardig ens. ^{x4}
- c) 'n Totale rekord wat getuig van spanning, vrees en onsekerheid.

c) Introspektiewe Neigings:

i) Goed:

Goeie introspeksie: Vir doeltreffende introspeksie is eers- tens goeie menslike invoeling nodig wat 'n intuitiewe insig in menslike verhouding vergemaklik en dus ook 'n insig in eie gees- teswerkinge beteken, en tweedens, die spesifieke eienskap wat deur FK aangedui word, en wat in inhoud aangedui word deur 'n rekord wat bewys lewer dat die wisselwerking tussen die ego en eksterne werklikheid gesond is sodat die persoon sy eie beeld in perspektief sien met die res van sy omgewing. ^{x5}

Eersgenoemde eienskap word aangedui deur menslike response van goeie gehalte, ^{x6} terwyl laasgenoemde eienskap afgelei moet word van die gehalte van die hele protokol en veral die gehalte van die persoon se realiteitstoetsing, en die algemene gehalte

x1 Phillips & Smith (1953) pp. 115, 144.

x2 Ibid. p. 125

x3 " p. 123

x4 " p. 160

x5 Klopfer et. al. (1954) p. 268

x6 Ibid. p. 264

van die toets.

ii) Middelmatig:

Waar aanduidings bestaan dat insig in eie persoonlikheid moontlik is, maar nie as doeltreffend beskou kan word nie. Min menslike response of menslike response van swak kwaliteit met ander aanduidings dat die persoon hom kan distansieër van subjektiewe inhoude.

iii) Swak:

Waar geen menslike response voorkom nie, en geen aanduidings bestaan dat die persoon enige insig in sy eie gees besit nie. Veral by arm en verengde en repressiewe persoonlikhede kan aangeneem word dat insig weens onvermoë totaal ontbreek, of dat repressies doeltreffende insig belemmer.

2. Persoonlikheidseienskappe wat in verband staan met Uiterlike Aanpassing:

a) Emosionele beheer of Uiterlike Kontrole:

i) Goeie Emosionele Beheer:

Goeie emosionele beheer kan afgelei word uit 'n rekord wat aantoon dat impulse goed geïntegreer word met die persoonlikheid en dat alle impulse onder beheer is sonder enige aanduidings van uitbarstings of verswakking in verdediging. Gekontroleerde inhoud met aanduidings van goeie vormpeil is hier van belang. ^{x1}

ii) Middelmatige beheer:

Waar aanduidings bestaan dat impulse nie baie goed geïntegreer is nie, maar waar beheer nogtans redelik doeltreffend is, byvoorbeeld anatomieresponse wat dui op agressie wat nie uitgeleef word nie en onder beheer is, ^{x2} of response soos byvoorbeeld 'n kersvlam, wat ook dui op vyandigheid, maar waar die vlam ge-

x1 Klopfer et.al. (1954) pp. 334-335

x2 Phillips & Smith (1953) pp. 123-129

integreer is met duidelike vorm wat op doeltreffende kontrole dui.

In hierdie kategorie val ook persone wat oor die algemeen rekords toon met goeie uiterlike beheer, maar waar minder ernstige ineenstortings tot mindere mate voorkom byvoorbeeld een geïsoleerde gedagteversteuring wat op verswakke egokontrole dui in 'n andersins goed gekontroleerde rekord.

iii) Swak Beheer:

a) Onreaksie:^{×1}

Onreaksie as sulks sou nie op ernstige verlies van beheer dui nie, en daar kan aangevoer word dat dit eerder onder „Middelmatig“ moet klassifiseer. Dit gebeur egter nie omdat totale onreaksie op uiterlike prikkels dui op meer ernstige versteurings in die persoonlikheidsamestelling wat dit dus onder „Swak“ laat sorteer.

b) Impulsiewe en Swak Kontrole:

Onder hierdie afdeling val rekords wat duidelike tekens van ineenstorting van kontrole toon soos byvoorbeeld impulsiewe en ongekontroleerde aggressiewe uitbarstings, en ander ongekontroleerde gedrag, asook aanduidings van ego ineenstortings met verbreking van realiteitstoetsing.^{×2} Ineenstortings in werklikheidspersepsie (byvoorbeeld vormpeil),^{×3} gedagteversteurings, ens. tel onder laasgenoemde oorwegings.

b) Depressiewe Neigings:

i) Afwesig:

Waar geen aanduidings van depressiewe neigings bestaan soos onder die volgende twee kategorieë beskryf is nie.

×1 Klopfer et.al. (1954) pp. 311, 331.

×2 Ibid. pp. 570-571

×3 " pp. 334-335

ii) Teenwoordig:

Waar depressie nie baie duidelik voorkom nie, maar waar dit tog uit die algemene rekord afgelei kan word byvoorbeeld 'n baie arm, verengde protokol met repressie ^{×1} ^{×2} is alreeds 'n aanduiding dat vir verdere depressiewe inhoude gesoek kan word. Minder as tien response met min H-inhoud dui op teenwoordigheid van depressie. ^{×2} So is X-strale ook 'n aanduiding van die toestand. ^{×3}

iii) Oormaat:

Sekere inhoude is baie duidelike aanduidings van angs en toon ook dat die angs in oormaat teenwoordig is, byvoorbeeld bloed. ^{×4} Tweedens, disforiese inhoud soos dood, chaos, nagmerrie, ens. ^{×5} Let wel, dat enige response wat betrekking het op dood van groot belang is nie slegs met betrekking tot depressie nie, maar ook met betrekking tot angs. ^{×6}

Response soos geraamte, graf, en ontbinding hoort ook hierby. ^{×7} Derdens, degenerering, ontbinding en disintegrasiereponse soos geskeurde blaar, vrot voorwerpe, dooie hout en ook beskadiging soos geskeurde voorwerpe, verweerde voorwerpe, ouderdom, spatsels, smeer ens. ^{×7}

Laastens kan 'n depressiewe luim soms duidelik afgelei word uit die totale rekord sonder spesifieke inhoude soos hierbo genoem. ^{×7}

c) Affeksionele Integrasie of Inhibisie:i) Goed:

Goeie affeksionele integrasie kan grootliks afgelei word uit die houding wat die proefpersoon in sy rekord openbaar teenoor sy

×1 Klopfer et.al. (1954) pp. 311, 331.	×5 Ibid. p. 123
×2 Phillips & Smith (1953) p. 138	×6 " p. 134
×3 Ibid. p.125	×7 " p. 159
×4 " p. 43	

medemens, ^{×1} en ook grootliks uit sy response op kaarte IV en VII, veral kaart VII omdat dit as die moederskaart bekend staan en dus 'n aanduiding kan gee van die persoon se vroeë kinderlike affeksionele ervarings. ^{×2} Ook sal affeksie uit die inhoud bepaal word deur menslike response en deur die wyse waarop skadu gebruik en geïntegreer word. ^{×3} 'n Goeie kwaliteit van skaduresponse saam met goeie vorm en doeltreffende integrasie wat gepaard gaan met menslike response van goeie gehalte, is alles aanduidings van gesonde affeksionele behoefte met goeie integrasie.

Die gehalte van die hele protokol sal ook hier van belang wees.

ii) Middelmatige Affeksionele Behoefte of Inhibisie:

Affeksionele vervlakking. Onder hierdie kategorie val persone wat nie aan die vereistes vir „Goed” voldoen nie, dit wil sê vir wie daar geen aanduidings van 'n goeie affeksionele behoefte bestaan nie, en wie se persoonlikheidsaanpassing ook nie so goed is dat dit affeksionele integrasie onnodig maak nie.

Die term „Affeksionele Vervlakking” is hier van toepassing en beteken dat daar wel tekens van affeksie te vinde is in die inhoud, maar dat dit van so 'n gehalte is dat dit nie onder een van die „swak” kategorieë geplaas moet word nie.

iii) Swak Inhibisie of Affeksionele Behoefte:

a) Swak Integrasie:

Veral sal tekens van angs en skaduskok ^{×4} met vormpeilverswakking op response wat affeksie mag aandui, tekens wees van swak affeksionele integrasie.

b) Onderontwikkel:

Waar geen aanduidings van affeksionele behoefte bestaan

×1 Klopfer et.al. (1954) p. 264

×2 Ibid. p. 325

×3 Ibid. pp. 345-348

×4 " p. 347

kan die afleiding van onderontwikkeling of vereniging gemaak word. Indien ander aanduidings egter nie op vereniging dui nie, maar nogtans nie 'n normale goed gedifferensieerde persoonlikheid bestaan nie en affeksie afwesig is, dui dit op onderontwikkeling. ^{x1}

c) Vereniging:

Die aanduidings is dieselfde as by onderontwikkeling met die verskil dat die persoonlikheid as geheel arm en vereng voorkom.

d) Oorweldigend sterk:

In sommige gevalle kan van die inhoud afgelei word dat die affeksionele behoefte 'n oorweldigende rol in die persoonlikheid speel. In alle opsigte is dit duidelik dat die persoon smag na aandag en goedkeuring of toegeneentheid van sy medemens. So 'n sterk affeksionele behoefte kan slegs tot nadeel van persoonlikheidsintegrasie sterk, en daarom klassifiseer dit onder swak. ^{x2 x3}

Dit is duidelik dat bostaande norme vir die bepaling van die verskillende persoonlikheidseienskappe se kwaliteit uit die inhoudsanalise baie arbitrêr is en nie tot dieselfde mate in formules vasgelê kan word as wat die geval by determinante is nie. Om die rede is by die genoemde plasing van elke persoon, ook 'n motivering gegee van waarom elke eienskap van die persoon se kwaliteit as sulks aangedui word.

D. METODE VIR DIE BEPALING VAN TOTALE PRIMÊRE AANPASSING OF INSTELLING:

Die ontleding van hierdie studie se resultate geskied op die doeltreffendste wyse indien waardes toegeken word aan die verskillende kategorieë waarin die eienskappe verdeel word, naamlik die waarde van drie vir „Goed”, twee vir

x1 Klopfer et.al. (1954) pp. 291-292

x2 Ibid. p. 291

x3 Schafer, R. (1954) pp. 131-132

„Middelmatig en een vir „Swak“. x1

Hierbenewens is verder, met inagneming van sekere reëls van Wichmann, x2 asook met inagneming van die belang van elke eienskap, gewigte toegeken aan elke eienskap om sodoende sy relatiewe waarde in die totale persoonlikheid te laat geld.

Die berekeninge vir die bepaling van die primêre aanpassing se kwaliteit vind dan as volg plaas:

1. Kwantitatiewe ontledings plus Inhoudsaanduidinge:

Die kwaliteit (goed, middelmatig of swak) van elke eienskap betrokke by primêre aanpassing, word bepaal deur -

Eerstens, die ontleding van determinante en die verhoudings van determinante (kwantitatiewe ontleding) soos beskryf in afdeling A hierbo en volgens die kriteria uiteengesit in afdeling B.

Tweedens, aanduidinge wat verkry word uit die inhoudsontleding van die toetse soos beskryf in afdeling C in hierdie hoofstuk, en wat by die kwantitatiewe berekening gevoeg word.

Die ongeweege telling van elke eienskap sal dus bestaan uit die telling verkry van die determinante-ontledings plus die telling verkry van die inhoudsontleding.

2. Gewigte:

Elkeen van die volgende eienskappe waarvolgens primêre aanpassing bepaal word, naamlik Emosionele Wasdom, Angs en Introspeksie (vir innerlike aanpassing) en Emosionele beheer, Depressie en Affeksionele integrasie (vir uiterlike aanpassing), se belangrikheid ten opsigte van totale aanpassing sal verskil van die ander. Die relatiewe belangrikheid van elke eienskap word aangedui deur die gewig wat daaraan toegeken word en geskied as volg:

x1 Hierdie is 'n erken^{de} sosiometriese metode. Sien Van Zyl, D.P. (1967) p.31
 x2 Wichmann, S.W. (1954)

a) Innerlike Aanpassing:

Uit 'n totaal van 6, dra die eienskappe die volgende gewig:

Emosionele wasdom x 3; Angs x 1 en Introspeksie x 2. Hierdie gewigte is in breë trekke ooreenstemmend met die belang wat die onderskeie eienskappe geniet volgens Wichmann se reëls. ^{x1} Verder geld ook die volgende oorwegings:

i) Emosionele Wasdom:

Verreweg is dit die belangrikste eienskap betrokke by aanpassing, omdat dit die volgende insluit:

Verbeeldingskrag; innerlike stabiliteit; waardesisteen; self-aanvaarding; invoeling en aanduidings van intelligensie. ^{x2}

Weens die oorheersende belangrikheid van hierdie eienskap verdien dit ten volle die waarde van drie-sesdes of 'n half van die hele innerlike aanpassing.

ii) Angs:

Die teenwoordigheid, al dan nie, van ang is slegs 'n aanduiding van bestaande spanning of wanaanpassing, en is dus eerder 'n gevolg van aanpassing as 'n bepaalde faktor in aanpassing, ^{x3} daarom geld die relatiewe lae telling van een punt of een-sesde van die innerlike aanpassing as geheel.

iii) Introspeksie:

Introspeksie en die doeltreffendheid daarvan is 'n belangrike faktor vir die handhawing van geestesewewig deurdat insig in eie probleme 'n stabiliserende invloed uitoeven en perspektief gee op probleme. ^{x4} Hierdie faktor volg in rangorde van belangrikheid net na Emosionele Wasdom met die telling van twee-sesdes of een-derde van die innerlike aanpassing.

x1 Wichmann, S.W. (1954)

x2 Klopfer et.al. (1954) pp. 256-264

x3 Freud, S. (1949) p 110-113.

x4 Klopfer et.al. (1954) p.268

b) Uiterlike Aanpassing:

Uit 'n totaal van 6 dra die verskillende eienskappe die volgende gewigte:

Emosionele Beheer x 3; Terugtrekking x 1 en Affeksionele Behoeftte x 2. Volgens Wichmann se reëls is dit 'n vereiste dat vir goeie uiterlike aanpassing moet Emosionele Beheer in die hoogste kategorie wees terwyl Terugtrekking en Affeksionele Integrasie alternatief in enige kategorie mag val as die ander een in die hoogste kategorie is. Dit gee dus aan laasgenoemde twee eienskappe 'n waarde gelyk aan die helfte van Emosionele Beheer. Hierdie relatiewe belangrikheid van genoemde drie eienskappe verskil egter van die gewigte toegeken in hierdie studie, waar die volgende oorwegings in die bepaling van relatiewe gewigte geld:

i) Emosionele Beheer:

Die eienskap „Emosionele Beheer“ is die hoofbepaler van beheer ^{×1} onder „Uiterlike Aanpassing“, daarom dat dit 'n gewig van drie uit ses dra, of die helfte van uiterlike aanpassing as geheel.

ii) Terugtrekking of Depressie:

Terugtrekking is in sigself 'n vorm van beheer deurdat dit spontane uitlewing demp. ^{×2}

Hierdie eienskap se beheerfunksie of, indien dit te sterk is, sy disintegreerende funksie, is egter geheel en al sekondêr aan „Emosionele Beheer“ sowel as aan „Affeksionele Integrasie“, daarom dat dit slegs 'n gewig van een uit ses dra.

iii) Affeksionele Integrasie:

Affeksionele behoefte goed geïntegreer oefen 'n regulerende funksie uit op 'n persoon se uiterlike reaksie deurdat dit ver-

×1 Klopfer et.al. (1954) p. 268

×2 Ibid. p. 293

fynde aanvoeling vir sosiale kontak verskaf. ^{×1} Daarbenewens dien affeksionele integrasie as buffer of beskerming van die ego teen impulse wat inwerk uit die sosiale omgewing. Indien die persoon se affeksionele behoefte nie goed genoeg geïntegreer is om die prikkels doeltreffend te verwerk nie, word die impulse verdring en depressiewe neigings ontstaan. ^{×2}

Dit is dus duidelik dat inhibisie of affeksionele integrasie 'n belangrike funksie vervul in uiterlike aanpassing, slegs tweede in belangrikheid na emosionele beheer, maar belangriker as depressiewe neigings. Om hierdie rede dra affeksionele integrasie 'n gewig van twee uit ses of een derde.

3. Berekening van Totale Primêre Aanpassing:

Volgens die bostaande beskrywing kan die totale primêre aanpassing van 'n individu bereken word deur samestelling van die betrokke faktore op die volgende wyse:

$$A_T = I + U \text{ (Totale Aanpassing = Innerlike aanpassing + Uiterlike Aanpassing)}$$

$$\text{Waar } I = (E+A+I) \text{ (Innerlike Aanpassing = Emosionele Wasdom + Angs + Introspeksie)}$$

$$\text{en } U = (B+D+A) \text{ (Uiterlike Aanpassing = Emosionele Beheer + Depressie + Affeksionele Behoeftes)}$$

$$\text{Dus } A = (E+A+I) + (B+D+A)$$

Na toekenning van gewigte aan die onderskeie eienskappe volgens die voorgaande metode, sal die totale geweege aanpassing (A_G) as volg daar uitsien:

$$A_G = (3E + 1A + 2I) + (3B + 1D + 2A)$$

Aangesien laasgenoemde formule dieselfde is as

$$A_G = (3E + 1A + 2I + 3B + 1D + 2A)$$

blyk dit dat dit nie noodsaaklik is om tussen innerlike- en uiterlike aanpassing te onderskei ten einde totale aanpassing te verkry nie.

×1 Klopfer et.al. (1954) pp. 291-292

×2 Wichmann S.W. (1954) p.

Die onderskeid word egter slegs gehandhaaf ter wille van morfologiese differensiasie.

Die maksimum telling vir enige persoon se primêre aanpassing sal dan bestaan uit die somtotaal van alle eienskappe se telling wat verkry word uit die maksimum waarde vir determinante-ontleding, plus die maksimum waarde van inhoudsontleding van 'n eienskap vermenigvuldig met die gewig van elke betrokke eienskap. Volgens die formule -

$A_G = (3E + 1A + 2I) + (3B + 1D + 2A)$ sal die totale maksimum waarde dus wees:

$$A_G = (3 \times 6 + 1 \times 6 + 2 \times 6) + (3 \times 6 + 1 \times 6 + 2 \times 6) \\ = 72$$

Vir die minimum waarde sal die telling twee wees in plaas van ses (swak determinanttelling 1 plus swak inhoudsaanduiding 1) en dit verskaf 'n minimum totale waarde vir primêre aanpassing van 24. Die gebied in totale primêre aanpassing strek dus van 24 tot 72.

Indien dit nodig geag word om die kwaliteit van totale primêre aanpassing te bepaal, kan dit van die puntetelling afgelei word as volg:

62.4 - 72.0 - Sterk

52.8 - 62.4 - Middelmatig Sterk

43.2 - 52.8 - Middelmatig

33.6 - 43.2 - Middelmatig ondoeltreffend

24 - 33.6 - Ondoeltreffend

HOOFSTUK VIIVERDEDIGING

In hoofstuk VI is getrag om die primêre basiese aanpassing of „Instelling“^{×1} van die proefpersone te bepaal. In hoofstuk VII word nou getrag om die doeltreffendheid van verdedigingsmeganismes vas te stel. Hierna sal die primêre aanpassing of instelling en verdediging byeengebring word om sodoende 'n beeld van die finale aanpassing te verkry - die uiteindelijke produk van die primêre aanpassing en verdedigingsdoeltreffendheid.

A. BESKRYWING VAN VERDEDIGING EN DIE PERSOONLIKHEIDSEIENSAPPE DAARBY BETROKKE^{×1}

In die Rorschachtoets kan aanduidings van verdedigings- en aanpassingsdoeltreffendheid gevind word in ten minste ses algemene aspekte van die toetsverrigtinge:

1. Geestesmeganismes en Gedagteversteurings.
2. Spesifieke Geartikuleerde Vorm.
3. Akkurate vorm.
4. Integrasie van stimulus, telling, beeld en houding.
5. Graad van tematiese beheersing en balans.
6. Emosionele stemming.

1. Geestesmeganismes en Formele Gedateversteurings:^{×2}

Ego-verdedigings kan verdeel word in:

- a) Suksesvolle verdediging wat 'n einde maak aan dit wat afgeweer word; en
- b) Onsuksesvolle verdediging wat 'n herhaling of voortsetting vereis van die afweerproses om sodoende die uitbarsting van die afgeweerde impulse te verhinder.^{×3}

Sublimasie kan beskou word as suksesvolle verdediging terwyl onsukses-

×1 Schafer R. (1954) pp. 173, 174

×2 Ibid. p. 184

×3 Fenichel, O. (1963) p. 141

volle verdediging die patogeniese meganismes insluit. ^{x1}

Die terme „suksesvolle verdediging" word hier duidelik gebruik in die sin dat dit aanpassing bevorder deurdat dit help om spanning te verlig, en die mate waartoe die meganisme meehelp om innerlike- en sosiale integrasie te bewaar, ^{x2} al beteken dit slegs 'n tydelike en oppervlakkige wyse van ontkenning, onderdrukking, of wat dit ookal mag sy, van die impulsbedreidings. Dit is in hierdie sin wat die doeltreffendheid van die meganismes bereken word.

Geestesmeganismes en formele gedagteversteurings word saam bestudeer omdat laasgenoemde beskou kan word as 'n voortsetting of 'n ernstiger vorm van neurotiese meganismes in dié sin dat in beide geestesmeganismes sowel as gedagteversteurings realiteitstoetsing tot mindere of meerdere mate verswak is, ^{x3} ^{x4} en dat dit dui op verswakking van ego-funksie. „Other defence mechanisms consist of a partial cessation of certain functions of the ego. ^{x3} Perceptual distortions usually indicate the loosening of reality testing, frequently found in records of severe neurotics and borderline psychotics." ^{x4}

Waar formele gedagteversteurings deurgaans herken kan word as aanduidings van ego-disfunksie, en as sulks as onsuksesvolle verdediging aanvaar kan word, is die implikasies van meganismes meer gunstig vir verdediging deurdat dit in sekere opsigte doeltreffende verdediging kan aanhelp.

Geestesmeganismes:

Uit die aard van die saak is sommige meganismes se verdedigingsfunksie doeltreffender as ander, en word die verwagte verdedigingsdoeltreffendheid van elke meganisme aangedui in die kriteria.

x1 Sublimasie is 'n veel omvattende term wat begrippe en terme insluit buite die bestek van hierdie studie. Sien op.cit. pp.141-143.

x2 Ibid. p. 143

x3 " pp. 144, 410

x4 Klopfer et.al. (1954) pp. 282 - 283

Uit die meganika van die verskillende meganismes kan hulle algemene doeltreffendheid tot 'n mate afgelei word. Of die verdedigingsmeganismes as suksesvol, middelmatig of onsuksesvol beskou word, sal afhang van hoe stabiel elke spesifieke meganisme as verdedigingsmeganisme volgens beskikbare literatuur beskou word.

Daar moet op gewys word dat die verdedigingsdoeltreffendheid van 'n spesifieke meganisme in die algemeen byvoorbeeld sterk kan wees (Reaksieformasie kan byvoorbeeld as 'n sterk verdediging beskou word omdat dit gewoonlik onbuigbaar en vereng voorkom), maar dat die situasie vir elke individu sal verskil. Ten einde haarklowery te vermy, sal in hierdie ondersoek egter by die algemene afleidings uit die literatuur bepaal word.

Formele Gedagteafwykings:

Namate tekens van formele gedagteversteurings toeneem, kwalitatief en kwantitatief, beteken dit ook toenemende ineenstorting van aanpassing en verdediging. Dit dui op patogeniese regressiewe verskuiwing in die funksioneringsvlak, dit wil sê regressie na primitiewe, sosiaal oneffektiewe metodes van verdediging en aanpassing. ^{x1}

Die hoeveelheid en sterkte van Geestesmeganismes en Formele Gedagteversteurings word verkry uit die Opsommende Tematiese Klassifikasie,

Bylaag C .

2. Spesifieke Geartikuleerde Vorm:

Die beste aanduiding van goeie vorm word verkry van die verlengde F-persentasie, dit is alle response met 'n primêre of hoofsaaklik vorm-komponent waarby ook ingesluit is die gewone F. ^{x2 x5}

Die persoon se hantering van vorm is gewoonlik 'n aanduiding van sy hantering van selfkontrole. Swak vorm is 'n aanduiding van angs wat

x1 Schafer, R. (1954) p. 184
 x2 Ibid. p. 175
 x3 " p. 176
 x4 " pp. 177, 178.

x5 Ibid. p. 178
 x5 Rapaport, Schafer & Gill (1946)

deurbreek, daarom is vorm 'n aanduiding van aanpassing en verdedigingsdoeltreffendheid. ^{x1}

In hierdie opsig gee die verlengde F-persentasie (wat alle vormresponse insluit soos M, FM, FK,F,Fc,FC em FC) 'n betroubaarder aanduiding as slegs F alleen. Die beginsel van selfkontrole wat hier van belang is, word dus hoofsaaklik afgelei uit die verhouding van primêr vormgedetermineerde response teenoor vae vorm response soos byvoorbeeld KF, cF, C'F en CF. Die verlengde F% gee 'n betroubare aanduiding van die verhouding.

3. Akkurate Vorm:

In hierdie verband word spesifiek klem gelê op vormpeil. ^{x2} Die determinante wat gebruik word vir die bepaling van vormpeil, is ook dieselfde as vir verlengde F%, met die verskil dat die vereistes vir die verlengde F-persentasies laer is as by spesifieke geartikuleerde vorm, aangesien die klem val op vormpeil en nie op determinante nie.

Die verkryging van akkurate vorm dui doeltreffende realiteitstoetsing aan. Doeltreffende realiteitstoetsing veronderstel 'n relatiewe stabiele verdedigings- en aanpassingstoestand. Dit impliseer egosterkte. ^{x3}

4. Integrasie van Stimulus, Telling, Beeld en Houding:

Hoe beter die bostaande aspekte geïntegreer is, hoe doeltreffender is die persoon se verdedigingstabiliteit en aanpassing, daarteenoor dui teenstrydighede tussen stimulus, telling, beelde en houding in ooreenstemmende mate op verdedigings- en aanpassingsonstabiliteit.

Saam met toereikende intelligensie maak 'n stabiele verdediging en aanpassing dit moontlik om komplekse response uit te brei op 'n verbeeldingryke innerlik bestendige wyse. ^{x4}

x1 Schafer, R. (1954) p.175

x2 Ibid. p. 176

x3 " pp. 177, 178

x4 " p. 181

Verder het so 'n persoon die vermoë om konsepte en beelde op te roep wat moontlike swak response en foute in sy response tot voordele omskep.

Verwerping van 'n kaart dui op onvermoë om sekere faktore doeltreffend te integreer. ^{×1}

5. Tematiese Beheersing en Balans: ^{×2}

In hierdie verband word veral gelet op die sterkte van impulse wat in die protokol aangedui word, en soos weergegee word in die „Opsommende Tematiese Klassifikasie“ in Hoofstuk X, asook op die verhouding daarvan met die hele rekord.

Sekere uitdrukkings van vyandigheid, seksualiteit, angs, ens. mag teenwoordig wees in die beeld sonder om besondere betekenis te hê, terwyl kwantitatiewe en kwalitatiewe uiterstes hiervan egter wel betekenisvol is.

Kwalitatiewe uiterstes in temas dui aan dat die persoon se bewussyn oorweldig word deur wat normaal onbewuste gedagtes, fantasieë, gevoelens en impulse is en dat 'n ineenstorting van verdediging en aanpassing plaasvind. ^{×3}

Met betrekking tot die balans kan gestel word dat selfs in normale rekords sekere impulse soos angs, vyandigheid, ens. in matige hoeveelhede aanwesig sal wees. Dit word egter gebalanseer deur spontane gebruik van aangename optimistiese en kalm response. ^{×4}

6. Emosionele houding:

Met redelike suksesvolle verdedigings- en aanpassingsmeganismes (in die sin dat angs en skuld afgeweer word en dat impulse konstruktief met verligting van spanning aangewend word) sal die persoon se emosionele houding oor die algemeen kalm, ontspanne en min of meer positief was. ^{×5}

×1 Phillips & Smith (1953) pp. 165, 197.

×2 Schafer (1954) p. 182

×2 Ibid. p. 183

×4 Ibid. p. 184

×5 " p. 174

Met relatiewe oneffektiewe verdediging kan enige uiterstes in emosionele gedrag verwag word. ^{x1}

Emosionele Houding kan ook afgelei word uit die Opsommende Tematiese Klassifikasie, Bylaag C.

B. NORMS VIR DIE BEPALING VAN DIE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE BETROKKE BY VERDEDIGING. ^{x2}

1. Geestesmeganismes en Formele Gedagteversteurings:

Verdedigingsmeganismes:

Verdedigingsmeganismes word ingedeel in sterk en middelmatig. Soos reeds bespreek, word 'n algemene aanduiding van elke meganisme se verdedigingsdoeltreffendheid in die literatuur gegee. Hiervolgens sal Kompensasie en ontkenning, ^{x3} reaksieformasie, ^{x4} ondoening (undoing) ^{x5} en isolasie ^{x6} beskou word as sterk verdedigingsmeganismes wat bevorderlik is vir die verligting van spanning.

Identifikasie, ^{x7} regressie, ^{x3} ^{x8} projeksie, ^{x9} ^{x3} en repressie ^{x10} is middelmatig ^{x3} ^{x10} terwyl blokkering (sterk repressie) ^{x3} en grandiositeit ('n form van fantasie) ^{x3} ook onder middelmatig geklassifiseer word.

Gedagteversteurings: ^{x11}

Die gedagteversteurings kan sonder uitsondering almal beskou word as ondoeltreffend vir verdediging en is deurgaans aanduidings van verdedigingsineenstortings.

2. Spesifieke Geartikuleerde Vorm:

Vir die bepaling van hierdie eienskap word geneem:

Die verlengde F-persentasie wat bestaan uit alle primêre vormresponse, dit wil sê M, FM, FK, Fk, F, Fc, FC' en FC en Die F%.

x1 Schafer (1954) p. 182

x2 Ibid. pp. 171-185

x3 Fenichel, O. (1963) p. 144

x4 Ibid. p. 151

x5 " p. 153

x6 " p. 155

x7 Ibid. p. 142

x8 " p. 160

x9 " p. 146

x10 " p. 148

x11 Schafer, R. (1954) p. 184

a) Suksesvolle spesifieke geartikuleerde vorm, aangedui deur die afkorting S.

Verlengde F van 85 tot 95% van R ^{×1}

F = 20 tot 50% ^{×3}

b) Middelmating, aangedui deur die afkorting M.

Verlengde F = 75 tot 85%

F < 20 of F = 60 tot 80% ^{×2}

c) Ondoeltreffend, aangedui deur die afkorting O.

Verlengde F > 95% of < 75% ^{×1}

F < 20 of > 80% ^{×2 ×3}

3. Akkurate Vorm:

a) Suksesvolle akkurate vorm aangedui deur die afkorting S.

Verlengde F = 80 tot 90% van R ^{×4}

Vormpeil deurgaans positief. ^{×5}

b) Middelmating, aangedui deur die afkorting M.

Verlengde F = 70 tot 80% ^{×4} of 90 tot 95%

Tot 2 minus response word toegelaat.

c) Ondoeltreffend, aangedui deur die afkorting O.

Verlengde F > 90% of < 70% ^{×4}

Meer as twee minusresponse toegelaat.

4. Integrasie van Stimulus, Telling, Beeld en Houding:

a) Suksesvol: (Aangedui deur S.)

Waar geen tekens van teenstrydigheid tussen stimulus telling, beelde en houdings voorkom nie. ^{×3}

Geen verwerping van kaarte toegelaat nie. ^{×4}

b) Middelmating: (Aangedui deur die afkorting M. ^{×2 ×3}

Tot twee aanduidings van teenstrydigheid tussen stimulus, telling,

×1 Schafer, R. (1954) p. 174 ×2 Ibid. p. 180 ×3 Ibid. p. 181

×4 Aangesien verwerping van 'n kaart dui op onvermoë tot suksesvolle integrasie van stimulus en beeld en/of houding, het enige verwerping 'n negatiewe implikasie. Sien bv. Schafer, R.S. (1954) p. 195, Beck, J. (1961) p. 26. Klopfer & Kelley (1946) p. 209.

beeld en houding toegelaat, egter geen „sterk“ impulsiewe disrup-
sie van integrasie moet voorkom nie. Verwerping van slegs een kaart
word toegelaat.

c) Onsuksesvol: (Aangedui deur 0) ×¹

Meer as twee aanduidings van konflik tussen stimulus, telling,
beeld en houding, of die voorkoms van enige „sterk“ emosioneel-
belaaide konflik veroorsakende impuls. Meer as een verwerping van
kaarte kan voorkom.

5. Tematiese Beheersing en Balans:

Weereens moet daarop gewys word dat alhoewel sekere kriteria gegee
kan word, die uiteindelijke gevolgtrekking deur die toetsafnemer gemaak
word en die bestaan van 'n sogenoemde „betroubaarheidsgaping“ dus nie
ontken kan word nie.

Schafer beskryf tematiese beheersing en balans as een van 'n aantal
faktore in die bepaling van die doeltreffendheid van verdediging. ×²
Aanduidings word gegee van kenmerke wat geld vir doeltreffende of on-
suksesvolle verdediging, maar duidelike kriteria ontbreek. Alhoewel dit
dus blykbaar stilswyend aan die toetsafnemer oorgelaat word om op grond
van ervaring en kennis afleidings uit die inhoud te maak met betrekking
tot die sterkte van betrokke impulse, is dit tog nodig om sover moontlik
volgens kriteria te werk.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die impulse waaruit die
tematiese beheersing en balans bepaal word, opgedeel in „tematiese be-
heersing“ en in „balans“. „Tematiese Beheersing“ word weer opgedeel in
sterk, middelmatig en onsuksesvolle verdediging.

Eerstens, Tematiese Beheersing:

Die kwaliteit van tematiese beheersing word bepaal deur die volgende
kwaliteite van die impulse in ag te neem: ×³

×¹ Schafer, R. (1954) p. 174 ×² Ibid. p. 182 ×³ Phillips & Smith (1953)
pp. 110-114

- a) Sterkte van impulse.
- b) Herhalings van elke impulsmanifestasie.
- a) Sterkte van impulse:

Die sterkte van impulse word verdeel in sterk, duidelik en aanduidings van impulse. Hierdie verdeling en die klassifikasie van die betrokke impulse word direk verkry en oorgeneem uit die „Opsommende Tematiese Klassifikasie“ waar die impulse dan ook aanvanklik geklassifiseer is volgens die kriteria vir hierdie laasgenoemde tabelle.

- b) Herhaling van inhoud *¹

'n Aspek van herhaalde voorkoms van inhoud, is die feit dat die herhaalde voorkoms van sekere inhoude of impulsaanduidings gedurende die toetsprosedure, 'n sekere duidelike aanwysing of bevestiging van daardie spesifieke inhoud of impuls gee. Dit geld dus ook as 'n aanduiding van intensiteit van die impuls. Die frekwensbepaling van inhoude se voorkoms hang saam met die vorige afdeling, nl. sterkte van impulse. Frekwensiebepaling is dus streng gesproke nie 'n aparte afdeling nie.

Die Eenheid tussen Sterkte van Impuls en Herhaling van Inhoud in die bepaling van Tematiese Beheersing:

Tematiese beheersing as aspek van verdediging word hoofsaaklik bepaal op grond van die sterkte van die inhoude of impulse, bereken volgens die voorafgaande twee aspekte, (a) en (b). Vir die daarstelling en berekening van die totale beheersing, deur die samevoeging van die twee genoemde aspekte, moet die twee tegelyk beskou word en wel op die volgende wyse:

Aanvanklik word die sterkte van elke impuls bereken volgens die metode wat daaronder uiteengesit is.

Vervolgens word die totale hoeveelheid kere wat 'n sekere inhoud aangedui word as „sterk“, „duidelik“ of „aanduiding“ bygemaakgetel om die uiteindelige rol wat die besondere eienskap in die totale persoonlikheid speel, vas te stel, en dit word op die volgende wyse verkry:

i) Aanduidings:

Met een aanduiding van 'n sekere impuls is dit veilig om die betrokke impuls buite rekening te laat. Met twee tot vier aanduidings bestaan genoeg sekerheid om die gevolgtrekking te maak dat aanduidings van die betrokke eienskap bestaan.

ii) Duidelike impulse:

Vyf of meer aanduidings van 'n sekere eienskap kan as duidelike voorkoms aanvaar word. Een duidelike teken geld as „aanduiding“ en nie as „duidelike“ eienskap nie.

iii) Sterk impulse:

Meer as drie „duidelike“ tekens kan as „sterk“ beskou word. Slegs een „sterk“ impuls is voldoende om op eie bene te staan. Sover betreffende tematiëse beheersing.

Tweedens, Tematiëse Balans:

Tematiëse balans word verdeel in goed, middelmatig en swak.

i) Goed: (aangedui deur G).

'n Mate van vryheid van bewustheid en van uitdrukking van impulse en gevoel is 'n kenmerk van stabiele aanpassing. Die persoon sal ook beelde gebruik wat positief gekleurd is. Vir hierdie kategorie sal 'n balans tussen negatiewe en teenoorgestelde positiewe beelde in min of meer gelyke mate dus as goeie balans bestempel word.

ii) Middelmatige Balans: (Aangedui deur M).

Waar aanvanklike negatiewe beelde en beelde wat vir aanpas-

sing ongunstig is, die hoeveelheid positiewe beelde en kenmerke oorskry.

iii) Swak balans: (Aangedui deur S.)

Waar baie min of geen positiewe balanserende faktore aanwesig is om as gunstige aanpassende aspek beskou te kan word nie.

Derdens. Samestelling van „Tematiese Beheersing“ en Tematiese Balans“

Onder die voorafgaande indeling met die opskrif „Tematiese Beheersing en Balans“ is kriteria aangedui vir die vasstelling van tematiese beheersing. Daarna is bogenoemde kriteria vir tematiese balans aangedui. Hierdie twee aspekte word nou saamgevoeg om uiteindelik die resultaat te verskaf in die afdeling „tematiese beheersing en balans“.

Die samestelling vind as volg plaas:

		Tematiese Balans		
		Goed	Middelmatig	Swak
Tematiese Beheersing	Sterk	Goed	Goed	Middelmatig
	Duidelik	Goed	Middelmatig	Onsuksesvol
	Aanduiding	Middelmatig	Onsuksesvol	Onsuksesvol

6. Emosionele Houding:

Alle emosionele aanduidings moet gesien word teen die breëre toetsagtergrond en teen die totale persoonlikheid. Die oordeel en ervaring van die toetsafnemer is van deurslaggewende belang, hoe relatief dit ook al mag wees. 'n Kontrolerende oorweging is egter dat vele faktore op die spel is sodat foutiewe oordeel tot 'n groot mate daardeur beheer en gekorrigeer kan word.

a) Sukksesvol: (Aangedui deur die afkorting S.)

'n Kalm, ontspanne en positiewe emosionele houding ^{×1} sover dit uit die toets afgelei kan word. Angs en skuldgevoelens word doeltreffend afgewend en impulse konstruktief tot uiting laat kom. Normale variasies van angstigheid, verveling, irritasie, vrolikheid, ens. word binne perke toegelaat.

b) Middelmatig: (Aangedui deur M).

Die rol wat die persoonlike insig van die toetsafnemer speel kom hier meer ter sprake aangesien hierdie indeling van „middelmatig” nie duidelik omskryf kan word nie, maar persone hieronder sal klassifiseer as:

i) Die aanduidings van só 'n aard is dat geen duidelike „sukksesvol” of „onsukksesvolle” afleidings en indeling gemaak kan word nie, normatief dus, 'n middelweg tussen „sukksesvol” en „onsukksesvol”.

ii) Onduidelike Situasië:

Waar twyfel en onduidelikheid bestaan met betrekking tot die plasing van 'n persoon.

c) Onsukksesvol: ^{×2} (Aangedui deur die afkorting O.)

Aanduidings van uiterste emosies soos onderwerping, angs, depressie, geforseerde lag, spanning, ens. en vele ander aanduidings van ongeballanseerde emosie.

C. METODE VIR DIE BEPALING VAN TOTALE VERDEDIGING

Soos voorgaande aandui, bestaan die uiteindelijke of totale verdediging uit die vyf eienskappe, naamlik -

1. Geestesmeganismes en Formele Gedagteversteurings.
2. Spesifieke Geartikuleerde Vorm.

×1 Schafer, R. (1954) p. 174

×2 Op. Cit. p. 174

3. Akkurate Vorm.
4. Integrasie van Stimulus, Telling, Beeld en Houding.
5. Tematiese Beheersing en Balans.
6. Emosionele Stemming.

Verdediging kan dus as volg aangedui word: $V = G + S + A + I + T + E$, waar G, S, A, I, T, en E onderskeidelik elk van die ses bostaande eienskappe verteenwoordig.

Die genoemde eienskappe word ingedeel in die kategorieë: Sterk (afkorting S); Middelmattig (M) en Ondoeltreffend (afkorting O). Hierdie vyf verdedigingseienskappe dra elk eweveel gewig in die bepaling van die totale verdediging. Daar is egter verskillende reëls wat vir die verskillende eienskappe geld.

1. Geestesmeganismes en Formele Gedagteversteurings:

Die totale verdedigingsdoeltreffendheid kan beswaarlik hoër of beter wees as wat hierdie eienskap toon, met ander woorde, hierdie eienskap se kwaliteit plaas 'n plafon op totale verdediging.

Hierdie reël geld hoofsaaklik omdat gedagteversteurings aanduidings is van ernstige logiese afwykings en aanpassingsineenstortings; manifestations of formal thought disorder are predicated upon pathologically regressive shifts in level of functioning, that is, retreats toward primitive, minimally socialized modes of defense and adaptation. ^{x1}

Met hierdie eienskap as „swak“, kan totale verdediging nie beter as middelmattig wees nie.

2. Spesifieke Geartikuleerde Vorm:

Dieselfde reëls geld hier as by die voorgaande „Geestesmeganismes en Gedagteversteurings“, en die motivering hiervoor is dat verbreking van die vormpeil ook dui op aanpassingsineenstortings. ^{x2 x3}

x1 Schafer, R. (1954) p. 184

x2 Klopfer et.al. (1954) pp. 294, 334-335

x3 Schafer, R. (1954) pp. 176-180

3. Akkurate Vorm:

Dieselfde geld hier as vir „Spesifieke Geartikuleerde Vorm“.

4. Integrasie van Stimulus, Telling, Beeld en Houding:5. Graad van Tematiese Beheersing en Balans:

Met een van laasgenoemde twee eienskappe in die „Ondoeltreffende“ kategorie, kan die totale verdediging nie beter wees as „middelmatig-ondoeltreffend“ nie, aangesien hulle ook belangrike aanduidings is van ego-funksionering en aanpassing, maar nie van so oorheersende belang is as eersgenoemde drie nie. ^{x1}

6. Emosionele Houding:

Alhoewel emosionele houding dieperliggende geesteswerkinge mag openbaar en dus simptome mag wees van innerlike aanpassing of wanaanpassing, mag emosionele houding egter ook beïnvloed word deur tydelike omgewingsfaktore wat nie so 'n diep sielkundige inslag het nie. ^{x2}

Om hierdie rede plaas die minimum kwaliteit van genoemde eienskap geen beperkings anders as sy regmatige gewig, op die totale verdediging nie.

Toekenning van Waardes:

Waardes word aan die verskillende verdedigingseienskappe toegeken op dieselfde beginsels as by „Primêre Aanpassing“. Vir enige eienskap word die waarde van drie toegeken aan die kwaliteit „sterk“, twee aan „middelmatig“ en een aan „swak“.

Gewig van verskillende verdedigingseienskappe onderling:

Omdat al ses verdedigingseienskappe gelyke gewig dra in totale verdediging, sal elke eienskap se gewig ten opsigte van die ander eienskappe gelykwaardig, en dus gelyk aan een wees.

x1 Scahfer, R. (1943) p. 180-182

x2 Ibid. p. 174

Tussen die eienskappe onderling sal dit dus net die waarde van die kwaliteit wees wat van belang sal wees.

Gewig van Totale Verdediging ten opsigte van Totale Uiteindelijke of Finale Aanpassing:

Vir die bepaling van „Totale Uiteindelijke Aanpassing” word „Primêre Aanpassing” of „Instelling” en „Totale Verdediging” saamgevoeg, en dra „Primêre Aanpassing” en „Verdediging” eweveel gewig in die bepaling van „Totale Uiteindelijke Aanpassing”.

Aangesien elke eienskap van „Primêre Aanpassing” egter bestaan uit die som van twee ander bepalers, naamlik determinante-aanduidings en inhoudsaan-duidings, en benewens dit elke eienskap nog geweeg is, moet die waarde van elke eienskap betrokke by „Verdediging” met vier vermenigvuldig word om aan „Verdediging” dieselfde gewig as „Primêre Aanpassing” te besorg. Dit gee die volgende formule: $Vt = (4G + 4S + 4A + 4I + 4T + 4E)$.

Hierdie maatreël bring mee dat die minimum telling vir „Totale Verdediging” 24 is en die maksimum 72 met 'n gebied van 48, wat presies ooreenstem met „Primêre Aanpassing” sodat „Primêre Aanpassing” en „Verdediging” dieselfde gewig dra as hulle saamgetel word om „Uiteindelijke Aanpassing” te bereken. Indien die kwaliteit van Totale Verdediging verlang word kan dit as volg bereken word:

62.4 - 72.0 - Sterk

52.8 - 62.4 - Middelmattig sterk

43.2 - 52.8 - Middelmattig

33.6 - 43.2 - Middelmattig Ondoeltreffend

24 - 33.6 - Ondoeltreffend

HOOFSTUK VIII

SINTESE: PRIMÊRE AANPASSING EN VERDEDIGING

Die samestelling van Primêre Aanpassing en Verdediging vind plaas om daarmee die Sekondêre of Uiteindelijke Aanpassing van die verskillende proefpersone te verkry, en daarna die aanpassing van die onderskeie groepe te bereken.

Aangesien die kwaliteit van beide „Primêre Aanpassing“ en van „Verdediging“ numeries uitgedruk word deurdat waardes sowel as gewigte toegeken is, vind hulle samestelling plaas slegs deur summering van hulle totale. Die formule vir Uiteindelijke Aanpassing sal dan wees: $U = A + V$

$$= (3E+1A+2I+3B+1D+2A) + (4G+4S+4A+4I+4T+4E)$$

Skematies kan die samestelling as volg voorgestel word:

SKEMATIESE VOORSTELLING VIR SAMESTELLING VAN UITEINDELIGE OF FINALE AANPASSING:

		<u>PRIMÊRE AANPASSING</u>		<u>VERDEDIGING</u>	
		Determi- nante	Inhoud		
Inner- like aanpas- sing	Emosionele Wasdom	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix}$	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix} \times 3$	Geestesmeganismes en Gedagteversteu- ring	G 12 M 8 S 4
	Angs	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix}$	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix} \times 1$	Spesifieke Geartikuleerde Vorm	G 12 M 8 S 4
	Introspek- tiewe Neigings	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix}$	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix} \times 2$	Akkurate Vorm	G 12 M 8 S 4
Uiter- like aanpas- sing	Emosionele Beheer	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix}$	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix} \times 3$	Tematiese Beheersing en Balans	G 12 M 8 S 4
	Depressiewe Neigings	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix}$	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix} \times 1$	Integrasie van Stimulus Telling, Beeld en Houding	G 12 M 8 S 4
	Affeksionele Integrasie	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix}$	$\begin{bmatrix} G & 3 \\ M & 2 \\ S & 1 \end{bmatrix} \times 2$	Emosionele Houding	G 12 M 8 S 4

Dit moet in gedagte gehou word dat die voorgaande formule sowel as die skematiese voorstelling 'n aanduiding is van die manier waarop elke individuele toetsling se resultate saamgevoeg word om sy uiteindelijke aanpassing te bereken. Vanselfsprekend kan elke afsonderlike eienskap bepaal word indien dit verlang word. So ook kan die innerlike aanpassing van elke persoon aangedui word, of die uiterlike aanpassing, of die totale primêre aanpassing, of die verdediging, met ander woorde, elke komponent waaruit uiteindelijke aanpassing bestaan, kan afsonderlike bepaal word indien so begeer.

Uiteindelik sal die Totale Uiteindelijke Aanpassing van die drie toetsgroepe bepaal word en daarom sal die verkreë waardes van die individue in elke groep bymekaar getel word waaruit vervolgens resultate bereken sal word om tot statisties gefundeerde gevolgtrekkings te geraak.

HOOFSTUK IX
STATISTIESE VERWERKING

Weens die kwalitatiewe aard van die Rorschach, is toepasbare statistiese metodes uiteraard beperk. Statistiese metodes in die Rorschach is deur Beck ondersoek ^{×1}, maar elke nuwe situasie of navorsingsmetode vereis 'n nuwe statistiese benadering. Dit is dan ook die geval met hierdie studie weens die spesifieke geaardheid daarvan.

In hierdie studie word van 'n skaal gebruik gemaak wat dit moontlik maak dat kwantitatiewe waardes toegeken word aan kwalitatiewe waardes, en wat so-doende die moontlike veld vir toepassing van statistiese metodes aansienlik vergroot.

'n Kompliserende faktor is die grootte van die monsters en die onsekerheid of 'n normale verspreiding veronderstel kan word. Na intensiewe bestudering van die bepaalde toetsprosedure deur 'n statistiek-outeuriteit ^{×2}, is besluit op die metodes wat uiteindelik aangewend is.

VEREISTES VAN STATISTIEK:

Volgens die doel van die studie naamlik om die aanpassing van die drie toetsgroepe Bantoes te vergelyk, is dit wenslik, indien nie noodsaaklik nie, dat die resultate sover moontlik statisties getoets word ten einde nie alleenlik die betekenisvolheid van die gegewens vas te stel nie, maar ook in 'n poging om andersins onopsigtelike tendense te bepaal.

1. Funksie van Statistiese Aanwending:

a) Die eerste doel waarvoor statistiek gebruik word sal wees om die betekenisvolheid van verskille in die resultate vas te stel. Die faktore waarvan betekenisvolheid van verskil bepaal moet word, is die volgende:

×1 Beck; S. Statistics and the Rorschach.

×2 Met erkenning aan prof. dr. H.J. Ven ter, Dept. Wiskundige Statistiek, Potchefstroomse Universiteit.

- i) Die verskil tussen die drie groepe in elkeen van die ses eienskappe van „Primêre Aanpassing“.
- ii) Die verskil tussen die drie groepe in elkeen van die ses eienskappe van „Verdediging“.
- iii) Die verskil tussen die drie groepe in „Totale Primêre Aanpassing“.
- iv) Die verskil tussen die drie groepe in „Totale Verdediging“.
- v) Die verskil tussen die drie groepe in „Finale Aanpassing“.

Die doel met die berekening van verskille is ooglopend om die doel van studie ten uitvoer te bring, naamlik om verskille in resultate te bevestig, al dan nie.

b) Die tweede doel waarvoor statistiek aangewend sal word, is om die korrelasie te bereken tussen „Totale Primêre Aanpassing“ en „Totale Verdediging“.

Eerstens sal die sterkte van korrelasie tussen „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“ 'n aanduiding gee van die mate waartoe die vasgestelde kriteria dieselfde eienskappe of onafhanklike eienskappe meet. 'n Hoë korrelasie by al drie groepe vestig die vermoede dat dieselfde faktore of eienskappe gemeet word deur die kriteria van „Primêre Aanpassing“ sowel as van „Verdediging“.

Indien die korrelasie vir die drie groepe egter grootliks verskil of selfs die van een groep betekenisvol verskil van die ander twee groepe, kan met veiligheid aanvaar word dat „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“ wel betrekking het op verskillende aspekte van die persoonlikheid en dat die aanwending van hierdie differensiasie met vrug kan geskied.

Tweedens is die doel met die berekening van korrelasies tussen „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“ in elke groep om vas te stel in hoeverre genoemde twee aspekte se resultate aanvullend of uiteenlopend is. 'n Sterk korrelasie dui daarop dat „Primêre Aanpas-

sing" en „Verdediging" goed geïntegreer is sodat die verdediging nie byvoorbeeld moet kompenseer vir aanpassing nie.

Met swak „Primêre Aanpassing" en 'n lae korrelasie met „Verdediging" waar „Verdediging" beter is as „Primêre Aanpassing" kan die afleiding byvoorbeeld weer gemaak word dat die „Verdediging" die balans by „Totale Aanpassing" moet herstel.

2. Metodes Aangewend:

a) Bepaling van betekenisvolheid van verskil:

Vir hierdie doel is die Mann-Whitney U-toets aangewend. Hierdie toets word gebruik om vas te stel of twee onafhanklike groepe van dieselfde bevolking geneem is. Dit is een van die sterkste van die nie-parametriese toetse en word gebruik as alternatief vir die parametriese T-toets wanneer die navorser die aannames ten opsigte van die T-toets wil vermy, of wanneer die meting in die projek minder is as interval-skale.^{x1} Die toets word as volg bereken:

$$Z = \frac{U - \mu_U}{\sigma_U}$$

$$= \frac{U - \frac{n_1 n_2}{2}}{\sqrt{\frac{(n_1)(n_2)(n_1 + n_2 + 1)}{12}}}$$

$$\text{waar } U = n_1 n_2 + \frac{n_1(n_1 - 1)}{2} - R_1$$

Dit is duidelik dat R of die rangorde die kardinale gegewens in hierdie toets uitmaak en die hele metode daaromheen draai.

Gerieflikheidshalwe is die gegewens geprogrammeer en die berekeninge gedoen deur middel van die IBM 1130 van die Potchefstroomse Universiteit.^{x2}

b) Bepaling van Korrelasie-kwosiënt:

Vir die bepaling van die korrelasie-kwosiënt tussen „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" in elke groep, is van twee metodes ge-

^{x1} Siegel, S. (1956) p. 116

^{x2} Met dank aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

bruik gemaak, naamlik:

- i) Spearman se rangkorrelasie; en
- ii) Kendall se rangkorrelasie.

1. Spearman se Rangkorrelasie:

Die basiese formule vir hierdie metode is: ^{x1}

$$r_s = 1 - \frac{6 \sum_{i=1}^N d_i^2}{N^3 - N}$$

Aangesien heelwat bande ("ties") teenwoordig is, word die formule gewysig tot die vorm:

$$r_s = \frac{\sum x^2 + \sum y^2 - \sum d^2}{2\sqrt{\sum x^2 \sum y^2}}$$

waar $\sum x^2 = \frac{N^3 - N}{12} - \sum Tx$

en $\sum y^2 = \frac{N^3 - N}{12} - \sum Ty$

2. Kendall se Rangkorrelasie: ^{x2}

Formule waar bande voorkom:

waar $r_K = \frac{S}{\sqrt{\frac{1}{2}N(N-1) - Tx} \sqrt{\frac{1}{2}N(N-1) - Ty}}$

$T_x = \sum \frac{1}{2} + (t - 1)$

$T_y = \sum \frac{1}{2} + (t - 1)$

Al drie die bogenoemde metodes, by name die Mann-Whitney U-toets, Spearman se rangkorrelasie sowel as die Kendall rangkorrelasie se berekening kom basies neer op rangorde. Dit pas by uitstek goed aan by die gegewens van hierdie studie aangesien hier van ordeskale gebruikgemaak word om berekeninge moontlik te maak.

"Die ordeskaal dui die relatiewe posisie van 'n persoon of objek ten opsigte van 'n bepaalde variabele aan, sonder

x1 Siegel, S. Op. cit. pp. 206, 207.

x2 Op. Cit. p. 218

om die distansie tussen variabele en objek aan te gee. By die gebruik van ordeskale moet die betekenis hiervan nooit uit sig verloor word nie.

Vir doeleindes van berekening kan gebruikgemaak word van mode, mediaan, persentasie, chi-kwadraat en rangordekorrelasie. Van werklike gemiddeldes, standaardafwyking, ensovoorts, is daar nie sprake nie." *1

Hierdie oorwegings verskaf die rede waarom van bostaande metodes gebruik gemaak is.

*1 Van Zyl, D.P. (1967) p. 31

DEEL DRIE

RESULTATE

HOOFSTUK X	Primêre Aanpassing of „Instelling“
HOOFSTUK XI	Verdediging
HOOFSTUK XII	Finale Resultate . Totale Uiteindelijke of Finale Aanpassing
HOOFSTUK XIII	Statistiese Verifikasie
HOOFSTUK XIV	Bespreking van Resultate
HOOFSTUK XV	Gevolgtrekkings

90.

HOOFSTUK X.

Resultate van Primêre Aanpassing.

PRIMÊRE AANPASSING *1: INNERLIKE AANPASSING

TABEL 1
Groep A

Pp	Emosionele Wasdom				Angs				Introspektiewe Neigings				Totale Ge- weeg- Waarde	Totale Kwade li- teit						
	Deter- minant		Inhoud		Deter- minant		In- houd		Deter- minant		In- houd									
	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (3)	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale waarde	Waarde X Gewig (1)			Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (2)
1	R	1	O	1	2	6	T	2	T	2	4	4	M	2	M	2	4	8	18	MS
2	V	1	R	1	2	6	T	2	T	2	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
3	G	3	M	2	5	15	T	2	O	1	3	3	S	1	M	2	3	6	24	M
4	R	1	R	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	S	1	2	4	13	S
5	V	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	G	3	S	1	4	8	18	MS
6	R	1	R	1	2	6	O	1	O	1	2	2	M	2	M	2	4	8	16	S
7	O	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
8	V	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
9	V	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
10	M	2	R	1	3	9	T	2	O	1	3	3	M	2	S	1	3	6	18	MS
11	R	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
12	V	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
13	R	1	O	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	S	1	2	4	13	S
14	R	1	R	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	S	1	2	4	13	S
15	G	3	R	1	4	12	A	3	T	2	5	5	G	3	S	1	4	8	25	M
16	V	1	V	1	2	6	A	3	T	2	5	5	G	3	S	1	4	8	19	MS
17	M	2	R	1	3	9	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	20	MS
18	V	1	V	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
19	V	1	V	1	2	6	A	3	A	3	6	6	S	1	S	1	2	4	16	S
20	O	1	R	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	S	1	2	4	13	S
21	G	3	M	2	5	15	A	3	T	2	5	5	G	3	S	1	4	8	28	MG
22	V	1	V	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
23	V	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
24	V	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
25	V	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S

- | | | | |
|--|-----------------|-----------------|-------|
| G - Skeppende Vermoë en goeie Integrasie | A - Afwesig | G - Goed | MG -1 |
| M - Middelmatig | T - Teenwoordig | M - Middelmatig | M -2 |
| R - Regressief en onvolwasse | O - Oormaat | S - Swak | MS -5 |
| O - Onvermoënd | | | S -17 |
| V - Vereng | | | |
- } Swak

*1 Sien Bylaag D

PRIMÊRE AANPASSING : UITERLIKE AANPASSING

TABEL 2

Groep A

P _p	Uiterlike Kon- trole				Depressiewe Nei- gings				Affeksionele Inte- grasie				Geweege Totaal							
	De- ter- minant		In- houd		De- ter- minant		In- houd		De- ter- minant		In- houd		Waar- de	Kwa- li- teit						
	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (3)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (1)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde x Gewig (2)								
1	O	1	V	2	3	9	T	2	A	3	5	5	S	1	Oor	1	2	4	18	MS
2	O	1	V	2	3	9	A	3	O	1	4	4	Oor	1	Oor	1	2	4	17	MS
3	S	1	S	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	S	1	2	4	13	S
4	O	1	S	1	2	6	T	2	O	1	3	3	G	3	O	1	4	8	17	MS
5	S	1	S	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	On	1	2	4	13	S
6	S	1	S	1	2	6	T	2	T	2	4	4	S	1	On	1	2	4	14	S
7	S	1	S	1	2	6	T	2	T	2	4	4	S	1	V	1	2	4	14	S
8	O	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	V	1	2	4	14	S
9	O	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	G	3	Oor	1	4	8	19	MS
10	V	2	S	1	3	9	T	2	T	2	4	4	S	1	Oor	1	2	4	17	MS
11	O	1	S	1	2	6	A	3	T	2	5	5	G	3	S	1	4	8	19	MS
12	S	1	V	2	3	9	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	20	MS
13	S	1	O	1	2	6	T	2	O	1	3	3	On	1	On	1	2	4	13	S
14	O	1	S	1	2	6	O	1	T	2	3	3	S	1	Oor	1	2	4	13	S
15	O	1	O	1	2	6	T	2	O	1	3	3	V	1	S	1	2	4	13	S
16	O	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
17	O	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	On	1	On	1	2	4	15	S
18	O	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
19	O	1	S	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
20	O	1	S	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	On	1	2	4	14	S
21	O	1	O	1	2	6	A	3	A	3	6	6	M	2	On	1	3	6	18	MS
22	O	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
23	O	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	M	2	On	1	3	6	17	MS
24	O	1	S	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	V	1	2	4	14	S
25	O	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	On	1	2	4	14	S

G - Goed
 V - Verswak
 O - Onreaksie
 S - Swak

A - Afwesig
 T - Teenwoordig
 O - Oormaat

G - Goed
 M - Middelmatig
 S - Swak
 On- Onreaksie
 V - Vereng
 Oor- Oorweldigend

M - 4
 MS - 9
 S - 16

} Swak

PRIMÊRE AANPASSING : INNERLIKE AANPASSING

TABEL 3

Groep B

Pp	Emosionele Wasdom						Angs						Introspektiewe Neigings						Geweegte Totaal	
	Deter- minan- te		In- houd				Deter- minan- te		In- houd				Deter- minan- te		In- houd					
	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale	Waarde	W a a r d e	K w a l i t e i t
1	R	1	R	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	M	2	3	6	16	S
2	O	1	O	1	2	6	T	2	O	1	3	3	S	1	S	1	2	4	13	S
3	M	2	R	1	3	9	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	20	MS
4	R	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
5	V	1	V	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
6	M	2	R	1	3	9	A	3	T	2	5	5	G	3	M	2	5	10	24	M
7	V	1	V	1	2	6	A	3	T	2	5	5	G	3	S	1	4	8	19	MS
8	V	1	R	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
9	M	2	M	2	4	12	T	2	T	2	4	4	M	2	S	1	3	6	22	M
10	V	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
11	V	1	M	2	3	9	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	17	MS
12	R	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
13	V	1	V	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S
14	M	2	M	2	4	12	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	23	M
15	M	2	O	1	3	9	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	20	MS
16	G	3	O	1	4	12	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	23	M
17	M	2	O	1	3	9	A	3	O	1	4	4	M	2	S	1	3	6	19	MS
18	R	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	M	2	S	1	3	6	17	MS
19	O	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	M	2	S	1	3	6	16	S
20	V	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	M	2	S	1	3	6	16	S
21	M	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	M	2	S	1	3	6	16	S
22	R	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
23	R	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
24	O	1	R	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
25	O	1	O	1	2	6	T	2	T	2	4	4	S	1	S	1	2	4	14	S

G - Skeppende Vermoë
en Goëie Integrasie

M - Middelmatig

R - Regressief en on-
volwasse) Swak

O - Onvermoënd)

V - Vereng)

A - Afwesig

T - Teenwoordig

O - Oormaat

G - Goed

M - Middelmatig

S - Swak

M - 4

MS - 6

S - 15

PRIMÊRE AANPASSING : UITERLIKE AANPASSING

TABEL 4

Groep B

Pp	Uiterlike Kon- trole				Depressiewe Neigings				Affeksionele Integrasie				Geweegde Totaal							
	Deter- minan- te		In- houd		Deter- minan- te		In- houd		Deter- minan- te		In- houd									
	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (3)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (1)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (2)	Waarde	Kwaliteit						
1	0	1	V	2	3	9	A	3	T	2	5	5	Oor	1	Oor	1	2	4	18	MS
2	S	1	S	1	2	6	A	3	T	2	5	5	G	3	V	1	4	8	19	MS
3	0	1	O	1	2	6	A	3	A	3	6	6	On	1	V	1	2	4	16	S
4	0	1	O	1	2	6	T	2	A	3	5	5	M	2	S	1	3	6	17	MS
5	0	1	O	1	2	6	T	2	T	2	4	4	On	1	V	1	2	4	14	S
6	0	1	S	1	2	6	A	3	T	2	5	5	M	2	V	1	3	6	17	MS
7	0	1	S	1	2	6	T	2	O	1	3	3	V	1	S	1	2	4	13	S
8	0	1	O	1	2	6	A	3	A	3	6	6	V	1	V	1	2	4	16	S
9	0	1	O	1	2	6	T	2	T	2	4	4	G	3	S	1	4	8	18	MS
10	0	1	S	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	V	1	2	4	14	S
11	0	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	On	1	2	4	15	S
12	0	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	On	1	On	1	2	4	14	S
13	0	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	On	1	2	4	15	S
14	0	1	O	1	2	6	A	3	A	3	6	6	On	1	On	1	2	4	16	S
15	0	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	Oor	1	Oor	1	2	4	15	S
16	0	1	S	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	On	1	2	4	15	S
17	0	1	V	2	3	9	A	3	O	1	4	4	On	1	On	1	2	4	17	MS
18	0	1	S	1	2	6	A	3	O	1	4	4	S	1	Oor	1	2	4	14	S
19	0	1	V	2	3	9	A	3	A	3	6	6	On	1	On	1	2	4	19	MS
20	0	1	O	1	2	6	A	3	A	3	6	6	V	1	On	1	2	4	16	S
21	0	1	S	1	2	6	A	3	O	1	4	4	On	1	On	1	2	4	14	S
22	0	1	O	1	2	6	A	3	O	1	4	4	On	1	V	1	2	4	14	S
23	0	1	V	2	3	9	O	1	A	3	4	4	On	1	On	1	2	4	17	MS
24	0	1	O	1	2	6	A	3	T	2	5	5	G	3	S	1	4	8	19	MS
25	0	1	O	1	2	6	T	2	T	2	4	4	S	1	On	1	2	4	14	S

G - Goed
 V - Verswak } Middelmstig
 O - Onreaksie } Swak
 S - Swak

A - Afwesig
 T - Teenwoordig
 O - Oormaat

G - Goed
 M - Middelmstig
 S - Swak
 On - Onderontwikkel
 V - Vereng
 Oor - Oorweldigend
 Sterk

MS - 9
 S - 16
 } Swak

PRIMÊRE AANPASSING : INNERLIKE AANPASSING

TABEL 5

Groep C

Pp	Emosionele Wasdom				Angs				Introspektiewe Neigings				Geweegte Totaal	
	Determi- nant	In- houd			Determi- nant	In- houd			Determi- nent	In- houd				
	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (3)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (1)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (2)	W a a r d e	K w a l i t e i t
1	V 1	V 1	2 6	A 3	0 1	4 4	S 1	S 1	2 4	14	S			
2	R 1	O 1	2 6	A 3	0 1	4 4	S 1	S 1	2 4	14	S			
3	V 1	V 1	2 6	T 2	T 2	4 4	S 1	S 1	2 4	14	S			
4	V 1	V 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
5	O 1	V 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
6	V 1	V 1	2 6	A 3	0 1	4 4	S 1	S 1	2 4	14	S			
7	R 1	R 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
8	R 1	O 1	2 6	A 3	T 2	5 5	M 2	S 1	3 6	17	MS			
9	G 3	R 1	4 12	A 3	T 2	5 5	G 3	M 2	5 10	27	MG			
10	V 1	R 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
11	O 1	R 1	2 6	T 2	T 2	4 4	S 1	S 1	2 4	14	S			
12	R 1	R 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
13	V 1	V 1	2 6	A 3	T 2	5 5	G 3	S 1	4 8	19	MS			
14	V 1	V 1	2 6	A 3	T 2	5 5	M 2	S 1	3 6	17	MS			
15	V 1	R 1	2 6	A 3	T 2	5 5	M 2	S 1	3 6	17	MS			
16	R 1	R 1	2 6	A 3	T 2	5 5	M 2	S 1	3 6	17	MS			
17	R 1	O 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
18	R 1	R 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
19	R 1	O 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
20	R 1	O 1	2 6	A 3	0 1	4 4	S 1	S 1	2 4	14	S			
21	R 1	O 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
22	V 1	V 1	2 6	A 3	T 2	5 5	S 1	S 1	2 4	15	S			
23	R 1	R 1	2 6	A 3	0 1	4 4	M 2	S 1	3 6	16	S			
24	M 2	V 1	3 9	A 3	T 2	5 5	M 2	S 1	3 6	20	MS			
25	O 1	V 1	2 6	A 3	T 2	5 5	G 3	S 1	4 8	19	MS			

G - Goëie Integrasie
en skeppende vermoë

M - Middelmatig

R - Regressief en on-
volwasse

O - Onvermoënd

V - Vereng

} S

A - Afwesig

T - Teenwoordig

O - Oormaat

G - Goed

M - Middelmatig

S - Swak

MG - 1

MS - 7

S -17

PRIMÊRE AANPASSING : UITERLIKE AANPASSING

TABEL 6
Groep C

Pp	Uiterlike Kontrole				Depressiewe Neigings				Affeksionele Integrasie				Gewegde Totaal							
	Deter- mi- nante		In- houd		Deter- mi- nante		In- houd		Deter- mi- nante		In- houd		W a a r d e	K w a l i t e i t						
	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (3)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (1)	Kwaliteit Waarde	Kwaliteit Waarde	Totale Waarde	Waarde X Gewig (2)								
1	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
2	V	2	S	1	3	9	A	3	O	1	4	4	On	1	S	1	2	4	17	MS
3	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	V	1	V	1	2	4	16	S
4	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
5	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	S	1	On	1	2	4	16	S
6	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	V	1	V	1	2	4	16	S
7	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	On	1	On	1	2	4	15	S
8	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	On	1	2	4	15	S
9	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	On	1	On	1	2	4	16	S
10	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	On	1	On	1	2	4	16	S
11	0	1	S	1	2	6	A	3	T	2	5	5	On	1	On	1	2	4	15	S
12	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	On	1	On	1	2	4	15	S
13	0	1	V	2	3	9	A	3	A	3	6	6	V	1	V	1	2	4	19	MS
14	0	1	0	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	S	1	2	4	14	S
15	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	V	1	V	1	2	4	16	S
16	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	S	1	2	4	15	S
17	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	S	1	On	1	2	4	15	S
18	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	S	1	On	1	2	4	16	S
19	0	1	0	1	2	6	A	3	A	3	6	6	On	1	On	1	2	4	16	S
20	0	1	0	1	2	6	T	2	T	2	4	4	G	1	Oor	1	4	8	18	MS
21	0	1	0	1	2	6	T	2	A	3	5	5	On	1	On	1	2	4	15	S
22	0	1	0	1	2	6	A	3	T	2	5	5	V	1	V	1	2	4	15	S
23	0	1	0	1	2	6	A	3	O	1	4	4	On	1	On	1	2	4	14	S
24	0	1	0	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	V	1	2	4	14	S
25	0	1	0	1	2	6	A	3	O	1	4	4	V	1	V	1	2	4	14	S

G - Goed
V - Verswak } Midm.
O - Onreaksie } Swak
S - Swak

A - Afwesig
T - Teenwoordig
O - Oormaat

G - Goed
M - Middelmatig
S - Swak
On - Onderontwikkel } Swak
V - Vereng }
Oor - Oorweldigend }
sterk

MS - 3
S - 22

TOTALE PRIMÈRE AANPASSING OF INSTELLING

TABEL 7

Pp	GROEP A						GROEP B						GROEP C					
	Inner- like aan- passing		Uiter- like Aanpas- sing		Totaal		Inner- like Aanpas- sing		Uiter- like Aanpas- sing		Totaal		Inner- like Aanpas- sing		Uiter- like Aanpas- sing		Totaal	
	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Totale Waarde	Totale Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Totale Waarde	Totale Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Totale Waarde	Totale Kwaliteit
1	18	MS	18	MS	36	MS	16	S	18	MS	34	MS	14	S	15	S	29	S
2	14	S	17	MS	31	S	13	S	19	MS	32	S	14	S	17	MS	31	S
3	24	M	13	S	37	MS	20	MS	16	S	36	MS	14	S	16	S	30	S
4	13	S	17	MS	30	S	15	S	17	MS	32	S	15	S	15	S	30	S
5	18	MS	13	S	31	S	15	S	14	S	29	S	15	S	16	S	31	S
6	16	S	14	S	30	S	24	M	17	MS	41	MS	14	S	16	S	30	S
7	14	S	14	S	28	S	19	MS	13	S	32	S	15	S	15	S	30	S
8	14	S	14	S	28	S	15	S	16	S	31	S	17	MS	15	S	32	S
9	14	S	19	MS	33	S	22	M	18	MS	40	MS	27	MG	16	S	43	M
10	18	MS	17	MS	35	MS	14	S	14	S	28	S	15	S	16	S	31	S
11	15	S	19	MS	34	MS	17	MS	15	S	32	S	14	S	15	S	29	S
12	14	S	20	MS	34	MS	14	S	14	S	28	S	15	S	15	S	30	S
13	13	S	13	S	26	S	14	S	15	S	29	S	19	MS	19	MS	38	MS
14	13	S	13	S	26	S	23	M	16	S	39	MS	17	MS	14	S	31	S
15	25	M	13	S	38	MS	20	MS	15	S	35	S	17	MS	16	S	33	S
16	19	MS	15	S	34	MS	23	M	15	S	38	MS	17	MS	15	S	32	S
17	20	MS	15	S	35	MS	19	MS	17	MS	36	MS	15	S	15	S	30	S
18	15	S	15	S	30	S	17	MS	14	S	31	S	15	S	16	S	31	S
19	16	S	15	S	31	S	16	S	19	MS	35	MS	15	S	16	S	31	S
20	13	S	14	S	27	S	16	S	16	S	32	S	14	S	18	MS	32	S
21	28	MG	18	MS	46	M	16	S	14	S	30	S	15	S	15	S	30	S
22	15	S	15	S	30	S	15	S	14	S	29	S	15	S	15	S	30	S
23	15	S	17	MS	32	S	15	S	17	MS	32	S	16	S	14	S	30	S
24	14	S	14	S	28	S	15	S	19	MS	34	MS	20	MS	14	S	34	MS
25	15	S	14	S	29	S	14	S	14	S	28	S	19	MS	14	S	33	S

HOOFSTUK XI.

Resultate van Verdediging.

TABEL 8

TOTALE VERDEDIGING *1

Groep A

Pp	Geestesmeganismes en Gedagteversteurings		Spesifieke Geartiku- leerde Vorm		Akkurate Vorm		Integrasie van Stimu- lus, telling beeld en houding		Tematiese Beheersing en Balans		Emosionele Stemming		Totale Verdediging	
	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Totale	Kwaliteit
1	O	4	S	12	M	8	S	12	S	12	M	8	56	MS
2	M	8	M	8	O	4	M	8	O	4	O	4	36	MO
3	O	4	O	4	S	12	M	8	O	4	M	8	40	MO
4	O	4	M	8	S	12	O	4	O	4	O	4	36	MO
5	M	8	M	8	M	8	M	8	O	4	O	4	40	MO
6	O	4	S	12	M	8	M	8	S	12	O	4	48	M
7	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	24	O
8	M	8	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	32	O
9	M	8	O	4	M	8	O	4	M	8	O	4	36	MO
10	O	4	M	8	O	4	O	4	O	4	M	8	32	O
11	O	4	M	8	M	8	M	8	O	4	O	4	36	MO
12	M	8	M	8	M	8	M	8	M	8	M	8	48	M
13	O	4	M	8	M	8	O	4	O	4	M	8	36	MO
14	O	4	M	8	M	8	O	4	M	8	M	8	40	MO
15	O	4	O	4	O	4	O	4	M	8	M	8	32	O
16	M	8	O	4	O	4	M	8	M	8	M	8	40	MO
17	M	8	O	4	O	4	M	8	M	8	M	8	40	MO
18	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	28	O
19	O	4	M	8	O	4	S	12	O	4	M	8	40	MO
20	M	8	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	28	O
21	O	4	O	4	O	4	S	12	S	12	S	12	48	M
22	M	8	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	32	O
23	M	8	O	4	O	4	M	8	M	8	M	8	40	MO
24	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	24	O
25	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	28	O

*1 Sien Bylaag E

TABEL 9

TOTALE VERDEDIGING

Groep B

Pp	Geestemeganismes en Gedagteversteurings		Spesifieke Geartikuleerde Vorm		Akkurate Vorm		Integrasie van Stimulus, Telling, Beeld en Houding		Tematiese Beheersing en Balans		Emosionele Stemming		Totale Verdediging	Totale Kwaliteit
	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde	Kwaliteit	Waarde		
1	M	8	O	4	O	4	S	12	O	4	O	4	36	MO
2	O	4	O	4	O	4	M	8	S	12	O	4	36	MO
3	M	8	O	4	O	4	M	8	M	8	S	12	44	M
4	M	8	O	4	O	4	O	4	O	4	M	8	32	O
5	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	28	O
6	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	28	O
7	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	28	O
8	O	4	M	8	O	4	M	8	O	4	O	4	32	O
9	M	8	S	12	M	8	S	12	S	12	M	8	60	S
10	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	24	O
11	M	8	O	4	O	4	M	8	M	8	O	4	36	MO
12	M	8	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	28	O
13	M	8	O	4	O	4	O	4	O	4	M	8	32	O
14	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	28	O
15	M	8	O	4	O	4	M	8	S	12	O	4	40	MO
16	O	4	S	12	O	4	O	4	O	4	O	4	32	O
17	M	8	O	4	O	4	M	8	O	4	O	4	32	O
18	S	12	S	12	M	8	M	8	O	4	O	4	48	M
19	M	8	M	8	M	8	O	4	S	12	M	8	48	M
20	M	8	O	4	O	4	O	4	O	4	O	4	28	O
21	M	8	S	12	M	8	O	4	O	4	O	4	40	MO
22	O	4	O	4	O	4	M	8	O	4	M	8	32	O
23	M	8	M	8	M	8	O	4	O	4	M	8	40	MO
24	O	4	O	4	O	4	S	12	O	4	M	8	36	MO
25	M	8	M	8	S	12	M	8	O	4	M	8	48	M

HOOFSTUK XII

RESULTATE VAN TOTALE UITEINDELIKE- OF FINALE AANPASSING

TOTALE UITEINDELIKE OF FINALE AANPASSING

TABEL 11

Pp	Groep A			Groep B			Groep C		
	Primêre Aanpas- sing	Ver- dedi- ging	Finale Aanpas- sing	Primêre Aanpas- sing	Ver- dedi- ging	Finale Aanpas- sing	Primêre Aanpas- sing	Ver- dedi- ging	Finale Aanpas- sing
			Waarde Kwali- teit			Waarde Kwali- teit			Waarde Kwali- teit
1	36	56	92 M	34	36	70 MS	29	32	61 S
2	31	36	67 S	32	36	68 MS	31	36	67 S
3	37	40	77 MS	36	44	80 MS	30	40	70 MS
4	30	36	66 S	32	32	64 S	30	24	54 S
5	31	40	71 MS	29	28	57 S	31	28	59 S
6	30	48	78 MS	41	28	69 MS	30	24	54 S
7	28	24	52 S	32	28	60 S	30	52	82 MS
8	28	32	60 S	31	32	63 S	32	36	68 MS
9	33	36	69 MS	40	60	100 M	43	28	71 MS
10	35	32	67 S	28	24	52 S	31	32	63 S
11	34	36	70 MS	32	36	68 MS	29	36	65 S
12	34	48	82 MS	28	28	56 S	30	28	58 S
13	26	36	62 S	29	32	61 S	38	52	90 M
14	26	40	66 S	39	28	67 S	31	28	59 S
15	38	32	70 MS	35	40	75 MS	33	28	61 S
16	34	40	74 MS	38	32	70 MS	32	40	72 MS
17	35	40	75 MS	36	32	68 MS	30	40	70 MS
18	30	28	58 S	31	48	78 MS	31	48	79 MS
19	31	40	71 MS	35	48	83 MS	31	36	67 S
20	27	28	55 S	32	28	60 S	32	52	84 MS
21	46	48	94 M	30	40	70 MS	30	40	70 MS
22	30	32	62 S	29	32	61 S	30	36	66 MS
23	32	40	72 MS	32	40	72 MS	30	28	58 S
24	28	24	52 S	34	36	70 MS	34	32	66 S
25	29	28	57 S	28	48	76 MS	33	24	57 S

M - 2
MS-11
S-12

M - 1
MS-14
S -10

M - 1
MS-10
S -14

TOTALE EN GEMIDDELDDES VIR PRIMÊRE AANPASSING, VERDEDIGING EN
FINALE AANPASSING VAN GROEP A, B EN C

TABEL 12

Eienskap	Groep A		Groep B		Groep C	
	Totaal	Gemid- deld	Totaal	Gemid- deld	Totaal	Gemid- deld
PRIMÊRE AANPASSING:						
Emosionele Wasdom	180	7.2	183	7.32	159	6.36
Angs	103	4.12	112	4.48	118	4.72
Introspeksie	130	5.2	132	5.28	126	5.04
Uiterlike Kontrole	162	6.48	162	6.48	156	6.14
Depressiewe Neigings	106	4.24	118	4.72	128	5.12
Affeksionele Inte- grasie	118	4.72	116	4.64	104	4.16
Totale primêre Aan- passing	799	31.96	823	32.92	791	31.64
VERDEDIGING:						
Geestesmeganismes	140	5.6	148	5.92	140	5.6
Spesifieke Vorm	152	6.08	148	5.92	124	4.96
Akkurate Vorm	148	5.52	128	5.12	120	4.8
Integrasie T.B. & H	172	6.88	172	6.88	184	7.36
Tematiese Beheer	156	6.14	140	5.6	164	6.56
Emosionele Stemming	152	6.08	140	5.6	148	5.92
Totale Verdediging	920	36.8	876	35.04	880	35.2
TOTALE FINALE AANPASSING	1719	68.76	1699	67.96	1671	66.84

HOOFSTUK XIII

STATISTIESE RESULTATEA. DATA:

Die onderstaande tabel verskaf die z-waardes verkry deur middel van Mann-Whitney se U-toets, ten einde die betekenisvolheid van verskille tussen groepe A, B en C te bepaal.

TABEL 13

z-Waardes van Verskille deur middel van die Mann-Whitney U-Toets

Veranderlikes:	A versus B	B versus C	A versus C
PRIMÊRE AANPASSING:			
Emosionele Wasdom	.757	2.060 ^{xx}	1.255
Angs	1.383	1.514	2.484 ^{xx}
Introspeksie	.499	.876	.239
Uiterlike Kontrole	.000	.862	.862
Depressiewe Neigings	1.723 ^x	1.665 ^x	3.223 ^{xx}
Affeksionele Integrasie	.295	1.686 ^x	1.963 ^{xx}
Totale Primêre Aanpassing	1.072	1.342	.079
VERDEDIGING:			
Geestesmeganismes	1.498	1.498	.000
Spesifieke Vorm	.529	1.099	1.769 ^x
Akkurate Vorm	1.211	.669	1.829 ^x
Integrasie T, B & H	.236	.480	.715
Tematiese Beheer en Balans	1.146	1.133	.120
Emosionele Stemming	.940	.537	.398
Totale Verdediging	.719	.266	.896
FINALE AANPASSING:	.029	.816	.777

Sleutel: x Betekenisvolle verskil op 10% vlak (Kritieke punt 1.645)
 xx Betekenisvolle verskil op 5% vlak (Kritieke punt 1.96)
 xxx Betekenisvolle verskil op 1% vlak (Kritieke punt 2.576)

KORRELASIES TUSSEN PRIMÊRE AANPASSING EN VERDEDIGINGTABEL 14

Groep A:	Volgens Kendall se Rangkorrelasie	.40 ^{xxx}
	Volgens Spearman se Rangkorrelasie	.50 ^{xxx}
Groep B:	Volgens Kendall se Rangkorrelasie	.18
	Volgens Spearman se Rangkorrelasie	.14
Groep C:	Volgens Kendall se Rangkorrelasie	.04
	Volgens Spearman se Rangkorrelasie	.00
Sleutel:	xxx Betekenisvolle verskil van 0 op 1% vlak.	

B. UITEENSETTING VAN GEGEWENS EN STATISTIESE RESULTATE:

1. Totale Finale Aanpassing:

Volgens die totale tellings wat verkry is, kom dit oënskynlik voor of groep A die beste aanpassing toon met 'n totaal van 1,719, gevolg deur groep B met 1,699 en dan groep C met 1,671. Die gemiddeldes is onderskeidelik 68.76; 67.96 en 66.84.

By al drie groepe is die aanpassing egter swak, want indien die tellings in kwaliteit omgesit word, toon groep A twee persone met middelmatige aanpassing, 11 met middelmatig-swak aanpassing, en 12 met swak aanpassing. In groep B is een met middelmatige aanpassing, 14 middelmatig-swak en tien swak. Groep C toon een persoon middelmatig, tien middelmatig-swak en 14 swak. Nieteenstaande die oënskynlike verskil tussen die drie groepe, is die verskille egter statisties onbeduidend, en kan daar dus geen geldige gevolgtrekkings gemaak word ten opsigte van die verskille tussen die drie groepe nie.

2. Primêre Aanpassing:

Volgens die tellings in „totale Primêre Aanpassing“ is groep B die beste aangepas met 'n telling van 823, gevolg deur groep A met 799 en dan groep C met 791. Die gemiddeldes is onderskeidelik 32.92; 31.96 en 31.64 in groepe B, A en C. Die grootste verskil kom voor tussen groepe B en C maar is statisties onbeduidend, daarom kan ook hier geen geldige gevolgtrekkings gemaak word ten opsigte van die verskil tussen die drie groepe nie.

a) Emosionele Wasdom:

Groep B toon die beste „Emosionele Wasdom“ met 'n telling van 183 en gemiddeld van 7.32, gevolg deur groep A met 180 en gemiddeld van 7.2 en laastens groep C met 159 en gemiddeld van 6.36.

Die verskil tussen groepe B en C is duidelik betekenisvol op die 5%-vlak en geldige gevolgtrekkings kan hieruit afgelei word.

b) Angs:

Groep C toon die minste angs met 'n telling van 118 en gemiddeld van 4.72 wat dus ten opsigte van hierdie eienskap die beste bydrae tot goeie aanpassing sal lewer. Hierna volg groep B met 112 en gemiddeld van 4.48 en laastens groep A met 103 en gemiddeld van 4.12 wat dus die swakste bydrae tot aanpassing sal lewer.

Die verskil tussen groepe A en C is statisties duidelik betekenisvol op die 5%-vlak en kan dus lei tot geldige gevolgtrekkings.

c) Introspeksie:

Geen statistiese betekenisvolle verskil word aangedui nie.

d) Uiterlike Kontrole:

Geen statistiese betekenisvolle verskil word aangedui nie.

e) Depressiewe Neigings:

Groep C toon die minste depressiewe neigings met 'n telling van 128 en gemiddeld van 5.12 wat dus die bevordelikste is vir goeie aanpassing. Groep B volg na groep C met 118 en gemiddeld van 4.72, terwyl groep A die meeste depressiewe neigings toon met 'n telling van 106 en gemiddeld van 4.24 wat dus die minste bevorderlik is vir goeie aanpassing.

Die verskille tussen groepe A en B, sowel as tussen B en C, is statisties net betekenisvol op die 10%-vlak, terwyl die verskil tussen groepe A en C statisties duidelik betekenisvol is op die 5%-vlak.

Geldige gevolgtrekkings kan dus tussen al drie groepe gemaak word.

f) Affeksionele Integrasie:

Groep A toon die beste affeksionele integrasie met 'n telling van 118 en gemiddeld van 4.72, gevolg deur groep B met 'n telling van 116 en gemiddeld van 4.64 en laastens groep C met 104 en gemiddeld 4.16.

Die verskil tussen groepe B en C is net betekenisvol op die

10%-vlak, en tussen groepe A en C is duidelik betekenisvol op die 5%-vlak.

3. Verdediging:

Totale Verdediging van groep A is die beste met 'n telling van 920 en gemiddeld van 36.8, gevolg deur groep C met 880 en gemiddeld van 35.2, en laastens groep B met 876 en gemiddeld van 35.04. Geen statisties betekenisvolle verskille word verkry nie.

a) Geestesmeganismes en Gedagteversteurings:

Geen statistiese betekenisvolle verskille word aangedui nie.

b) Spesifieke Vorm:

Groep A is die beste met 'n telling van 152 en gemiddeld van 6.08, gevolg deur groep B met 148 en gemiddeld van 5.92 en laastens groep C met 124 en gemiddeld van 4.96.

Die verskil tussen groepe A en C is net betekenisvol op die 10%-vlak.

c) Akkurate Vorm:

Groep A is die beste met 'n telling van 148 en gemiddeld van 5.52, gevolg deur groep B met 'n telling van 128 en gemiddeld van 5.12, en laastens groep C met 120 en gemiddeld van 4.8.

Die verskil tussen groepe A en C is net betekenisvol op die 10%-vlak.

d) Integrasie tussen telling, beeld en houding:

Geen statistiese betekenisvolle verskille word aangedui nie.

e) Tematiese Beheer en Balans:

Geen statistiese betekenisvolle verskille word aangedui nie.

f) Emosionele Stemming:

Geen statistiese betekenisvolle verskille word aangedui nie.

Samevattend kan dit dus gestel word dat nóg die totale finale aanpassing, nóg een van die sub-totale, naamlik totale Primêre Aan-

passing en Totale Verdediging, enige statistiese betekenisvolle verskille tussen groepe A, B en C toon. Daarenteen egter is daar verskeie eienskappe waar wel betekenisvolle verskille verkry word.

Onder „Primêre Aanpassing“ verskil „Emosionele Wasdom“ duidelik betekenisvol tussen groepe B en C, „Angs“ ook duidelik tussen groepe A en C, „Depressiewe Neigings“ verskil net betekenisvol tussen groepe A en B sowel as tussen B en C, maar verskil duidelik tussen A en C. „Affeksionele Integrasie“ verskil net tussen B en C maar duidelik tussen A en C. Onder „Verdediging“ is dit slegs „Spesifieke Vorm“ en „Akkurate Vorm“ wat net op die 10%-vlak verskil, en beide ook slegs tussen groepe A en C.

Betekenisvolle verskille tussen die drie groepe word dus nie gevind in die totale finale aanpassing of totale „Primêre Aanpassing“ of „Totale Verdediging“, maar slegs in afsonderlike persoonlikheids-eienskappe wat die elemente van finale aanpassing, primêre aanpassing en verdediging uitmaak.

Gevolgtrekkings sal dus hierop gebaseer moet word.

4. Korrelasie tussen Primêre Aanpassing en Verdediging:

In groep A is die korrelasie tussen „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“. $.40$ (volgens Kendall-rangkorrelasie) en $.50$ (volgens Spearman-rangkorrelasie) wat albei hoogs betekenisvol is op die 1%-vlak.

In groep B is die onderskeie korrelasies tussen dieselfde eienskappe $.18$ en $.14$ wat nie betekenisvol is nie.

In groep C is die onderskeie korrelasies die laagste naamlik $.04$ en $.00$ onderskeidelik wat ook totaal onbeduidend is.

Samevattend kan dus gestel word dat die korrelasie-kwosiënt tussen „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“, statisties hoogs betekenisvol is in groep A, maar heeltemal onbeduidend is in groepe B en C, alhoewel daar oënskynlik tog 'n hoër korrelasie in groep B voorkom as in groep C.

HOOFSTUK XIVBESPREKING

Aangesien die doel van die studie is om te probeer bepaal welke uitwerking kontak met die Westerse beskawing op die Bantoe uitoefen, is die drie groepe A, B en C geneem en 'n intensiewe ontleding van hulle persoonlikhede gemaak.

Die uiteindelijke gevolgtrekkings sal gegrond word op die persoonlikheidsverskille wat mag blyk tussen die drie groepe. In ooreenstemming hiermee is dit dus slegs van belang om dié faktore of eienskappe in ag te neem waar wel betekenisvolle verskille aangedui word.

Geen betekenisvolle verskille is gevind in Totale Primêre Aanpassing Totale Verdediging en dus ook in Totale Uiteindelijke of Finale Aanpassing nie. Dit impliseer egter geensins dat die resultate negatief is en dat geen noemenswaardige gevolge waargeneem kan word nie, want ten opsigte van etlike belangrike afsonderlike eienskappe is wel hoogs beduidende verskille aangetref.

Aldus is onder „Primêre Aanpassing“ betekenisvolle verskille gevind in die eienskappe „Emosionele Wasdom“, „Angs“, „Depressiewe Neigings“ en „Affeksionele Integrasie“.

In Emosionele Wasdom is die verskil betekenisvol tussen groepe B en C op die 5%-vlak. Hierdie resultaat is van die grootste belang, aangesien Emosionele Wasdom die belangrikste en veelseggendste eienskap is van almal wat gemeet is. Hierdie eienskap word hoofsaaklik bereken op grond van die M : FM-verhouding wat ook aanduidend is van „Waardesisteen“ (gebaseer op M) en daaruit voortvloeiend „Innerlike Kontrole“ met inbegrip van innerlike stabiliteit, invoeling met ander persone of insig in persoonlikheid, selfaanvaarding en verbeeldingskrag. ^{×1}

×1 Klopfer et.al. (1954) p. 254-264

Indien voortdurende kontak met die Blanke 'n verandering teweegbring, kan dit hoofsaaklik gesoek word in die waardesisteem en innerlike kontrole. Die Bantoe is by uitstek 'n groepsmens wie se handelwyse, gewoontes, gelowe en trouens ook beheersing en kontrole deur groepsgewoontes en wette beheer word. x1 x2 x3

Daarenteen stimuleer Westerse kultuur met sy klem op wetenskaplike denke en navorsing, kennis en dies meer, individuele optrede.

Selfbeheersing word hoog gewaardeer deur die Westerling en in dié opsig is 'n ontwikkelde waardesisteem 'n belangrike bate. Die resultate toon 'n betekenisvolle verskil in emosionele wasdom tussen groepe B en C. Dit wil sê die werkersgroep, wat die langste in kontak met Blankes gewees het, se emosionele wasdom met alles wat dit impliseer, is betekenisvol beter as dié van die Stambantoe, gevolg deur groep A, die intellektuele groep, wat egter nie so nou in kontak met Blankes was as die werkers nie. Groep A verskil egter nie betekenisvol met groepe B of C nie.

Die afleiding kan dus gemaak word dat die aanraking wat groep B met die blanke beskawing gehad het, 'n definitiewe en duidelike verandering in hulle emosionele wasdom teweeg gebring het, en wel ten goede (in die lig van hierdie tesis se norme). Dit is dus moontlik dat die vereistes wat die blanke werkgewers stel aan die Bantowerkers ten opsigte van selfkontrole, beheersing en die houding teenoor sekere waardes, dien om die Bantoe in dié spesifieke rigting te temper. Die eienskappe wat in 'n stamgroep hoofsaaklik deur die groepsgewoontes en norme in stand gehou is, word nou geleidelik in die persoon self gekweek in 'n milieu waar individuele eienskappe en optrede van belang is vir suksesvolle voortbestaan.

Intensiewe navorsing met betrekking tot die verband tussen kultuur en waardesisteem is nodig voordat sulke afleidings soos bostaande onbetwisbaar gemotiveer kan word, of om meer inligting hieroor te bekom.

x1 Westermann, D (1949) p. 65

x2 Biesheuvel, S (1952) p. 4

x3 Soga, S.H. (1931)

Uit die beskikbare resultate van hierdie studie is dit egter baie duidelik dat die groepe wat in noue aanraking met die Blanke-beskawing was, se Emosionele Wasdom verandering toon en wel in die rigting wat as 'n verbetering in emosionele wasdom bestempel kan word.

Met betrekking tot Angs word 'n duidelike verskil aangedui tussen groepe A en C. Groep A toon duidelik meer angs as groep C wat die minste angs toon met groep B tussenin.

Teneinde hierdie voorkoms van angs te kan interpreteer, is dit eerstens nodig om die psigodinamika van angs na te gaan. Freud stel dat die mees algemene oorsaak van angs onontlaaide opwelling ^{x1} is (undischarged excitation). Alhoewel bostaande alreeds in 1932 geformuleer is, bou latere navorsers voort op dieselfde fondament en is hulle bevindings in ooreenstemming daarmee. So stel Fenichel dat „Anxiety is a manifestation of unmastered tension. It is an automatic occurrence that takes place whenever the organism is flooded with excitement Thus in the last analysis, all anxiety is a fear of experiencing a traumatic state ^{x2} (It seems to be warranted that) the anxiety signal be designated as a counter-cathexis.” ^{x3}

Hierbo is dit gestel dat die vereistes in 'n Blanke-beskawing blykbaar dien om sekere eienskappe van die Bantoe te verander of te temper om nader aan dié van die Blanke te beweeg. Veral is innerlike kontrole en selfbeheersing genoem. Die verandering van hierdie eienskappe sal noodwendig gepaard gaan met 'n mindere of meerdere mate van dwang of druk wat op sy beurt weer spanning tot gevolg sal hê. Waar daar grootliks sprake is van kontrole of beheersing, kan die voorkoms van angs feitlik as 'n sekere gevolg van genoemde proses aanvaar word, indien die oorsaak van angs aanvaar word as geleë te wees in „Undischarged excitation”, want saam met die ongewone kontrole sal sekerlik genoeg frustrasie, inhibisie en onderdrukking gepaard gaan.

x1 Freud, S. (1949) p. 109

x2 Fenichel, O. (1963) pp. 132, 133

x3 Ibid. p. 134

Aangesien groep B die meeste verandering ondergaan het ten opsigte van die ontwikkeling van Emosionele Wasdom, sou, volgens die bostaande interpretasie van angs, verwag kan word dat dieselfde groep B as gevolg van die erbare dwang, die meeste angs sou beleef. Dat dit nie die geval is nie, maar dat dit wel groep A is wat die meeste angs toon, kan moontlik op drie maniere verklaar word:

a) Tydsfaktor:

Die verandering het by groep B oor 'n langer periode geskied en het meer geleidelik plaasgevind met ooreenstemmend meer geleentheid vir gesonde aanpassing en absorbering van innerlike oplewing, konflikte en angs. Groep A het uit die oorspronklike stamverband direk in die skool-situasie en later in die universiteit beland wat moontlik 'n intenser en korter tyd van aanpassing genoodsaak het.

b) Intenser Omgewingsvereistes:

Die koshuis en universiteitsomgewing stel dadelik eise in ooreenstemming met Westerse standaarde. Elke individu strewende dan ook daarna om so gou en doeltreffend moontlik aan te pas by hierdie Westerse standaarde, al is hy innerlik nie gereed daarvoor nie omdat geleidelike verandering nog nie plaasgevind het nie. Waar groep B slegs bedags met Blankes en hulle vereistes en standaarde in aanraking kom, maar daarna teruggaan na hulle familieverband in hulle eie huise waar hulle Bantoe-gewoontes nog tot 'n groot mate volgens hulle eie keuse uitgeleef kan word of nie, daar is groep A bedags in aanraking met die Westerse akademiese lewe, en daarna in koshuise waar die hele gesamentlike strewende daarop gemik is om die verwestersing ten alle koste na te streef (al is dit dan soms op 'n baie kunsmatige wyse).

Temeer omdat groep A se waardesisteem of emosionele wasdom nog nie dieselfde mate van verandering of ontwikkeling ondergaan het as groep B nie, sal hierdie relatief skielike vreemde omgewingsvereistes des te makliker angs tot gevolg hê.

Dit sou insiggewend wees indien vasgestel sou kon word of lede van groep B wat in die akademiese omgewing beland, dieselfde mate van angs sou openbaar as die ander wat direk uit die stamverband afkomstig is.

c) Akademiese Verpligtings:

Dit is ook moontlik dat suiwer akademiese vereistes die oorsaak van die hoër mate van angs by groep A teweegbring. 'n Verpligting om intellektuele prestasies te lewer ten spyte van sekere beperkende faktore, byvoorbeeld intellektuele vermoëns of selfs aanpassingsprobleme. Hierdie selfde oorweging kan dalk by blanke-studente ook angs tot gevolg hê, alhoewel waarskynlik tot 'n mindere mate.

Dit moet nie uit die oog verloor word dat groep B 'n tussenposisie tussen groepe A en C inneem met betrekking tot die hoeveelheid angs wat hulle toon nie, nieteenstaande geen betekenisvolle verskil tussen groepe A en B en tussen groepe B en C bestaan nie. Groep B was dus ook onderhewig aan angs produserende faktore hoewel blykbaar tot 'n mindere mate as groep A.

Al drie bogenoemde redes vir die aanwesigheid van angs, en veral die betekenisvolle meer angs by groep A as by die ander groepe, kan in die laaste instansie teruggevoer word na omgewingsinvloede wat in ooreenstemming is met die dinamika van angs soos dit as volg gestel word: „Frightening instinctual situations (and anxiety) can in the last resort be traced back to external situations of danger”. * Die komplekse wisselwerking tussen eksterne invloede en interne faktore moet egter nie uit die oog verloor word nie.

'n Duidelike verskil op die 5%-vlak word aangedui in „Depressiewe Neigings” tussen groepe A en C, terwyl 'n verskil op die 10%-vlak bestaan tussen groepe A en B en tussen B en C. Groep A toon die sterkste depressiewe neigings, gevolg deur groep B en laastens groep C met die minste depressiewe neigings. Die tendens is presies dieselfde as wat met angs die geval was,

*1 Freud, S. (1949) p. 117

behalwe dat die verskille tussen al drie groepe statisties betekenisvol is.

Psigodinamies gesien is daar meesal 'n sterk verband tussen die depressiewe emosie en skuldgevoelens of minderwaardigheidsgevoelens in die sin van nutteloosheid en onvermoëndheid. Dieper psigoanalities beskou, het depressie 'n sterk egoïstiese of narcistiese basis. 'n Persoon wat gefikseer is op die stadium waar sy selfrespek deur uiterlike gebeure gereguleer of gevoed word, het hierdie uiterlike bevrediging dringend nodig. As sy narcistiese behoeftes nie bevredig word nie, verlaag sy selfrespek tot 'n gevaarpunt. ^{x1}

'n Ernstige depressie verteenwoordig die toestand van 'n anaal afhanklike persoon as die noodsaaklike bevrediging ontbreek; 'n ligte depressie is 'n verwagting van die toestand en dien as vroegtydige waarskuwing. Die depressiewe simptome skyn 'n metode te wees om ondraaglike angs te verhoed of te verlig. Die depressie se effektiwiteit is tot 'n mate toe te skryf aan sy doeltreffendheid as 'n spanningsvermindering metode. ^{x2} Ook stel Freud dat dit blyk asof angs die eerste voorkom en simptomeformasie daarna volg. ^{x3}

In hierdie lig gesien bestaan daar blykbaar 'n duidelike verband tussen angs en depressie en kan die voorkoms van depressie in hierdie geval moontlik na min of meer dieselfde oorsake teruggevoer word as angs. Dit is baie moontlik dat die eise van die Westerse beskawing waaraan voldoen moet word en waaraan veral die studente graag wil voldoen, 'n besef van onvermoë by die Bantoe laat ontstaan. 'n Gesonde verwerking van die situasie deur objektiewe siening wat die bereiking van ideale as 'n langtermyn doelstelling aanvaar, is soveel moeiliker in die toetsgroepe se omstandighede omdat juis die emosionele wasdom wat nodig is in so 'n aanvaarding, eintlik by al drie groepe baie swak is. Gesamentlik kan al drie groepe na regte nog as baie onvolwasse beskou word, 'n faktor wat die ontstaan van angs en depressie vergemaklik veral daar fiksasie op 'n onvolwasse vlak dit noodsaak dat die selfrespek of

^{x1} Fenichel (1963) p. 387

^{x2} O'Kelly & Muckler (1958) p. 215 - 17

^{x3} Freud, S. (1949) p. 111

eie beeld voortdurend deur uiterlike bevrediging gevoed moet word.

Die Bantoe met die primitiewe stamagtergrond, hetsy die werker in diens van die Blanke, hetsy die student, kom nou te staan voor die westerse kultuur wat eeue van ontwikkeling behels, en hierdie konfrontasie dien sekerlik alles behalwe om die betrokke Bantoe se narcistiese behoeftes te bevredig. Onder hierdie omstandighede is die ontstaan van depressie eintlik onvermydelik.

Die eise wat aan groep A gestel word, is soveel groter, en in ooreenstemmende mate dus ook die mislukkings, sodat die skokke vir die ego soveel intenser is as byvoorbeeld by groep B wat nie voor dieselfde uitdagings te staan kom nie. Dit verklaar die groter mate van depressie by groep A, en ook waarom die verskil tussen groepe A en C groter is as tussen groepe B en C.

Met betrekking tot Affeksionele Integrasie toon Groep A die beste telling, gevolg deur groep B, met Groep C die swakste. Die verskil tussen groepe A en C, sowel as tussen groepe B en C is betekenisvol op die 10%-vlak.

Oënskynlik sou 'n mens moontlik dieselfde neiging verwag as by Angs en Depressiewe Neigings waar groep A die swakste is, gevolg deur groep B en groep C die beste aangepas is. Behalwe dat onder Angs ook affeksionele ang mag voorkom, regverdig die huidige resultate geen definitiewe afleidings met betrekking tot die verband tussen Affeksionele Integrasie aan die een kant en Angs en Depressie aan die anderkant nie.

Die resultate van Affeksionele Integrasie stem meer ooreen met dié van Emosionele Wasdom, alhoewel groepe A en B se plekke omgeruil is sodat groep A die beste Affeksionele Integrasie toon en groep B daarop volg, waar dit met Emosionele Wasdom die omgekeerde is. Die verskille tussen groepe A en B met betrekking tot die twee eienskappe is egter baie klein en statisties heeltemal onbeduidend.

Wat dus hier van belang is en aandag verdien, is die feit dat groepe A en B albei betekenisvol verskil van groep C.

Die twee groepe wat in aanraking met die Blanke-beskawing was toon 'n statistiese betekenisvolle verskil van die groep wat baie min met Blankes in

aanraking was. Die rede hiervoor kan moontlik van tweërlei aard wees:

a) 'n Verband tussen Emosionele Wasdom en Affeksionele Integrasie kan gesoek word in dié sin dat invloede op albei van dié faktore min of meer dieselfde uitwerking gehad het. Die elemente van Emosionele Wasdom wat waarskynlik betrokke was by die Blanke-invloede is hul waardesisteen en emosionele beheer, of innerlike kontrole. Soos alreeds gestel, is dit die faktore wat die waarskynlikste geraak sal word deur Blanke waardes, norme en vereistes.

Affeksionele behoefte is egter 'n faktor wat te doen het met intiem menslike verhoudings wat veral betrekking het op die familielewe en huislike agtergrond. ^{x1} Affeksionele integrasie oefen ook 'n beheerfunksie uit deurdát dit dien om 'n persoon sy gedrag so te laat reguleer dat hy die maksimum affeksie van sy medemens kan verkry. Dit val egter sterk te betwyfel of hierdie oorweging enige rol sal speel in Blank-Nie-Blank-verhoudings, aangesien affeksionele integrasie sy oorsprong en ontwikkeling hoofsaaklik in die familieverband het. Enige ooreenkoms tussen Affeksionele Integrasie en Emosionele Wasdom mag dus bloot toevallig wees.

b) Daar moet dus eerder gesoek word na verskille in huislike agtergrond of familieverband tussen groepe A, B en C.

Die swakker Affeksionele Integrasie wat by groep C gevind word, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die Xhosa-vrou die gewone boerderywerk doen soos gesaaides verbou en bewerk, terwyl die mans gejag het (in die dae toe wild nog volop was). Vandag doen die vrou ook nog dié werk, maar in plaas van jag, loop die mans rond en hou bierpartye. ^{x2} Die feit is egter dat die vrouens die meeste werk doen en sodoende baie min tyd en aandag aan hulle kinders kan bestee. Verder is die samestelling van die stam van so 'n aard dat die kind skaars weet wie sy eintlike ouers is. Aan die hoof van die stam staan die kaptein, gevolg deur die hoofde

x1 Klopfer et.al. (1954) pp. 270 -4

x2 Soga, S.H. (1931) p. 383

van families met afnemende mate van status soos die ouderdom afneem. Elke man het gewoonlik 'n hele paar vrouens, ook volgens sy rykdom en belangrikheid, en elke man is heerser oor sy familie en afstammeling, selfs wanneer die seuns self getroud is en 'n familie het. ^{x1} Die kinders van die stam-Bantoe het eintlik baie min regstreekse kontak met hulle ouers aangesien hulle in so 'n groepsverband grootword.

Dit volg dat die Bantoe-kind reeds vroeg in sy lewe, gewoonlik vanaf twee tot drie jaar, of selfs jonger, feitlik uitsluitlik aan die sorg van 'n ouer boetie of sussie toevertrou word. ^{x2} Op hierdie jong leeftyd het die kind nog baie behoefte aan liefde en sekuriteit van die ouers, en dit is baie moontlik dat verwaarlosing op dié stadium ernstige versteurings in die ouer-kind-verhouding kan veroorsaak en dus ipso facto in die affeksionele integrasie.

Die rede waarom groep B 'n beter affeksionele integrasie as groep C toon, is moontlik omdat die vrouens van die plaaswerkers baie selde self ook werk, veral nie wanneer hulle klein kinders het nie. Hierby het die plaaswerker 'n hegte familieband redelik onafhanklik van enige groep.

Die meeste toetslinge uit groep A is egter ook uit die Transkei afkomstig; waaraan is die betekenisvolle verskil tussen hulle en groep C toe te skryf?

Om hierdie vraag te beantwoord moet in aanmerking geneem word dat die studente te Fort Hare 'n uitgesoekte groep is uit die „bevoorregtes“ van die Transkei. Die moontlikheid bestaan dat hulle huislike agtergrond heelwat verskil van dié van die gewone stamwoner. Dit is baie waarskynlik dat hulle moeders nie nodig gehad het om te boer nie omdat hulle mans dit kon bekostig om ander te laat werk. Baie is ook afkomstig uit die meer „verligte“ families waar die stamgewoontes nie meer so slaafs aangehang word nie en Westerse invloede alreeds merkbaar is. Al wat eg-

×1 Soga, S.H. (1931) p. 383

×2 Scapera, I. (1937) p. 96

ter met sekerheid oor affeksionele integrasie gestel kan word, is dat die groepe wat nou in aanraking met die Blanke-beskawing was, betekenisvol verskil van die stam-Bantoe.

Na „Primêre Aanpassing“ is onder „Verdediging“ betekenisvolle verskille gevind slegs met betrekking tot spesifieke Geartikuleerde Vorm en Akkurate Vorm.

Met betrekking tot Spesifieke Geartikuleerde Vorm, word 'n betekenisvolle verskil tussen groepe A en C aangedui, met groep A die beste en groep C die swakste. Groepe A en B verskil baie weinig.

Hierdie eienskap toon in 'n groot mate die effektiwiteit van beheer. Goede spesifieke geartikuleerde vorm is 'n aanduiding van goed gekontroleerde intellektuele funksie.^{x1} Verbrekning van spesifieke geartikuleerde vorm dui op intellektuele disorganisasie onder sterk emosionele druk. Hoe swakker genoemde eienskap is, hoe meer word die ego-funksies oorweldig wat emosie en impulse rig en beheer. Dit verteenwoordig dus tot 'n groot mate selfkontrole.^{x2}

Intellektuele beheer as eienskap van Verdediging is blykbaar min of meer eweveel beïnvloed in groepe A en B, en wel ten goede. Die Blanke-invloed wat op die twee groepe ingewerk het, het albei ten goede beïnvloed.

Soortgelyk aan „Spesifieke Geartikuleerde Vorm“ word in „Akkurate Vorm“ 'n betekenisvolle verskil tussen groepe A en C aangedui. Groep A is die beste, gevolg deur groep B en dan groep C wat die swakste is. Alhoewel dit nie statisties betekenisvol is nie, is die verskil tussen groepe A en B groter as tussen B en C.

Akkurate vorm is hoofsaaklik 'n aanduiding van realiteitstoetsing. As akkurate vorm faal, is realiteitstoetsing duidelik aangetas. Die bereiking van akkurate vorm toon doeltreffende realiteitstoetsing wat 'n stabiele verdedigings- en aanpassingoriëntasie aandui, wat op hul beurt weer kenmerke van ego-sterkte is.^{x3}

Volgens die resultate wil dit voorkom asof die akademiese invloede wat

x1 Klopfer et.al. (1954) p. 334

x2 Shafer, R. (1954) p. 176

x3 Ibid. p. 178

op groep A ingewerk het, duidelik bygedra het om realiteitstoetsing (wat populêr gesproke as objektiwiteit bestempel mag word) duidelik te verbeter. Wetenskaplike siening en metode wat in hulle studie vervat is, het blykbaar deurgewerk tot die persoonlikheid. Realiteitstoetsing as 'n eienskap van Verdediging dra dus positief by tot doeltreffende verdediging in groep A. Groep B se telling is nader aan groep C as aan groep A, dit wil dus voorkom asof realiteitstoetsing wel verbeter het deur die kontak wat in die werksituasie met die Blankes ervaar word, maar dat die invloed nie so duidelik was as wat akademiese opleiding meegebring het nie.

Die tendens wat deur beide bostaande Verdedigingseienskappe naamlik Spesifieke Geartikuleerde Vorm en Akkurate Vorm, geopenbaar word, stem in breë trekke ooreen met dié van Emosionele Wasdom en Affeksionele Integrasie onder Primêre Aanpassing.

Sover dit hierdie twee Verdedigingseienskappe betref, blyk dit dus asof die Blanke-beskawing dieselfde invloed uitoefen as op die belangrikste eienskappe van „Primêre Aanpassing“. In albei gevalle oefen die veranderde omgewing oënskynlik 'n heilsame invloed uit. Geen aanduidings word gevind dat in dié groepe wat die swakste Primêre Aanpassing toon, kompensasie hiervoor plaasvind deur middel van Verdediging nie. Soos die groepstruktuur van die stam blykbaar goeie emosionele wasdom onnodig maak, so is doeltreffende verdedigingsmeganismes ook swakker as in groepe A en B, in elke geval sover dit dié eienskappe aanbetref waar statisties betekenisvolle verskille aangedui word.

Nadat die verskille in die verskillende eienskappe van „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“ verkry is, is daartoe oorgegaan om die korrelasie tussen „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“ van groepe A, B en C te bereken. Die korrelasie kwosiënt, tussen „Primêre Aanpassing“ en „Verdediging“ van groepe A, B en C is as volg:

Groep A:	Volgens Kendall se metode	- .40
	Volgens Spearman se metode	- .50

Groep B:	Volgens Kendall se metode	- .18
	Volgens Spearman se metode	- .14
Groep C:	Volgens Kendall se metode	- .04
	Volgens Spearman se metode	- .00

Alleen by groep A is die korrelasie statistieshoogs betekenisvol op die 1%-vlak. By groepe B en C is dit heeltemal onbeduidend, alhoewel groep B op die oog af effens 'n hoër korrelasie toon as groep C.

Genoemde resultate dui aan dat in groep A 'n redelike mate van ooreenstemming is tussen die uitslag van „Primêre Aanpassing" en „Verdediging," terwyl in groepe B en C geen betekenisvolle verband afgelei kan word nie. Invloede op groep A het beide „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" in dieselfde rigting beïnvloed, terwyl dit nie by groepe B en C die geval was nie. Hierdie resultate is van die grootste belang vir die geldigheid van die proefskrif se opset.

Indien „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" in al drie groepe hoë korrelasies getoon het, sou dit met 'n baie groot mate van sekerheid aanvaar kon word dat die faktore in die bepaling van „Primêre Aanpassing" en vir „Verdediging" eintlik per slot van sake dieselfde eienskappe meet.

Aangesien daar egter geen betekenisvolle korrelasie tussen „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" te vinde is in groepe B en C nie, is dit 'n duidelike bewys dat „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" basies verskillende eienskappe meet en dus wel geldig as twee verskillende aspekte van die Rorschach-toets gebruik kan word. Indien „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" basies dieselfde eienskappe gemeet het, moes 'n hoë korrelasie deurgans in al drie groepe gevind gewees het. Dit is dus heeltemal geregverdig om „Totale Finale Aanpassing" te bepaal deur „Primêre Aanpassing" en „Verdediging" te kombineer. Die uiteindelige resultaat sou waarskynlik nie dieselfde gewees het as slegs „Primêre Aanpassing" geneem was as aanduiding van die drie groepe se aanpassing nie. Aangesien „Verdediging" bykomende inherente eienskappe gemeet het, was Verdediging 'n positiewe bydrae tot „Totale Finale

Aanpassing" wat 'n bykomende verrykende invloed op die uiteindelijke resultate gehad het.

HOOFSTUK XV

GEVOLGTREKKING

„Once we view the human situation concretely and in its integral aspects, what we discern is a highly complex network of relations which, however labelled categorically, do not lend themselves to simple abstractions or to easy manipulation as independent variables.“^{×1}

Dit is die situasie met bykans alle navorsing in die geesteswetenskappe. Vanselfsprekend geld ook vir hierdie tesis dat verskeie faktore in interaksie verkeer en talle faktore anders as aanraking met Westerse beskawing 'n invloed mag uitoefen op die uiteindelijke resultate. As voorbeeld van sulke toepaslike faktore wat almal 'n invloed kon uitoefen en 'n rol kan speel in die verkreë resultate van hierdie tesis, kan slegs gelet word op dié faktore wat onder Hoofstuk I bespreek word as „Beperkende Faktore“. Om egter breedvoerig in te gaan op al sulke faktore en die rol wat hulle vervul is sover dit hierdie ondersoek betref 'n onmoontlike en onpraktiese taak en is dit noodsaaklik om 'n mens te bepaal by sekere afgebakende gebiede terwyl veranderlikes sover moontlik konstant gehou word. Aldus kan byvoorbeeld die groepskeuse op baie ander maniere plaasgevind het as wat wel die geval was, maar vir die doel van hierdie tesis met inagneming van omstandighedsbeperkings is spesifiek besluit op die groepe wat uiteindelik getoets is vir die spesifieke milieu en was dit ook die doel om vas te stel hoe doeltreffend die Rorschachtoets in hierdie milieu van persoonlikheid en aanpassingstoetsing vir die gekose groepe aangewend kan word. Uit die resultaat blyk dit dan ook dat die Rorschachtoets baie duidelike aanpassings- en verdedigingsverskille tussen die drie groepe Bantoes aantoon. Weliswaar is dit nie moontlik om die interne stabiliteit van die toets statisties te bepaal deur middel van 'n tegniek soos byvoorbeeld die Guttman-skaal nie omdat individuele veranderlikes op die verskillende komponente (eienskappe) van die toets te groot is en die onderafhanklikheid te klein is. Nogtans kan die verkreë resultate van hierdie ondersoek tesame met die resultate van ander navorsers op primitiewe volke 'n redelike betroubare aanduiding gee van die geldigheid van die Rorschach vir gebruik vir genoemde doel.

Punt een van die hipotese kan dus bevestig word, nl. dat die toets wel doeltreffend was onder die omstandighede waarin dit vir hierdie ondersoek gebruik was, en dat dit die verskille in persoonlikheid en aanpassing tussen die drie groepe effektief aangedui het.

×1 Klopfer et al (1954) Vol II p. 460.

